

**Die beskuldiging van vrysinnigheid
teen die Nederduitsch Hervormde Kerk:
'n Herinterpretasie van die teologiese diskoers
(1842 - 1894)**

deur

Willem Akkerhuys Dreyer

Ingehandig om te voldoen
aan die vereistes van die graad

MAGISTER THEOLOGIAE

In die Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria

2017

VOORWOORD

Ek wil my groot dankbaarheid erken teenoor 'n paar mense wat my gehelp het met die voltooiing van die skripsie:

Eerstens my vrou, Hanánja, wat my bygestaan het en aangemoedig deur die hele skryf van die skripsie. Baie ure van gesinstyd wat afgestaan is waarvoor ek oneindig dankbaar is.

Tweedens my pa, Dr. Wim Dreyer, wat my van advies bygestaan het en ook sy boeke aan my geleen het en so ook Prof. Dolf Brits.

Derdens wil ek graag my skoonouers bedank wat my ondersteun het en toegelaat het om hulle huis oor te neem en daar ongesteurd te werk.

Vierdens aan die SA Akademie van Wetenskap en Kuns wat 'n beurs aan my toegestaan het wat die studie finansiële moontlik gemaak het.

Laastens, en dan ook die belangrikste die Hemelse Vader wat my die krag gegee het om te volhard en ook die wysheid om die studie sinvol te voltooi.

Soli Deo Gloria

- WA Dreyer

INHOUDSOPGAWE

1. Inleidende Opmerkings	1
1.1. Agtergrond.....	1
1.2. Navorsingsvraag	2
1.3. Navorsingsgaping	2
1.4. Terminologie.....	4
1.5. Metodologie	5
1.6. Tydperk.....	11
1.7. Bronne	11
2. Die teologiese konteks van die 19de eeu	12
2.1. Inleiding	12
2.2. Die teologiese konteks van Nederland.....	12
2.3. Die teologiese konteks van die Kaap	25
2.4. Slot.....	32
3. Die teologiese diskoers en konflik rondom die vestiging van die Hervormde Kerk in Transvaal - 1842	34
3.1. Inleiding	34
3.2. Wye histories agtergrond.....	34
3.3. Ds. Dirk Van der Hoff	40
3.4. Die naam van die Kerk.....	48
3.5. Slot.....	50
4. Die teologiese diskoers tydens die Gesangekwessie en die afskeiding van die Gereformeerde Kerk - 1859.....	52
4.1. Inleiding	52
4.2. Die Gesange-kwessie voor die koms van ds. Dirk Postma	52
4.3. Die Afskeiding onder ds. Dirk Postma	55

4.4.	Pogings tot hereniging	61
4.4.	Die verklaring van 1869	63
4.5.	Slot.....	67
5.	Die teologiese diskoers tydens die vestiging van die Nederduitsch Gereformeerde Kerk in die Transvaal - 1866.....	68
5.1.	Inleiding	68
5.2.	Situasie in Transvaal.....	68
5.3.	Ds. Frans Lion Cachet	72
5.4.	Die verloop van die tweede afskeiding in Transvaal	80
5.5.	Slot.....	93
6.	Die teologiese diskoers tydens die mislukte kerkvereniging van 1885.....	95
6.1.	Inleiding	95
6.2.	Aanloop tot die kerkvereniging	96
6.3.	Die verloop van die kerkvereniging	98
6.4.	Die mislukking van die kerkvereniging	103
6.5.	Goddefroy kontra Bosman	108
6.6.	Slot.....	111
7.	Gevolgtrekkings	113
7.1.	Samevatting van navorsingsresultate	113
7.2.	Gevolgtrekkings	114
7.3.	Moontlikhede van verdere studie.....	117
	Bronnelys.....	119
	Summary	130
	Sleutelwoorde.....	131

VERKLARING VAN OORSPRONKLIKHEID

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Verklaring

1. *Ek, Willem A. Dreyer, verstaan wat plagiaat is en is bewus van die Universiteit se beleid in hierdie verband.*
2. *Ek verklaar dat hierdie skripsie my eie, oorspronklike werk is. Indien ander mense se werk gebruik is (hetsy uit 'n gedrukte bron, die Internet of enige ander bron), is dit behoorlik erken en is daarna verwys in ooreenstemming met die departementele vereistes.*
3. *Ek het nie werk wat voorheen deur 'n ander student of enige ander persoon geskep is, gebruik om dit as my eie in te dien nie.*
4. *Ek het nie en sal nie toelaat dat enigiemand my werk kopieer met die bedoeling om dit as sy/haar eie werk aan te bied nie.*
5. *Die outeur verklaar dat hy voldoen aan die etiese standaarde soos vereis deur die Universiteit van Pretoria.*

HANDTEKENING STUDENT:



HANDTEKENING SUPERVISOR:

HOOFSTUK 1

1. INLEIDENDE OPMERKINGS

1.1. Agtergrond

Die agtergrond van die studie is die kerkskeuring wat in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (hierna: Hervormde Kerk) tussen 2011 en 2013 plaasgevind het. Tydens die gebeure is verskeie ampsdraers van die Kerk¹ asook die dosente aan die Fakulteit Teologie van die Universiteit van Pretoria van vrysinnigheid of teologiese liberalisme beskuldig (sien Dreyer 2014:13). Dit was nie die eerste keer dat ampsdraers van die Hervormde Kerk van vrysinnigheid beskuldig is nie. Reeds in 1855 het die sinodale kommissie van die Kaapse Nederduits Gereformeerde Kerk 'n herderlike skrywe waarin daar staan '*Waakt Waakt uwe Kerk is in gevaar*', onder die gemeentes in Transvaal versprei. In hierdie skrywe word op omslagtige wyse beweer dat ds. Dirk Van der Hoff, die eerste predikant in die Transvaal, vrysinnig is en 'n vreemde leer in die Kerk sou binne dra (Engelbrecht, 1953a:109). Die etiket van vrysinnigheid word dus al van die begin van die Hervormde Kerk se bestaan om haar nek gehang.

Die verskil is dat in die resente geskiedenis is die beskuldiging van vrysinnigheid vanuit eie geledere teen sekere predikante en teoloë van die Hervormde Kerk gerig. Dit het die vraag laat ontstaan: Wat is vrysinnige teologie? Beoefen predikante van die Hervormde Kerk inderdaad 'n meer liberale of vrysinnige teologie as die in ander Afrikaanse kerke? Die resente diskoers oor vrysinnigheid in Hervormde Teologie was die impuls om die verskynsel van

¹ As 'Kerk' met 'n hoofletter gespel word, word daar verwys na die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. As 'kerk' met 'n kleinletter gespel word daar na die universele kerk verwys.

vrysinnigheid histories na te vors. Die onderhawige navorsing val dus binne die bestek van Historiese Teologie, meer spesifiek teologiegeskiedenis.

1.2. Navorsingsvraag

Die Hervormde Kerk is veral in die vroeë periode van haar geskiedenis beskuldig van vrysinnigheid (sien Dreyer 1999b:226-238). Hierdie beskuldiging was veral afkomstig vanuit die geledere van die Kaapse NG Kerk, die Transvaalse NG Kerk asook die Gereformeerde Kerke in die Transvaal (Botha, 1994:257-271). Die vraag is of daar enige teologiese gronde vir die beskuldiging van vrysinnigheid is. Die navorsingsvraag van die studie is dus:

- *Waarom is die Hervormde Kerk tussen 1842 en 1894 van vrysinnigheid beskuldig?*
- *Berus die beskuldigings op gefundeerde teologiese argumente?*

1.3. Navorsingsgaping

Die kwessie van vrysinnigheid in die Hervormde Kerk is al dikwels aangespreek. So vroeg as 1881 het ds. N.J. Van Warmelo dit in 'n huldeblyk aan ds. Dirk Van der Hoff aangespreek. Die bekendste voorbeeld is prof. S.P. Engelbrecht, wat 'n verbete stryder was teen die aantyging dat die Hervormde Kerk vrysinnigheid teologie duld.

Die vraag is dus of daar steeds 'n navorsingsleemte is wat gevul moet word. Dit moet onomwonde positief beantwoord word, aangesien die kwessie van vrysinnigheid in die verlede ideologies, polemies en apologeties beantwoord is met die uitsluitlike doel om die bestaansreg van die Hervormde Kerk te regverdig. Engelbrecht het dikwels spitsvondig en neerhalend gereageer op die uitlatings van

sy mede-historici. 'n Aanhaling van prof. C.H. Rautenbach tydens Engelbrecht se ampsjubileum illustreer die polemiese aard van sy geskiedskrywing:

'Al word beweer dat die enigste les wat die geskiedenis leer is dat die geskiedenis geen les leer nie, en al word vermaan dat die geskiedenis nie eintlik 'n wapen mag wees vir verweer of aanval nie, het dit tog steeds in die geaardheid van die jubilaris gelê om die geskiedenis 'n les te laat leer en om 'n bruikbare geweer te wees vir aanval en verdediging...

(Rautenbach 1961:39)

Hierdie polemiese benadering tot kerkgeskiedskrywing is nie net deur verskeie Hervormde kerkhistorici gevolg nie, maar ook kerkhistorici van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Nederduitse Gereformeerde Kerk (sien Jooste 1958; Scholtz 1956). In werklikheid was die bekgeveg so erg dat F.A. Van Jaarsveld 'n striemende aanval gedoen het op die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedskrywing in sy bekende *Van apologetiek en objektiwiteit in ons kerkgeskiedskrywing* (Van Jaarsveld 1953). Die polemiese benadering was in werklikheid nie net beperk tot kerkgeskiedskrywing nie, maar kenmerkend van alle geskiedskrywing in die eerste helfte van die 20ste eeu (sien Mouton & Van Jaarsveld 2004:167-185).

- *Die navorsingsleemte lê dus nie soseer in die onderwerp nie, maar in die benadering tot kerkgeskiedskrywing. In hierdie navorsing word 'n ekumeniese benadering tot kerkgeskiedskrywing gevolg, in teenstelling met 'n apologeties of polemies benadering. Die studie gaan in die eerste plek oor teologiegeskiedenis en wil die **teologiese argumente** boekstaaf en krities herinterpreteer. Dit is dus meer as blote argivaliese geskiedskrywing, dit is ook revisionisties en hermeneuties van aard. Dit berus op die beskouing dat Historiese Teologie in die eerste plek 'n teologiese dissipline is.*

1.4. Terminologie

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (Hervormde Kerk; NHKA): 'n Bybels-reformatoriese kerk, in 1858 tot staatskerk van die Zuid-Afrikaanse Republiek verklaar en tans een van drie Afrikaanse susterkerke (NGK, GKSA en die NHKA).

Bybels-reformatoriese teologie: Verwys na 'n Protestantse teologie van die Hervormde Kerk waar die Skrif as *norma normans* funksioneer en die Belydenisskrifte as *norma normata*.

Hervormde Teologie: Die teologie van die Hervormde Kerk. Daar gaan in hierdie skripsie deurgaans gebruik gemaak word van die term Hervormde teologie aangesien Bybels-reformatoriese teologie moontlike konfessionele konnotasies het wat te beperkend is.

Konfessionele teologie : Verwys na teologiese denke waar die leer, dogmas en belydenisse van die Kerk besondere hoë waarde geniet (Dreyer, 1999b:226).

Etiese teologie: Verwys na 'n 19de eeuse Nederlandse teologie wat 'n relasionele waarheidsbegrip toon en dus 'n sterk aversie het teenoor dogmatisme of proposisionele teologie (Loader, 1996:581).

Vrysinnige teologie: Verwys na teologiese denke wat die gebruik van die rede, vryheid en ervaring beklemtoon terwyl dit fokus op menslike goedheid en vooruitgang. Verder onderbeklemtoon die teologie die gebruik van dogma en belydenisskrifte (McKim 1996:160; Dreyer, 1999b:226).

In hierdie navorsing gekies om die term 'vrysinnig' te gebruik, alhoewel *Moderne Teologie* en *Liberale Teologie* ook as wissel terme gebruik kan word. Die term 'modern' is byvoorbeeld prominent in ds. Andrew Murray (1868) se lesing '*Het moderne ongeloof*'. 'Vrysinnigheid' is egter 'n meer omvattende begrip, omdat

dit nie net in die Moderne Teologie van die 19e eeu na vore kom nie, maar ook in ander teologiese strominge. Verder word die term 'liberaal' ook vermy, as gevolg van die politieke konnotasies wat dit bevat.

1.5. Metodologie

Die *Faith and Order* dokumente van die Wêreldraad van Kerke maak dit duidelik dat daar alreeds vroeg in die 20ste eeu op internasionale vlak vir 'n meer ekumeniese benadering tot kerkgeskiedskrywing gepleit word (Vischer, 1963:96). Die vraag na 'n meer ekumeniese kerkgeskiedskrywing is myns insiens onontbeerlik. Dit is egter moeilik om daaraan te voldoen, aangesien 'n groep se identiteit altyd in hulle geskiedenis verweef is. Deur te torring met die geskiedenis, kan 'n mens in werklikheid 'n groep se identiteit bedreig. Daarom is dit nodig om ekumeniese geskiedskrywing in 'n gees van openheid, verdraagsaamheid en respek te beoefen (Evans 1996:131). In die verband kan vier beginsels gestel word wat in gedagte gehou moet word om ekumeniese geskiedskrywing moontlik te maak:

1. 'n Ekumeniese kerkgeskiedskrywing erken dat elke generasie die verlede interpreteer in die lig van hul eie belange.
2. 'n Ekumeniese kerkgeskiedenis word geskryf in die gees van berouvolheid, vergifnis en vermy selfregverdiging.
3. 'n Ekumeniese kerkgeskiedskrywing probeer om hul eie voorveronderstellings te erken en te verstaan en poog om hul vooroordele te oorkom.
4. 'n Ekumeniese kerkgeskiedskrywing erken dat geen geskiedskrywing aanspraak kan maak op volledige objektiwiteit en probeer empaties om te gaan met die historiese bronne.

(Edwards, 1992: 31)

In terme van hierdie navorsing impliseer 'n ekumeniese benadering tot kerkgeskiedskrywing dat die objek van studie nie tot die Hervormde Kerk beperk is nie en ook nie polemies van aard is nie. Bronne van die onderskeie kerke sal met openheid en respek behandel word.

Soos in enige historiese navorsing is die navorsingsobjek historiese gebeure, objekte asook die leefwêreld en aktiwiteite van mense wat in die verlede geleef het. Die bron vir historiese navorsing is dokumente wat nagelaat is. Dokumentêre gegewens is al wat die historikus tot sy / haar beskikking het. Met historiese dokumente in die hand staan die historikus voor 'n keuse, om op 'n positivistiese- of 'n hermeneutiese wyse daarmee om te gaan (Little, 2012:s.p.; Dreyer PS, 1974:101-104).

Binne die denkkader van 'n positivistiese benadering tot historiografie is die hoofsaak van die historikus die opsporing en boekstaaf van historiese gegewens. Interpretasie word tot die minimum beperk en dan slegs op 'n kousale wyse toegepas. Hierdie benadering tot die historiografie is meganisties en fokus op objektiewe wetenskaplike geskiedskrywing. Die kritiek op hierdie benadering is dat dit die mens en menslike handeling, norme en waardes reduceer tot empiries- waarneembare aksies of agtergelate bronne. Hierdie benadering tot geskiedskrywing verreken nie die menslike dimensie van geskiedenis nie (Dreyer,1974:102-103).

'n Verdere probleem met hierdie benadering tot die geskiedskrywing is dat daar in die 20ste eeu 'n skeptisisme ontwikkel het of daar werklik sprake kan wees van objektiewe wetenskapsbeoefening. Die wat die moontlikheid van objektiewe wetenskap wel voorstaan beskuldig die skeptici dat hul benadering op subjektivisme en selfs relativisme gaan uitloop (Bernstein, 1983:14).

’n Hermeneutiese benadering tot geskiedskrywing het die vermoë om die polariteit tussen objektiwiteit en subjektiwiteit te ontsnap. Dit gebeur deur die erkenning van die onontsnapbare subjektiwiteit van die mens. Dit beteken dat die rol wat menswees en wêreldbeskouinge speel in die wetenskapsbeoefening aanvaar en erken moet word. Dit beteken verder dat alle motiewe ondersoek sal word. Gaan die wetenskapsbeoefening oor mag, beheer en bevoordeling, of gaan dit eerder oor diens aan die mensdom en die beter verstaan van die werklikheid en menswees? Die klem word as sodanig verskuif vanaf *weet* na *verstaan*. Dit beteken dat daar nie meer gepoog word om tot groter kennis te kom nie, maar eerder tot dieper verstaan. Wetenskaplike arbeid word sigbaar in ’n vry en oop diskoers. Die oop gesprek neem mekaar se wetenskap- en wêreldbeskouinge in ag en probeer verstaan, sodat daar ’n dieper verstaan van mekaar kan poog om subjektief onpartydig te wees en sodoende die handeling van wetenskap kan beoordeel. Dit beteken dat daar nie meer streef na groter sekerheid van wetenskaplike kennis nie, maar eerder na die meer nederige, meer diensbare, dieper menslike verstaan en handeling van wetenskaplike wysheid (sien Bernstein, 1983:17-21).

Teologiegeskiedenis gaan op ’n histories-vergelykende wyse om met die Skrifinterpretasie van teoloë en groeperinge (Labuschagne, 2008:868-869). Onder Skrifinterpretasie moet teologie in die breedste sin verstaan word, aangesien Skrifinterpretasie in die Reformatoriese tradisie die basis van alle teologie vorm. Wat inhoud betref, bestudeer teologiegeskiedenis (1) die lewe, teologiese arbeid en bydrae van individuele teoloë; (2) teologiese denkrigtings, invloede en tendense en (3) teologiese - en leerstellige uitsprake van die kerk (Dreyer, 2015 67-68).

Binne in hierdie verstaan van die teologiegeskiedenis moet daarteen gewaak word dat teologiegeskiedenis nie ontaard in ’n tipe van geskiedenis van die

hermeneutiek nie. Die sosio-politieke omstandighede se invloed op 'n teoloog se Skrifinterpretasie moet altyd in ag geneem word (Stoop 1978:112). Verder moet daar ook gewaak word dat teologiegeskiedenis nie ontaard in 'n geskiedenis van Christelike denke waar die Christen gelowige se gedagtegang as onderafdeling gesien word van die algemene denke van die mens nie (Bromiley 1978:xxiv).

Die vergelykende aard van teologiegeskiedenis bring mee dat 'n hermeneutiese benadering toepaslik is. Die redes hiervoor is eerstens dat vergelyking nie net op 'n objektiewe beskrywing van historiese gebeure kan berus nie. Om werklik vergelykend te wees moet dit moontlik wees om 'n sekere oordeel te fel oor die gebeure onder die loep. Enige waarde-oordeel is onmoontlik in 'n positivistiese benadering, maar is wel moontlik binne 'n hermeneutiese benadering aangesien dit die betrokkenheid van die subjek in die historiografiese proses toelaat. Die hermeneutiese benadering is tweedens geskik as metode vir teologiegeskiedenis omdat dit ruimte maak vir interpretasie. Hermeneutiek is die kuns van interpretasie en aangesien teologiegeskiedenis die vergelyking is van verskillende Skrifinterpretasies is dit onmoontlik om 'n eie interpretasie te vermy. Die kerkhistorikus word opgeneem in die interpretasieproses en funksioneer gevolglik primêr as teoloog, en nie as historikus nie.

Die hermeneutiese benadering bestaan uit drie afdelings naamlik die heuristiese fase, hermeneutiese fase en literêre fase. Heuristiek verwys na enige iets wat verstaan help. Binne die geskiedskrywing verwys dit na die versameling van bronne. Die literêre fase is die neerskryf van die uitslag van die historiese studie. Die hermeneutiese fase is dit wat die hermeneutiese en die positivistiese benaderings skei, aangesien dit in hierdie fase is waar interpretasie plaasvind. Hierdie fase gaan nou verder bespreek word (Dreyer, 1974: 105).

Daar is verskillende denkbewegings in die hermeneutiese fase. Die eerste denkbeweging is dat wanneer 'n fenomeen bestudeer word die fenomeen se

bedoeling in ag moet neem. Dit beteken dat die wordingsgeskiedenis van die fenomeen moet ken sodat die funksie wat die fenomeen gehad het in die historiese situasie (Dreyer, 1974:110).

Die tweede denkbeweging is dat die fenomeen (byvoorbeeld 'n dokument) in hul geheel en in hul besonderhede bestudeer moet word. Dit beteken dat 'n dokument nie op hul eie bestudeer moet word nie, maar geplaas word binne die korpus van die persoon wat die dokument opgestel het (Dreyer, 1974:112).

Die derde denkbeweging is dat die fenomeen aktueel moet word. Wat hiermee bedoel word is dat historiese studie nie net die blote inname en weergee van feite is nie. Historiese studie impliseer die verwerking van dit wat opgeneem word. Dit het 'n eksistensiële effek op die historikus. Die historikus dink in werklikheid saam met die skrywer van 'n dokument. As die fenomeen aktueel word, impliseer dit ook 'n waarde oordeel. Dit is nie 'n veroordeling van die fenomeen nie, maar 'n waardering van die fenomeen (Dreyer, 1974:113).

Die vierde denkbeweging is dat die historikus die vermoë en veronderstelde kennis moet hê om 'n fenomeen te bestudeer. Hierdie vermoë en kennis is nodig sodat die historikus hulself kan instel op die golflengte van die fenomeen. Sonder hierdie voorkennis is dit nie moontlik om gesaghebbende uitsprake te maak oor die fenomeen nie (Dreyer, 1974:114).

Hierdie denkbewegings is nie stappe wat deurgetrap moet word nie, maar bewegings wat aanhoudend in dialoog met mekaar tree. Hierdie dialektiek word gewoonlik die hermeneutiese sirkel genoem. Dit is hierdie sirkel wat die historikus betree (Dreyer, 1974: 117)

In terme van hierdie denkbewegings kan die metode van die skripsie as volg beskryf word:

Die objek van hierdie studie is die beskuldiging van vrysinnigheid wat daar gemaak is teen die Hervormde Kerk tussen 1842 tot 1894. Dit word gedoen deur die bestudering van sekere primêre en sekondêre bronne waarna daar later verder verwys sal word.

Die eerste denkbeweging eis dat die oorspronklike bedoeling van die van enige beskuldiging moet respekteer. Verder moet ook die oorspronklike bedoeling van die handeling of geskrif wat aanleiding gegee het tot die beskuldiging van vrysinnigheid in ag geneem word.

Die tweede denkbeweging vereis dat die beskuldiging van vrysinnigheid nie in isolasie sal beskou nie, maar sal interpreteer in lig van die groter historiese konteks. Ongelukkig is dit altyd so dat daar gapings in die beskikbare kennis sal wees. Daarom is alle aansprake op waarheid slegs voorlopig

Die derde denkbeweging stel dat die interpretasie van die beskuldiging van vrysinnigheid aktueel en op meriete beoordeel word. Hierdie aktualisering sal plaasvind as daar groter begrip en insig kom ten opsigte van die komplekse verlede van die Kerk (waarvan die navorser deel is).

Die vierde denkbeweging stel dat die navorser die nodige voorkennis kort om op 'n verantwoordbare manier die geskifte en uitsprake wat die Hervormde Kerk van vrysinnigheid beskuldig te evalueer.

Deur hierdie denkbewegings skep die hermeneutiese proses die moontlikheid om 'n uiters voorlopige maar steeds verantwoordbare interpretasie van die onderhawige tydperk te doen, met die doel dat dit 'n navorsingsgapings sal vul en bruikbaar sal wees in die Kerk sonder om aggressief afbrekend te wees teenoor enige ander kerkgenootskap.

1.6. Tydperk

Die tydperk onder bespreking is 1842 tot 1894. Dit is die tydperk tussen die vestiging van die Hervormde Kerk in die Transvaal tot en met die afhandeling van die mislukte kerkvereniging. Die rede waarom die tydperk gekies is, is omdat die drie Afrikaanse kerke in die Transvaal in die periode hulle finale vorm aangeneem het. Verder is dit 'n periode waarin die Hervormde Kerk as kerk beskuldig is van vrysinnigheid. Daarna was daar wel beskuldigings van vrysinnigheid, maar dit is veral gerig teen individue soos ds. Ruysch van Dugteren (Engelbrecht, 1953a:370-373) en prof. Albert Geysler (Dreyer, 1999b:233).

1.7. Bronne

Hierdie navorsing maak gebruik van primêre bronne en sekondêre bronne. Die primêre bronne is redelike maklik toeganklik, in die vorm van Gerdener se *Boustowwe*. Die Kerkargief van die Hervormde Kerk is in die proses om na die Erfenisstigting te verskuif, en dit het in die laaste fase van hierdie navorsing toegang tot primêre bronne gestrem. Sekondêre bronne is vrylik beskikbaar aangesien daar omvattend oor die tydperk geskryf is.

HOOFSTUK 2

2. DIE TEOLOGIESE KONTEKS VAN DIE 19DE EEU

2.1. Inleiding

Geen historiese gebeurtenis val uit die lug nie. Alles het 'n aanloop en so ook die beskuldigings van vrysinningheid wat teen die Hervormde Kerk gemaak is. In hierdie hoofstuk word hierdie agtergrond geskets. Dit word beperk tot die teologiese konteks.

Eerstens word die teologiese konteks in Nederland bespreek. Die eerste leraars van die Hervormde Kerk het almal van daar gekom en het so die teologiese invloed vanuit Nederland na die Transvaal gebring. Daarnaas word enkele opmerkings oor die omstandighede in die Kaap gemaak, omdat die Transvaalse gemeentes by geleentheid predikante uit die Kaap beroep het en gebeure in die Kaap steeds 'n effek op die Transvaal gehad het.

2.2. Die teologiese konteks van Nederland

Die Verligting

Die Verligting strek vanaf die middel van die 17de eeu ('n datum wat gereeld gebruik word is 1637 toe René Descartes se *Discours de la Methode* gepubliseer is) tot die Franse Rewolusie van 1789 (Bristow, 2011:s.p.). Dit is 'n tydperk wat gekenmerk word deur dramatiese verandering in wetenskap, politiek, filosofie en godsdiens (Bristow, 2011:s.p.). Alhoewel dit vroeër as die tydperk onder bespreking dateer, is die effek daarvan op die Westerse samelewing en Nederlandse teologie so enorm dat dit nodig is om dit te bespreek.

Immanuel Kant beskryf die Verligting as 'n bevryding en mondigwording van die mens. Die onvolwassenheid van die mens word veroorsaak deur die onvermoë om

sy rede te gebruik sonder die leiding van 'n gesagvolle entiteit. Die Verligting word gekenmerk deur 'n strewe om die mens se rede te verhef as normatiewe waarde in alle menslike handel (Bristow, 2011). Die invloed van die Verligting lê nie slegs daarin dat dit veroorsaak het dat die geloof verander is om te pas by die epistemologie van die Verligting soos in byvoorbeeld die Deïsme nie, maar veral ook daarin dat teologie volgens 'n bepaalde metodologie beoefen word. Die beste voorbeeld hiervan is die gebruik van historiese kritiek in Bybelwetenskappe. Historiese kritiek se doel is om tot die oorspronklike bedoeling van die teks te kom, sonder tradisionele interpretasies of dogmatiese oorwegings (Reventlow, 2010:83-85;89-90.) Die mens se rede het vrye teuels om afleidings te maak oor die teks. Hierdie siening het teorieë soos die van Hermann Reimarus (1694-1789), wat die bo-natuurlike oorsprong van die Christendom ontken het, moontlik gemaak. Historiese kritiek het mettertyd meer aanvaarbaar geword en aanleiding gegee tot die ontwikkeling van die vrysinnige teologie

Die ou-liberalisme

Die Nederlandse teoloë in die 18de eeu reageer eers laat en sonder diepgang op die Verligtingsdenke. Volgens Abels en De Groot hou die Nederlandse teoloë nie by met internasionale ontwikkelinge in hul vakgebiede nie en daar is min belangstelling in die Verligtingsdenke onder gereformeerdes (Abels & de Groot 2006:517). Die stand van sake verander met die vestiging van die Bataafse Republiek in 1795. Nadat die Franse troepe die bevrore riviere van Nederland oorgesteek en Nederland beset het, is die Verligtingsdenke wat die Franse Rewolusie gedryf het ook in Nederland ingevoer. In Nederland was die ruwe ateïsme van Parys nie aanwesig nie, maar het daar eerder 'n klimaat ontstaan waar die geloofswaarhede verdedig kon word met 'n beroep op die rede, sonder dat dit die gesag van die Bybel ondermyn (Rasker 1974:21).

Hierdie teologiese stelsel wat probeer het om die nuwe aansprake van die Verligting te bemiddel met die tradisionele geloofswaarhede het bekend gestaan as 'supranaturalisme'. Haitjema definieer supranaturalisme as “het wel die bovennatuurlike erkent, maar hieraan geen wezenlijke betekenis toekent” (Haitjema 1954:306). Die supranaturalisme is 'n tipiese oorgangsteologie (of bemiddelingsteologie of *Vermittlungstheologie*) wat terugdeins van die konsekwensies van die gebruik van die rasionalisme asook die handhawing van die tradisionele leer (Pont, 1994:165). Knappert vat die belydenis van die oud-liberale uit verskeie bronne saam deur te stel:

Ik aanbid een Wezen, dat door zig zelf bestaat, alles vermag en alles wil met eene oneindige wijsheid. Ik zie de betrekking tusschen dat aanbiddeijk Wezen en den met verstand begunstigde mensch. Het denkbeeld: God beloont en straft is onontbeerlijk voor een redelijk, zedelijk wezen. Deugd is orde en wie haar veracht, maakt zich zelve en anderen ongelukkig. De wetten van den wijzen Jezus bevorderen door hare heilzame strengheid ons waarachtig geluk. Deze geëerde Persoon mag niet worden beledigd, noch te zijnen koste mogen Epicurus of Lycurgus worden opgevijseld.

(Knappert, 1912:164)

Die oud-liberalisme (soos wat teoloë genoem word wat die supranaturalisme aanhang het, sien Haitjema 1954: 20-27; Roessingh 1914: 7-26) word gekenmerk deur hul halfheid. Roessinghe (1914:10) stel “men waagde zich evenmin aan de uiterste Noordpool als aan de verste Zuidpool der theologische denkwijze; men bleef in het midden van het kanaal”, en volgens Rasker “een supranaturalisme met sterk rationalistiese inslag en een rasionalisme dat voor excessen werd behoed deur supranaturalistiese elementen” (Rasker 1974:33). Die oud-liberalisme was nie vrysinnig genoeg vir die moderne teoloë nie en ook nie ortodoks genoeg vir die konfessionele teoloë nie. Daarom dat dit teen die 1850/1860's opgegaan het in

die ander teologiese rigtings. Nietemin het die oud-liberalisme, en daardeur ook die gees van die Verligting, drie van die Nederlandse teologiese fakulteite (Leiden, Utrecht en Groningen) wat opleiding aan predikante van die Nederlandse Hervormde Kerk gebied het, binnegedring². Die oud-liberalisme vorm ook gedeeltelik die agtergrond van die teologiese rigtings wat aan die onderskeie universiteite ontwikkel het en groot invloed sou uitoefen op die teologiese diskoers in Nederland (Haitjema 1954:22; Roessingh, 1914:7).

Die teologie, kerk en die samelewing het nie onaangeraak gebly deur die oplewing van die Verligtingsdenke in Nederland nie. Op teologiese vlak was 'n vroeëre reaksie in die vorm van die Groninger teologie (wat later breedvoerig sal bespreek word). Op kerklike vlak word dit duidelik in die Gesangekwessie en die *quia / quatenus* vraagstuk. Dit word duidelik veral in die gereformeerde afskeiding van 1834. Dit word ook duidelik dit ook in die oplewing van 'n intense kerklike lewe. En op algemene samelewings vlak sien in die vorm van die Réveil (Harinck & Winkeler 2006:622, 629).

Teologie aan die Nederlandse Universiteite

Soos reeds genoem was die supranaturalisme die norm by meeste universiteite in Nederland. Die gees van die Verligting het die Nederlandse teologiese fakulteite tot in die wortels binnegedring. Selfs die bolwerk van regsinnigheid, Utrecht, het iemand soos Hermann Friedrich Kohlbrugge aanvanklik geweier om te promoveer oor sy Christologiese uitleg van Psalm 45, alhoewel hy dit so puik verdedig het dat hy *cum laude* sy graad ontvang het (Rasker, 1974:101).

² In die verband sien veral die geskrifte van H Muntinghe (sedert 1780 hoogleraar te Harderwijk hoogleraar te Groningen vanaf 1813-1822); JH van der Palm (hoogleraar te Leiden vanaf 1806-1833); en J Heringa (hoogleraar te Utrecht vanaf 1792-1835)

Die Groninger teologie was die eerste uitvloeisel van die oud-liberalisme wat 'n besliste rigting ingeslaan het. Dit is ook hoofsaaklik teen hierdie teologie waarteen die grootste teenkanting gerig was deur die konfessionele teoloë.

In 1829 word Petrus Hofstede de Groot (1802-1886) aangestel as hoogleraar in die teologiese fakulteit aan die Ryksuniversiteit van Groningen. In dieselfde jaar word Johan van Oordt (1794-1852) en in 1831 Lodewijk Gerlach Pareau (1800-1866) aangestel. Die aanstelling van Pareau voltooi die oorspronklike driemanskap wat later bekend sou word as die grondlêers van die Groninger teologie. Die energieke groep jong akademici sou vir dekades lank 'n invloedryke rol speel in die lewens van die predikante wat aan die Rijksuniversiteit Groningen opgelei is en hul eenheid as groep was 'n unieke verskynsel in die versplinterde landskap van Nederlandse teologie (Bos 1999:136).

Die Groninger teologie was met min van die gangbare teologie van die ou-liberale supranaturalisme tevrede (Klooster, 2001:17). Dit probeer om 'n nasionale herlewing in Nederlandse teologie te bewerkstellig. Hulle kan tot 'n mate gesien word as die linkervleuel van die Nederlandse Réveil, alhoewel hulle bitterlik aangeval is vanaf die regtervleuel van die Réveil, veral deur Groen van Pinsterer en Da Costa (Haitjema, 1954:27; Klooster, 2001:19).

Die Groninger teologie breek met die oud-liberale teologie deur die klem te plaas op die gemoedslewe. Die Groninger teologie se nadruk op die gemoedslewe het beteken dat hulle geglo het dat die gemoed die setel van die geloof is in sterk teenstelling met die rede wat die setel was by die oud-liberale (de Groot, 2001:40; Rasker 1974:47,53).

Die Groninger teologie (soos wat dit later deur ander benoem is - hulle self het die term '*Evangelisch*' verkies (Klooster,2001:26)) sou bekendheid verwerf in 1833 toe Hofstede de Groot sy bekende *Gedachten over de beschuldiging tegen de leraars der Nederlandsche Hervormde Kerk in deze dagen openlijk ingebracht, dat*

zij hunnen eed breken, door af te wijken van de leer hunner kerk, die zij beloofd hebben te zullen houden publiseer (sien Van den Hout, 2005:65). Op hierdie stadium was Hofstede de Groot en die Groninger teologie nog relatief onbekend, maar met die publikasie van die brosjure het die Groninger teologie die kalklig betree. Die geskrif moet gesien word in die konteks van die *qua* en *quatenus* kwessie. De Groot stel in die geskrif dat predikante “verplicht zijn hun eed (verwysend na die proponentsformule) als ze besworen hebben, ‘enen door menschen vasgesteld leer te houden’ en dan verder ‘dat zulke eene belofte om eene door menschen, bijzonder door de Canones der Dortse Synode, voor altijd vasgestelde Kerkleer te houden, van de Leraren van de kerk nimmer is geëist” (aangehaal vanuit Van den Hout, 2005:66). Hiermee is dit duidelik dat die Groninger teologie vir die *quatenus* opsie kies in verband tot die proponentsformule vraag. Die Groningen was die eerste van die fakulteite wat ’n besliste vrysinnige rigting ingeslaan het. Die vrysinnigheid sou egter by al die universiteite kop uitsteek.

Leiden het met die aanstelling van J.H. Scholten in 1845 en A. Keunen in 1853 al hoe meer vrysinnig geraak (Rasker, 1974:15-120). Scholten het geglo dat die rede die enigste bron van kennis oor God is. Die Bybel is in hierdie benadering slegs die historiese kenbron van die Christelike geloof. Die Bybel bevat geen gesag uit sigself nie. Die Heilige Gees is die waarborg van die boodskap, maar die Heilige Gees en die rede word as gelyk aan mekaar gestel (Loader, 1984:167). Scholten skroom dan ook nie om die histories-kritiese metode te gebruik en tot sy volle konsekwensies te ontwikkel nie. Hy ontwikkel ’n evolusionisties-hermeneutiese model om die ontwikkeling van die Ou Testament te verklaar (Rasker, 1974;119).

In Utrecht was daar C.W. Opzoomer. Hy was wel ’n filosoof, maar het groot invloed uitgeoefen op die teologiese studente aangesien hulle hul propedeuse

(voorstudie in die tale en filosofie) onder hom moes doen. Hy stel dat die mens deur hul rasionaliteit tot kennis van God kan kom. Daar is vir hom geen onderskeid tussen die rede en geloof nie. Hy stel voor dat God nie staan teenoor die natuur nie, maar dat die hele natuur in God is. Dit maak enige bonatuurlike wonderwerke deur God onmoontlik (Van Rinsum, 2006:55). Na 1870 het Utrecht egter meer konfessioneel geword (De Groot, 2001:47)

Ten spyte hiervan, is dit nie moontlik om te stel dat alle Nederlandse teologie vrysinnig was nie, soos dikwels in die Kaap beweer is nie (sien Moorrees, 1937:894). Daar was talle teoloë, hoofsaaklik buite die universitêre sisteem, wat kritiek gelewer het teen die gangbare vrysinnigheid (Haitjema, 1964:181), byvoorbeeld Kohlbrugge en die Etiese teoloog Daniël Chantepie de la Saussaye (Rasker, 1974:101;128).

Die Etiese teologie het verskeie teologiese fakulteite binnegedring. Die Etiese teologie staan regs van die Liberale teologie en links van die Ortodokse teologie. Dit beteken dat dit die kritiese ingesteldheid rondom die Bybelwetenskappe van die Liberale teologie wou behou, maar ook lojaal teenoor die kerk en belydenisskrifte wou bly soos in die Ortodokse teologie. Chantepie de la Saussaye word in 1872 in Groningen aangestel, JH Gunning (jnr.) in 1889 by Leiden en in 1877 JJP Valetton (jnr.) by Utrecht (Loader, 1984:1-2;7-11;176-180). Dit is by hierdie fakulteite waar die Suid-Afrikaanse predikante en latere professore studeer het (sien Brummer, 2016:sp).

Die Gesangekwessie

Die gees van die Verligting kon volgens baie gesien word in die aanvaarding van die *Evangelische Gezangen* (1806). Die Gesangekwessie verwys na die konflik wat daar bestaan het in die Nederlands Hervormde Kerk oor die

ingebruikneming van die *Evangelische Gezangen* in 1807. Alhoewel dit vroeg in die 19de eeu aanvaar is, het die gevolge daarvan deur die hele 19de eeu gespoel. Die nuwe Gesange wou die tradisionele leer van die kerk beaam, en in die voorwoord staan uitdruklik dat die Gesange ooreenkomstig met die Drie Formuliere van Eenheid opgestel is en dat die liedere 'van groot nut zouden kunnen wezen, om de zuiverheid der leer, midden in den stroom van velerlei gevaarlijke nieuwigheden, in onze gemeenten te bewaren' (*Evangelische Gezangen* 1806:Voorwoord). Daar is egter verskeie voorbeelde Gesange in die bundel ingesluit wat getuig van rasionalisme, supranaturalisme en 'n piëtistiese heiligheidstrewe wat die menslike moraal, deug en vroomheid prys (Rasker, 1974:38-39).

Goeie voorbeelde van hierdie tendense in die Gesangebundel van 1806 is die volgende:

Gesang 62: Jezus voorbeeld

1.Heilige Jezus! mij ten leven,
Ter heiligmaking mij gegeven,
Hoe heerlijk zijt G' in heiligheid!
Hemelsch voorbeeld! al de luister
Van Englen heiligheid wordt duister
Bij 't licht van uwe heiligheid:
O Gij! zoo onbesmet,
Gij zijt mijn Hoofd en wet
Heilge Jezus!

O heilig mij....

Gesang 185: Op den dood

7. Uw vreê, bij mijnen laatsten snik,

Bewaar mijn hart en zinnen,

'k Zal dan kloekmoedig allen schrik

En smart des doods verwinnen;

Geef mij, dat ik, met vol verstand,

Mijn' geest beveel in 's Vaders hand,

Uw' troost gevoel' in 't harte.

Dat ik als Gij

In hart en wandel heilig zij.

(Evangelische Gezangen 1806: 131,332)

Alhoewel hierdie Gesange nie vir moderne ore kontroversieel klink nie, het dit groot weersin by baie gewek, veral in Noord-Nederland. Die hardhandige manier waarop die sinode die Gesange op mense afgedwing het en predikante verplig het om ten minste een nuwe gesang in elke erediens op te gee (en die wat geweier het met die tug te dreig), het nie die situasie gehelp nie. Die Gesangekwessie het in werklikheid so 'n groot geskilpunt geword dat die gebruik daarvan die *sjibbolet* van regsinnigheid in die 19de en 20ste eeu geword het (Haitjema 1964:114).

Quia of quatenus?

Verder word die gees van die Verligting duidelik met die *quia / quatenus* stryd. Op 7 Januarie 1816 word die *Algemeen Reglement* van die Nederlandse Hervormde Kerk deur koninklike proklamasie aanvaar. In die reglement word die proponente se ondertekeningformule soos verwoord in die Dordtse Kerkorde, gewysig. Die Dordtse proponentformule soos lui soos volg:

Verklaren oprechtelick...dat wij van hertien ghevoelen ende geloven, dat alle de articulen ende stucken der leere, in dese Confessie ende Catechismo der gereformeerde Nederlandsche Kercken begrepen...in alles met Goodts Woort overeencomen.

Beloven derhalwe...dat wij niet alleen alle dwalingen daertegen strijdende ende namentlickt die in den voors Sijnodo gecondemneert zijn verwerpen, maer ook zullen tegenstaen, wederleggen ende helpen weeren.

Hierteenoor staan die proponentformule van die 1816 Algemeen Reglement:

Wij ondergeschrevenen...verklaren bij deze opregtelijk, dat wij...door leer en wandel, zorgvuldig zullen behartigen: dat wij de leer, welke overeenkomstig Gods heilige Word in de aangenome formulierne van eenigheid der Nederlandse Hervormde Kerk is vervat, ter goeder trouw aanenmen en hartelijk geloven....en dat wij op de bevordering van Godsdienstige kennis, Christelijke zeden, orde en eendragt ons met allen ijver zullen toeleggen...

(aangehaal uit Rasker, 1974:41)

Alhoewel die *quia / quatenus* kwessie gegaan het oor die verstaan van die woord 'overeenkomstig', spreek dit waarvoor die jong proponente hulself moet beywer boekdele. In plaas van die verdediging van die suiwere leer soos by Dordt

het dit in 1816 gegaan oor die verspreiding van Godsdienstige kennis en goeie sedes. Dit het gegaan oor die orde in die samelewing en die Christendom se bydrae om daardie orde te bevorder, alles kernwaardes wat in vrysinnige teologie gehuldig word.

Die konflik oor die proponentsondertekeningsformule het gegaan oor hoe die woord 'ooreenkomstig' verstaan moet word. Die vraag ontstaan of die Formuliere van Eenheid aangeneem word *omdat (quia)* hulle ooreenstem met die Woord of *soverre (quatenus)* hulle met die Woord van God ooreenstem. As 'n *quatenus* standpunt gehuldig word, beteken dit dat elke individu volgens eie oortuiging leerstellings van die kerk kan aanvaar, of nie. Dit lei tot volkome leervryheid. Volgens Rasker dui die afwyking van die ondubbelsinnige standpunt van die kerkorde van Dordt dat die Nederlandse Hervormde Kerk die ruimte wou skep en selfs 'n voorkeur gehad het vir 'n *quatenus* standpunt (Rasker, 1974:42).

Die '*quiatiste*' en die '*quatenusse*' stuur albei kort na die aanvaarding van die Algemene Reglement beskrywingspunte aan die Algemene Kommissie van die sinode om die dubbelsinnigheid uit die weg te ruim. Hierdie stryd word toenemend fel, veral na die 'adresbeweging' deur ds. Dirk Mollenaar begin. Sy brosjure *Adres aan al mijn Hervormde Geloofsgenoten* begin 'n stroom van adresse wat in die pers gepubliseer word vir óf die *quia* óf die *quatenus* standpunt. Die sinode weier egter om die dubbelsinnigheid uit die weg te ruim met die doel om vrede in die Hervormde Kerk te bewaar. Hierdie stryd het nog jare voortgeduur en lei ook tot die Afskeiding van 1834. Dit is nooit werklik opgelos nie. In teendeel: Dit is vererger met die proponentformule van 1888 wat enige sprake van die Drie Formuliere van Eenheid weglaat en stel dat die proponent homself bind 'ooreenkomstig die beginsel en karakter van die Hervormde Kerk hier te lande' (Haitjema. 1964:104-107).

Die Réveil

Die Réveil (Frans vir opwekking) het ontstaan in Franssprekende Switserland en het vinnig versprei na die res van Europa (Pont, 1978:200). Die Réveil is die godsdienstige ekwivalent van die Romantiek. Dit het die klem op die innerlike lewe en heilservaring van die gelowige geplaas, wat 'n tipe geloofsindividualisme veroorsaak het (Haitjema, 1964:119-120; Pont, 1978:200). Die individualisme vertoon sterk ooreenkomste met die Modernisme, maar is anders omdat die klem op die ervaring van die individu geplaas word en nie op die rede nie (Harinck & Winkeler 2006: 629).

Die Réveil in Nederland is grootliks deur die Ortodokse teologie vir hulself toegeëien. Dit het begin met Isaac da Costa se brosjure *Besware tegen de geest der eeuw*. Die brosjure was 'n groot skok want dit het ingedruis teen alles wat in die Verligtingsdenke as vanselfsprekend aanvaar is (De Jong, 1978:313).

Waar die Réveil in meeste Europese lande 'n oproep tot vryheid was, het dit in Nederland gelei tot 'n eenheidsbeweging. Die evangeliese drang van die Réveil is behou, maar sterk beïnvloed deur Ortodokse standpunte. Byvoorbeeld: Groen van Pinsterer (die sogenaamde staatsman van die Réveil) het gestry teen neutrale opvoeding en onderwys in Nederlandse skole (De Jong, 1978:337; Haitjema, 1964:151). In 1842 skryf hy 'n *Adres aan de Algemeene Synode der Nederlandsche Hervormde Kerk over de Formulieren, de Academische Opleiding der predikanten, het Onderwijs en het Kerkbestuur*. In hierdie adres vra die beswaardes dat die sinode dit onomwonde moet stel dat die Heilige Skrif die enigste kenbron en onfeilbare toetssteen van die geloof is; dat hulle die antichristelike leer van die drie hoogleraars van die Groninger teologie as teenstrydig met Skrif en belydenis moet verwerp; dat die Kerk skole moet oprig waar God se lof besing kan word; en dat die kerklike reglemente hersien en 'n Christelike kerktug in leer en lewe gehandhaaf moet word (Malan, 1982:42)

Die Réveil was 'n vernuwende krag in 'n tyd toe die Christelike teologie tot 'n groot mate deur die Verligting lam gelê is en was veral gekant teen die verstarring en middelmatigheid van die Kerk (Van den Berg, 1995:16). Dit het sterk klem gelê op sosiale betrokkenheid en geglo dat 'n volmaakte vrome geloofslewe sosiale betrokkenheid impliseer (Harinck & Winkeler 2006: 632).

Die Afskeiding van 1834

Die Afskeiding van 1834 is uitgevoer deur mense wat in verset gekom het teen die gees van die Verligting soos dit tot uiting gekom het in die Gesange, proponentsformule en die akademiese opleiding van die predikante. Die Réveil-mense wat vroeër genoem is, het egter selde oorgegaan na die Afskeiding, alhoewel hulle dieselfde doel nagestreef het (Harinck & Winkeler, 2006:633). Dit is interessant hoe Rasker se beskrywing van die mense wat aan die 1834 Afskeiding deelgeneem het, ooreenstem met beskrywings van die Doppers in Suid-Afrika en van die Voortrekkers. Rasker beskryf die mense as 'vastklampen aan die stukke der gereformeerde leer' en dat hulle ekstra weerstand bied 'teen nuwe neologiese opvatting en uitleg'. Selfs die boeke wat die gewone mense gelees het wat met die Afskeiding saamgegaan stem ooreen, naamlik Schortinghuis, Smijtegelt en á Brakel (Rasker, 1974:56; vgl Dreyer, 1999a:70).

Die leier van die Afskeiding was Hendrik de Cock. Hy voer 'n fel pennestryd waarvoor hy deur die sinodale bestuur geskors word. Na die herhaalde botsing met die sinodale bestuur gaan De Cock oor tot afskeiding en die kerkraad van Ulrum reik 'n akte van afskeiding uit op 13 Oktober 1834 wat stel dat hulle bewus is van die bederf in die Nederlands Hervormde Kerk as gevolg van die:

...verloochening van de leer onzer vaderen...de verbastering van de bediening der Heilige Sacramenten ...en in het bijna volstreekte verzuim der kerkelijke tucht...

Die gemeente verklaar daarom:

Uit dit alles tezamen genomen is het nu meer als duidelik geworden, dat de Nederlandsche Hervormde Kerk niet de ware, maar de valsche kerk is volgens Gods woord en Art 29 van onze belijdenis.

(aangehaal uit Harinck & Winkeler 2006: 635)

Die Afskeiding veroorsaak soveel beroering dat die owerheid 150 soldate stuur om die vrede te bewaar waarvan 12 by De Cock aan huis gestasioneer is. De Cock is ook tot 3 maande gevangenisstraf gevonniss en 'n boete van 150 gulde (omtrent R50 000) opgelê. Die Afskeiding brei vinnig uit, veral in die noorde van Nederland en teen 1 April 1836 bestaan die Afgeskeide Kerk uit sowat 20 000 lidmate. In Maart 1836 hou die Afgeskeide kerk hul eerste Algemene Kerkvergadering en versoek die owerheid om hul reg om as kerk te funksioneer, te erken. Hulle ontvang ook erkenning, maar as 'n kerkverband word hulle eers in 1870 erken (Rasker, 1974:65-67).

2.3. Die teologiese konteks van die Kaap

Methodisme en herlewing

Twee terme wat dikwels in dieselfde asem gebruik word as daar oor die Kaapse kerk van die 19e eeu gepraat word, is Methodisme en herlewing. Die twee is egter nie gelyk aan mekaar nie, alhoewel die bediening van herlewing dikwels in Metodistiese groepe plaasgevind het. Die Methodisme het ontstaan in die laat 18de eeu as 'n reaksie binne in die Anglikaanse Kerk teen die Verligting. Die Methodisme

is gematigd Arminiaans met die klem op die metode van 'n heilige lewe lei. (Maddox, 2011: 311-312). Herlewing dien dan as versamelnaam vir die verskillende metodes met die spesifieke doel om die kerk te red van een of ander geestelike doodsheid. Die kenmerke van die herlewing is 1) vermanende prediking wat lei tot 2) 'n bekeringoomblik waar 3) die Gees van God op 'n nuwe misterieuse manier die persoon beïnvloed. Daarom was hierdie herlewingsdienste dikwels gekenmerk deur die spreek in tale, genesing van siekes, profesie en visioene (Maskell,2010:1076-1077).

Van der Watt (1980: 16) skets die nood aan herlewing teen die agtergrond van die geestelike doodsheid in die Kaapse kerk. Hy noem dat die indruk van versterkte godsdienstigheid by baie lidmate en die lusteloosheid in die kerklike bedrywighede nie anders kon as om ernstige leraars na die warmte van 'n deurleefde geloof te laat vra nie. Die Metodisme is hoofsaaklik deur Skotse predikante na die Kaap gebring. Ds. W. Robertson kla al so vroeg as 1838 oor die stand van sake in die kerk (Spoelstra, 1963:6-8).

Dit was egter nie net die Skotte wat Metodisme van Engeland na die Kaap oorgedra en herlewing nagestreef het nie, maar ook die Kaapse seuns wat in Nederland tydens hul teologiese studies onder invloed van die Réveil gekom het (Fourie, 1997:26). Soos reeds gesien was die Réveil ook sterk teenstanders van die vrysinnigheid. Die herlewingsbeweging aan die Kaap was dus uit twee bronne gevoed in hul strewe om die kerk se leer suiwer gehou, naamlik die Metodisme en die Réveil.

Daar is groot nadruk gelê op die noodsaaklikheid van die gebedslewe ter voorbereiding van 'n herlewing vir Suid-Afrika. In dié gees en verlange het 'n aantal predikante in 1859 'n skriftelike oproep gerig aan die lidmate getiteld: *Opwekking tot het gebed om de uitstorting van den Heiligen Geest over Zuid-Afrika*. Montagu was die eerste dorp van waar berigte van 'n geestelike oplewing ontvang is. Mense

het begin stroom na die bidure en eredienste, nuwe bidkringe het ontstaan en byna daaglik is gehoor van die Heilige Gees wat met krag werk in baie harte en lewens. Die opwekking sou gaandeweg uitbrei en dit val op dat die beweging geensins tot die dorpe beperk gebly het nie, maar homself ook kragtig betoon het op baie en verafgeleë boereplase (Van der Watt, 1987: 88).

Die herlewing het egter in 'n aantal gemeentes met groter intensiteit plaasgevind sodat geweldige gemoedsaandoeninge aanskou is. So was daar byvoorbeeld in Worcester-gemeente buitensporige gebeure van mense wat byna die hele nag deur gebid het en by nog geleenthede hardop geweet en uitgeroep het. Ander het weer in floute neergeval. Daar is ook die verhaal van ds. GWA van der Lingen wat in 1861 in vervoering geraak het en visioene gesien het (Fourie 1997:21;56).

Die jare 1860—62 was die hoogtepunt van die herlewing. Daarna het die belangstelling en ywer geleidelik begin afneem. In ringverslae word gekla oor die verslapping en vervlakking in die godsdienstige lewe van baie lidmate, alhoewel die geseënde vrugte van die opwekkings in baie gevalle nog waarneembaar was — soos byvoorbeeld in die vorm van veranderde lewens en 'n groter sendingbewussyn (van der Watt, 1987:90-91).

Die herlewing was egter nie sonder sy foute nie. Dit verwerp ook die predeterministiese siening van die uitverkiesingsleer en stel dat almal gered is. Die klem wat geplaas is op onmiddellike bekering by die spesiale eredienste of bidstonde asook die sterk emosionele element, versterk deur die sing van opwekkingsliedere en gevoelsopwekking. Die herlewingsdienste het ook baie van die meer konserwatiewe Kapenaars afgesit, veral onder die Doppergesindes (Brown, 1987:256; Spoelstra, 1963:8;46).

Stryd teen vrysinnigheid

Die konflik tussen die Réveil -en metodistiesgesindes aan die een kant en die vrysinniges aan die ander kant, het deur die hele 19de eeu die Kaapse kerk beïnvloed. Dit het reeds so vroeg as 1837 op die tafel gekom toe die proponentformule in die Kaapse sinode bespreek is. Hier is slegs met 'n skrale meerderheid van 19 teenoor 21 vir die *quia* standpunt gekies (Van der Watt, 1980:29).

Van die vroeë skermutselings is te vinde in 1847 toe die vestiging van 'n teologiese seminarie bespreek is. Die aanvanklike rede vir die oprigting van die teologiese seminarie in Stellenbosch was die hoë koste daaraan verbonde om oorsee te reis om teologiese opleiding te kry. Die behoefte aan 'n eie teologiese opleiding is verder verskerp deur die toenemende verspreiding van die vrysinnigheid aan meeste Europese universiteite (Moorrees, 1937:864).

In 1853 verskerp die stryd toe daar 'n pennestryd ontstaan in die pers. Dr. A.N.E. Changuion, doktor in lettere en ouderling van Kaapstad, was een van die wat gevoel het dat die stig van 'n seminarie ongewens was aangesien dit bekrompe teoloë, half verligte mense en half-beskaafde lede van die samelewing sal voortbring. Changuion en sy geestesgenote het gevoel dat die stigting van die seminarie die kerk sou toemaak vir die nuwe lig van die vrysinnigheid wat sy opgang maak in Europa. Dit is juis dit wat die Kaapse kerk wou keer met die oprigting van 'n eie opleiding (*Gedenkboek van die teologiese seminarie*, 1934:33).

Die stryd tussen regsinnige en vrysinnige predikante het fel gewoed in die pers. Die vrysinniges kry hul eie mondstuk met die oprigting van die *De Onderzoeker*, maar die reeds bestaande *Het Volksblad* ondersteun ook die vrysinnige rigting asook die *De Zuid-Afrikaan*. Die regsinniges rig weer *De Volksvriend* en *de Wekker* op om hulle menings te lig. Daarby het hulle alreeds die *Gereformeerde Kerkbode*, en die kwartaalblad *Elpis* tot hul beskikking gehad. Hulle stig ook die *Christelyke*

boeken vereeniging om regsinnige lektuur onder die kerkvolk te versprei (Conradie,1934:310-311)

Die stryd word aan die vrysinnige kant gevoer deur veral die sogenaamde liberale driemanskap, J.J. Kotze van Darling, S.P. Naude van Queenstown en T.F. Burgers van Hanover (Van der Watt, 1980:30). Hierdie drie het hulself gereeld in die pers uitgelaat en is teengestaan deur gereelde bydraers tot *Elpis*, di. A. Murray (jnr.), John Murray, J.H. Neethling, Klaas Hofmeyr en dr. H.E. Faure (Brown, 1987:41).

Die stryd kom tot sy hoogtepunt met die sinode van 1862 (die sinode is in twee gedeel as gevolg van die Loedolff-saak). Twee amptelike klagte word ingedien, eerstens teen ds. Thomas Francois Burgers asook teen ds. H.C.V. Leibrandt van Victoria-Wes. Die saak teen ds. Leibrandt is egter nie aangehoor deur die sinode omdat daar nie bewyse saam met die klag voorsien is nie. 'n Veel ernstiger saak is die van ds. Burgers, veral aangesien Burgers later staatspresident van die ZAR word (Moorrees, 1936:899,916;941).

Burgers word aangekla dat hy sekere leerstellinge ontken, o.a. die persoonlikheid van die duiwel; die sondeloosheid van Christus se menslike natuur, die opstanding uit die dode, en die voortbestaan van die menslike siel na die dood (Van der Watt, 1980:37). Ds. Burgers het die klag ontken. In hierdie geval kon die klaer ook geen bewyse lewe nie, maar in plaas daarvan dat die saak laat vaar word is besluit om 'n spesiale kommissie op die been te bring om die saak te bespreek. Nadat die Sinode verdaag is weens die Loedolff saak het die kommissie bymekaar gekom. Burgers weier egter om getuienis te lewer voor die kommissie aangesien hy gevoel het dat die kommissie in stryd is met die beginsels van die reg. Toe die Sinode weer bymekaar kom in 1863 dien die verslag van die spesiale kommissie voor die Kommissie van die Algemene Sinode. Op grond van die verslag vind die Kommissie van die Algemene Sinode Burgers onskuldig van die

klag dat hy die opstanding uit die dood ontken en die voortbestaan van die siel na die dood, maar vind hom skuldig aan die ontkenning van 'n persoonlike duiwel en Christus se sondelose bestaan. Burgers is toe geskors en van ampsvoorregte onthef (Moorrees, 1937:917, 955).

Tydens die eerste sitting van die sinode in 1862 is daar 'n derde insident. Tydens die bespreking oor die belydenisskrifte kom daar 'n voorstel dat predikante tydens hulle kategismusprediking nie net slegs 'n uitleg van die vrae en antwoorde moet gee nie, maar dit ook moet verdedig op grond van die Bybel. Ds. Kotze van Darling het egter verklaar dat dit onmoontlik is vir hom om die te doen aangesien hy homself nie kan bring om die 60ste vraag van die Heidelbergse Kategismus (wat stel dat die mens nog steeds tot alle boosheid geneig is) kan verdedig nie. Daar word toe geëis dat ds. Kotze hierdie stelling terug trek. Ds. Kotze weier egter om die woorde terug te trek. Nadat die verdaagde vergadering weer byeengeroep is in 1863 is daar weer van ds. Kotze gevra om die stelling terug te trek wat hy weer geweier het, waarna hy geskors is (Dreyer, 1924:115).

Op hierdie manier word twee van die NG Kerk se predikante geskors weens leerdwaling. Die interessante is dat beide Burgers en Kotze geliefd was in hulle gemeentes. As gevolg van hul skorsing moes die dienste in Darling en Hanover deur die ringspredikante waargeneem word en in beide gemeente is die besoekende predikante geweier om die kansel te bestyg (Moorrees, 1937:938;957). Die gemeentelede, wat die leer van die predikant elke week van die kansel af hoor, het nie gevoel dat hulle predikante gedwaal het nie.

Beide Burgers en Kotze het die NG Kerk gedagvaar om voor die burgerlike hof te verskyn. Die beroep wat albei leraars in hul afsonderlike sake gemaak het is dat die Algemene Sinode nie volgens die kerkorde die hof van eerste instansie is nie in sake wat betrekking het tot predikante nie, maar die ring. Die hof besluit in albei sake dat die Algemene Sinode verkeerdelik opgetree het om die sake nie na

die ringe van Tulbach en Graaf-Reinet te verwys nie en stel die skorsings van Kotze en Burgers ter syde (van der Watt, 1987:37).

Hierdie uitsprake deur die hooggeregshof het vir veel verdere opskudding in die Kaap gesorg. Beide die ringe van Tulbach en Graaf-Reinet moes sitting neem, en toe di. Kotze en Burgers wou sitting neem op die vergaderings was die vergaderings onseker oor wat hulle te doen staan. Sekere lede het gevoel dat die leraars in hul ampte herstel is en sitting kon inneem terwyl ander het weer gevoel dat die burgerlike reg nie die mag het om 'n besluit van die Algemene Sinode onklaar te maak nie. Die Ringsittings is toe verdaag totdat groter klaarheid oor die saak is. Die Sinodale Kommissie het ook in die Burgers-saak besluit om in 1867 te appelleer tot die geheime raad in Engeland, maar die geheime raad beslis ook in Burgers se guns (Moorrees, 1937: 952).

Gedurende hierdie hofsake verskyn daar ook 'n ander speler op die toneel. D.P. Faure was die neef van die bekende en regsinnige Dr. A. Faure, maar tydens sy studies aan Leiden ingeval by die vrysinnige rigting van Scholten en Keunen en veral die Amerikaanse Unitariër Parker. Met sy koms in die Kaap kon hy nie met 'n skoon gewete die *Colloquium Doctum* aflê nie en besluit in 1869 om sy eie kerk in Kaapstad te stig, naamlik die Vrye Protestantse Kerk. Wat baie konflik veroorsaak het is dat Kotze, Burgers en Naude almal in die gemeente gepreek het. Dit het baie laat wonder hoe hierdie predikante steeds kan optree in gereformeerde gemeentes en die Vrye Protestantse Kerk kan ondersteun. Dit het 'n warm pennestryd met veral ds. A. Murray (jnr.) tot gevolg gehad met verskeie lesings wat gehou en gepubliseer is deur albei kante van die geveg (Halle, 2007:328 - 335).

Die laaste stuiptrekkings van die stryd is die pennestryd tussen Kotze en Murray, oor laasgenoemde se verstaan van die uitverkiesingsleer. Ds. Kotze het voorgelou dat Murray afwyk van die kerkelike leer soos wat Murray dit uiteensit in

De Moderne Ongeloof. Dit is ironies aangesien ds. Kotze self die uitverkiesingsleer as 'n onding beskou, tog het hy nie die kans laat verbygaan om een van die stryd vir regsinnigheid voor stok te kry nie. Dit is egter waar dat Murray se interpretasie van die Dordtse leerreëls sterk gebreke toon aangesien sy teologie so sterk deur die Metodisme beïnvloed is wat hul min aan die uitverkiesingsleergesteur het, omdat die klem sterk lê op die vrye wil van die mens. Hierdie geskil het egter op niks uitloop nie aangesien beide partye se interpretasies van die Leerreëls te kort geskiet het en dat hulle eerder dit wou gebruik as 'n stok om die ander te slaan (Pont, 1959:29-38).

Met hierdie pennestryd van Kotze en Murray kom die stryd teen die liberalisme ook tot sy einde in NG Kerk vir nou. Met die stig van die Kweekskool, die verskerping van die proponentsformule en die invoer van die *Colloquium Doctum* is die vrysinniges aan bande gelê. Alhoewel die kerk nooit die vrysinnige predikante uit hul geledere kon verwyder nie, is hulle al hoe meer geïsoleer. Ds. Burgers verlaat in 1872 die Kaap om die Staatspresident van die ZAR te word. Ds. Naude skaar homself by die meerderheid, of ten minste gee nie meer aanstoot nie. Ds. Leibbrandt het bedank uit die gemeente en het die koloniale argivaris geword. Slegs ds. Kotze het tot aan die einde van sy loopbaan in 1892 'n voorstander van die vrysinnigheid gebly. Ds. D.P. Faure se Vrye Protestantse Kerk het in 1897 met sy aftrede in 'n Unitariese gemeente verander (Moorrees, 1937: 1000-1001).

2.4. Slot

Dit is dus duidelik dat 'n groot stryd gewoed het tussen die vrysinnige teologie wat in die gees van die Verligting teologie bedryf het en die konfessionele teologie en die Réveil-gesindes wat probeer het om vas te hou aan die oorgelewerde tradisie en leer van die kerk.

Die vrysinnige gees was alreeds vroeg in die 19de eeu teenwoordig in die Nederlandse kerk en teologie in die vorm van die supranaturalisme. Dit is ook belangrik om te besef dat die denkrigting by al die universiteite aanwesig was, alhoewel sekere universiteite soos Groningen en Leiden dit verder uitgebou het, terwyl Utrecht na 'n meer konfessionele teologie teruggekeer het.

Die vrysinnigheid was ook aanwesig in die Nederlands Hervormde Kerk en kan dit veral gesien word in die *quia / quatenus* stryd. Hierdie vrysinnigheid is oorgedra na die kerk aan die suidpunt van Afrika.

Die Kaap het weens hul nou historiese verbintenis met Nederland al die struwelinge van hul moederkerk ook meegemaak. Die Kaap het ook sy eie geur aan die stryd gegee deur die byvoeging van die Metodisme. Die stryd sal dan sy hoogtepunt bereik met die 1862 sinode.

Hierdie kennis van Nederlandse teologiese konteks is noodsaaklik om te verstaan watter teologie die Nederlandse predikante en proponente die Transvaal binnegedra het. Die Transvaal is dan direk beïnvloed deur die teologiese verwickelinge in die Kaap soos wat in die volgende hoofstukke aangedui word.

HOOFSTUK 3

3. DIE TEOLOGIESE DISKOERS EN KONFLIK RONDOM DIE VESTIGING VAN DIE HERVORMDE KERK IN TRANSVAAL - 1842

3.1. Inleiding

Met die Groot Trek versprei die kerk na meer gebiede in Suidelike-Afrika. In hierdie hoofstuk gaan daar gepoog word om aan te toon hoe die teologiese konteks die diskoers rondom die vestiging van die Hervormde Kerk in Transvaal beïnvloed het.

3.2. Wye historiese agtergrond

In 1834 begin die sogenaamde Groot Trek, 'n volksverhuising waar 15 000 mense van tussen 1834 en 1840 die Kaapkolonie verlaat het (Davenport & Saunders, 2000:52).

Die redes vir die Groot Trek is moeilik om vas te stel, maar die Manifest wat Piet Retief op 22 Februarie 1837 in die *Grahamstown Journal* gepubliseer het, werp genoegsaam lig op die redes vir die emigrasie. Daar verduidelik hy die redes vir die Trek soos volg:

1. Eerstens was die verliese wat die boere tydens die Sesde Grensoorlog van 1834 gely het, aansienlik. Xhosa krygers het strooptogte oor die Visrivier gevoer tot diep in die Kaapkolonie. Daar is 456 boerehuise verbrand, 350 huise gedeeltelik geplunder en 60 waens vernietig. Verder is 5 715 perde, 111 930 grootvee en 161 930 kleinvee geroof.
2. Tweedens was die vrylating van die slawe in 1834 'n groot grief van die Kaapse boere. Alhoewel die boere betaal is vir die slawe wat hulle moes vrylaat, kon jy slegs die geld in persoon in Londen opeis, wat dit natuurlik onmoontlik gemaak het vir almal behalwe die heel rykste mense.

3. Derdens was Kaapse boere aanhoudend onder kritiek van die Engelse regering oor hul hantering van die swart bevolking. Engelse sendelinge wat gewerk het onder die swartes het gerapporteer dat die boere allerlei vergrype gepleeg het. Die regering het dan op grond van hierdie getuienis en sonder om te luister na die getuienis van die boere self wette daar gestel wat die lewe vir hulle baie moeilik gemaak het. Een van die wette het byvoorbeeld vrypas gegee aan die Xhosa en Khoi-San in die kolonie. Hierdie rondlopers het groot skade aangerig deur vee te steel en dit weer oor die grens te dryf. (Davenport & Saunders, 2000:48-52; Cloete, 1856: s.p.; Oberholzer, 1988:9)
4. 'n Vierde rede wat hierby gevoeg kan word is die verengelsing van die Kaap op daardie stadium. In 1801 het die Engelse finaal beheer oor die Kaap verkry. Van toe af is alles in Engels gedoen. Daar is net in Engels skool gehou en daar is ook net Engelse predikante ingevoer vanuit Skotland om kerk te hou. Alle regspleging is ook in Engels gedoen (Davenport & Saunders, 2000:46).

Die Voortrekkers was nooit 'n homogene groep nie. Van vroegs af was daar verskille binne die Trekkergemeenskap, aanvanklik tussen die aanhangers van Piet Retief en Andries Hendrik Potgieter en later tussen Potgieter en Andries Pretorius (Engelbrecht, 1949:119). Dit is dus moeilik om die karakter van die Voortrekkers te bepaal, maar dit is nodig om te peil waar die Voortrekkers teologiese gestaan het. Dreyer (1999a:29; 70) stel dat die vernaamste invloede was die Bybel (dan spesifiek die Ou -Testament met die kommentare daarop in die *Staten Vertaling*); die sg. *oude-schrywers* uit die nadere-reformasie soos Jodocus Lodenstein en Conrad Mel; en die Heidelbergse Kategismus wat vir katekisasie gebruik is. Die Nadere-reformasie het minder klem geplaas op die uitverkiesingsleer en meer op die persoonlike geloofsekerheid en vrome

lewenswandel. Dit het uitgeloop dat huisgodsdienst 'n baie belangrike praktyk was. Die Voortrekkers was byna Puriteins in hulle vrome gebondenheid aan die Bybel.

Dan was daar ook 'n paar gesinne van die sogenaamde Doppers (Spoelstra, 1963:87). Onder hulle tel die Kruger-familie van die latere staatspresident Paul Kruger. Verdere belangrike figure was P. Schutte en P.A. Venter (Spoelstra, 1963:115). Die Doppers was van die Noord-oostelike grensdistrikte afkomstig, veral rondom Graaff-Reinet en Colesberg. Hulle het in vele opsigte ooreengestem met hulle mede Voortrekkers, onder andere hul liefde vir die Bybel, maar daar was tog sommige verskille. Die belangrikste was die swaar klem wat op die uitverkiesingsleer geplaas is. Dit het daartoe gelei dat die Doppers tot 'n meerdere mate bots met die Metodisme van die Skotse predikante in die grensdistrikte en tot 'n mindere mate die ander Voortrekkers wat nie uit die Doppe-kring kom nie. 'n Verdere verskil was die sing van die Gesange. Alhoewel dit nie 'n kwessie was tydens die Trek nie, was daar wel dié wat nie die Gesange gesing het nie (Spoelstra, 1963: 25; 85-90).

Die deelnemers aan die Groot Trek het dus teologies gewissel van piëtistiese aanhangers van die Nadere-reformasie tot die ultra-konserwatiewe Doppers. Van 'n vrysinnige invloed was daar egter min sprake.

Op kerklike gebied het die Groot Trek groot opslae gemaak. Die Buitengewone Sinode van 1837 besluit dat die Groot Trek ongewens is as gevolg van die "religieuse agteruitgang" wat die Voortrekkers gaan ervaar. Die sinode sien dit ook as 'n daad van politieke verset (Strauss 1994: 98). Dit was dus duidelik dat die Kaapse kerk traag was om die Voortrekkers geestelik by te staan en het hulle selfs onder indirekte sensuur geplaas, terwyl die Voortrekkers verskeie pogings aangewend het 'n predikant uit die Kaapkolonie te bekom (Engelbrecht, 1953a: 41).

Waarom wou die Kaapse Kerk nie predikante toelaat om saam met die Voortrekkers te gaan nie? Volgens Strauss (1994: 108) is daar verskeie redes:

- Die Kaapse predikante en veral die Skotse predikante van die ring van Graaf-Reinet, was nie simpatiek teenoor die Trek en die opkomende Afrikaner nasionalisme nie.
- Die Kaapse Kerk was grootliks gebind deur die Britse regering (ten minste tot 1843).
- Die moontlike tekort aan predikante in die Kaap self, alhoewel die tekort bedenklik is (sien ook Engelbrecht, 1953a: 42)

In 1837 steek Piet Retief die Drakensberge oor en in 1839, na verskeie nederlae ten die Zoeloe krygers en die finale oorwinning by Bloedrivier, word die eerste republiek uitgeroep by name Republiek Natalia met Pietermaritzburg as hoofstad. Hierdie republiek was egter van korte duur aangesien Natal in 1842 deur die Britte beset is (Davenport & Saunders, 2000:114).

Dit is ongelukkig, want in Mei van 1843 verkry die Voortrekkers hul eie predikant, ds. P.N. Ham, wat in Mei van 1843 in Port Natal aangekom het. Die Britse bevelhebbende offisier in Port Natal weier egter dat ds. Ham die skip verlaat en die *Brazilië* seil verder noord tot by Delagoabaai waar ds. Ham en sy vrou afklim met die hoop dat hulle die Voortrekkers per land sal kan bereik. Ongelukkig sterf ds. Ham se vrou en kind in Delagoabaai aan die koors en hy is ook baie siek. Hy vertrek dus terug na die Kaap en bereik nooit die Voortrekkers nie (Engelbrecht, 1953a:51)

Eienaardig genoeg verander die Kaapse kerk se siening oor die Voortrekkers in 1843. Party hou vol dat dit was omdat die Voortrekkers nou weer onder Britse gesag was (vgl. Engelbrecht, 1853: 49). Strauss hou weer vol dat dit vanweë die

aanvaarding van Ordinansie 7 van 1843 was (Strauss, 1994: 103). Artikel 3 van Ordinansie 7 bepaal dat die Kerk die alleenreg het om haarself te regeer (alhoewel hierdie stelling ook twyfelagtig is, sien Dreyer, 1999a:60). Dit het tot 'n groot mate verseker dat die politieke druk om die Voortrekkers van 'n predikant te weerhou weg geval het. Van der Watt stel weer voor dat dit die verandering in die samestelling van die Ring van Graaff-Reinet wat die verandering meegebring het met meer Afrikaners wat die poste vul (van der Watt, 1977: 50).

Om watter rede ook al, die Nederduitsch Gereformeerde Kerk (die naam van die Kaapse Kerk na 1843) was later meer gewillig om met die Voortrekkers in verbinding te tree en organiseer en befonds verskeie besoeke van predikante aan die Trekkers.

Die eerste besoek is in 1846 deur ds. W.A. Krige gedoen aan die mense rondom die Rietrivier, wat later Fauresmith sou word. Hy het probeer om die mense in die Transvaal ook te besoek, maar hulle wou hom nie ontvang nie en het 'n predikant uit Holland verwag. Daar vind nogtans, tydens moeilike politieke omstandighede na die anneksasie van die Oranje-Vrystaat in 1848, 'n besoek plaas deur di. A. Murray (sr.) en P.K. Albertyn, wat selfs sover noord as Potchefstroom gaan. Later in 1848 is daar weer 'n besoek gebring deur di. P.E. Faure en W. Robertson (Engelbrecht, 1953a:55; 59-63; Van der Watt, 1977: 50-54).

Na aanleiding van die anneksasie van die Vrystaat in 1848 loop die gemoedere teen die Britte hoog in die Transvaal en daar was nie verdere besoeke nie. Die Voortrekkegemeentes het probeer om op hul eie predikante te beroep, in plaas daarvan dat een gestuur word deur die Kaapse Kerk. Die volgende besoeke vanuit die Kaap vind in 1851 plaas toe ds. A. Murray (jnr.) en sy broer, ds. J. Murray, die Transvaal besoek. Hulle probeer die Transvalers oorhaal om hulself onder die Kaapse kerk te laat ressorteer, maar die Transvalers wou nie instem nie. Daar is weer 'n keer probeer in 1852, toe di. A. Murray (jnr.) en J.H. Neethling die Transvaal

besoek het. Hulle was meer suksesvol in hulle poging (Engelbrecht, 1953a:65, 72).

Dit is 'n ope vraag asof die Voortrekkers beplan het om 'n eie kerk te stig. Strauss betwyfel dit sterk (1994:102) en so ook meeste van die geskiedskrywers vanuit die NG Kerk geleedere (vgl. Gerdener, 1934: 3; Moorrees, 1937:699; Van der Watt 1977:20). Hervormde kerkhistorici het egter volgehou dat die Trekkers hul eie kerk gestig het (Dreyer, 1999a: 60; Engelbrecht, 1948: 9; Pont, 1989: 662; Storm, 1989: 48). Hulle fundeer die standpunt op kerkregtelike gronde, naamlik dat *Ordinansie 7* van 1942 die Kaapse kerk ten nouste aan die Koloniale regering verbind het. Politieke onafhanklikheid sou dus ook kerklike onafhanklikheid impliseer.

Dit is egter spekulاسie om te vra of die Voortrekkers beplan het om hul eie kerk te stig. Dit is egter onteenseglik waar dat die Voortrekkers hulself buite die gesag van die Kaapse koloniale regering en kerk gestel het deur die grense van die kolonie te verlaat soos wat die Loedolff-saak van 1862 in die Kaapse Hooggeregshof bevestig het. *De iure* was die Voortrekkers dus 'n selfstandige kerk, asof hulle so aan hulself gedink het of nie.

Na verskeie mislukte pogings om 'n predikant te kry het die Transvalers gevra in Mei van 1852 vra die Transvaal om deel te word in die Kaapse sinode. Die verstandhouding tussen ds. Neethling en Murray en die Transvalers was dat die kerklike inlywing op geen manier die politieke soewereiniteit van die Transvaal sou beïnvloed nie (Strauss 1994: 111-112).

Die voorwaardes wat ds. Neethling stel vir inlywing is die volgende:

1. Die beroepe leraar sal lid bly van die Kaapse sinode;
2. Die volksraad sal die leraar se traktement verseker;
3. Die leraar sal vry wees van wêreldse gesag;

4. Enige leerdwaling van die leraar sal verwys word na 'n geestelike hof.

(Moorees, 1937:765)

Die Algemene Sinode van die NG Kerk van Oktober 1852 het die aansoek van die kerk in die Transvaal oorweeg en goedgekeur. Volgens Moorrees was die aansluiting van kerk in die Transvaal 'n voldonge feit aangesien dit sou geskied volgens die voorwaardes wat ds. Neethling gestel het (Moorrees, 1937:768). Daarom beskou baie van die ouer NG Kerk historici die stigting van die Hervormde Kerk as 'n kerklike afskeiding. Volgens Engelbrecht aan die ander kant het dit egter voorwaardelik op grond van die aanvaarding van die Transvaalse gemeentes geskied. Die inlywing was volgens hom dus nooit van krag nie (Engelbrecht, 1953a:77).

In iedere geval besluit die Eerste Algemene Kerkvergadering op 8 Augustus 1853 om nie aan te sluit by die Kaapse sinode nie. Die skielike omswaai van die Transvaalse gemeente word deur ds. Neethling aan die koms van ds. Dirk Van der Hoff toegeskryf en noem hom die "bewerker" van die afskeiding (Brown, 1987:53; Strauss 1994: 113).

3.3. Ds. Dirk Van der Hoff

Op 5 November 1852 sit prop Dirk Van der Hoff voet aan wal in Kaapstad. Hy is na die Transvaal beroep deur die bemiddeling van prof. UG Lauts, professor in letterkunde in Nederland. Van der Hoff was op daardie stadium al 12 jaar beroepafwagting en het as klerk in 'n boekwinkel in Nederland gewerk. Hy is in 1814 in Dordrecht gebore en studeer teologie aan Leiden tussen 1833 - 1840 (Engelbrecht, 1953a: 79-80)

Dit is belangrik om te noem dat binne die NG Kerk daar 'n absolute afgrype ontwikkel het teenoor die teologie soos beoefen by die Fakulteit van Leiden.

Byvoorbeeld in een van die uitgawes van *Elpis* waar daar uitgevaar word teen J.H. Scholten en A. Keunen (sien *Elpis II*, 1858:117-123). Die interessante is dat ds. Van der Hoff alreeds afgestudeer het voordat hierdie vrysinnigheid by Leiden veld gewen het. Soos vroeër aangedui was die gangbare teologie by Leiden gekenmerk deur supranaturalisme. Dit was egter nie vreemd aan al die universiteite van Nederland nie (de Groot, 2001:40). In die tydperk wat ds. Van der Hoff student was, is die Groninger teologie met die meeste suspisie bejeën (Rasker, 1974:53). Leiden sou eers later met die aanstelling van Scholten in 1845 en Keunen in 1853 al hoe meer vrysinnig raak (Rasker, 1974: 115-120).

Dit is dus nie moontlik om ds. Van der Hoff met die vrysinnige kwas te verf bloot op grond van die feit dat hy in Leiden studeer het nie. Immers, di. S.P. Naude en T.F. Burgers het aan Utrecht studeer (Brown, 1987:133).

Die Kaapse sinode het opdrag gegee dat Van der Hoff deur die aktuaris van die Sinode, ds. A. Faure, gelegitimeer word. Faure het toe versoek dat Van der Hoff 'n eed van getrouheid aan die Britse regering aflê, maar na aanleiding van advies van Dr. S.P. Heyns weier ds. Van der Hoff. Hy het egter gesukkel om van die Kaap tot in Durban te kom waar die Transvalers hom sou kom haal vanweë die hoë reiskoste. Van der Hoff het desnieteenstaande dit reg gekry om tot in Pietermaritzburg te vorder. Met hulp uit die Transvaal arriveer hy op 27 Mei 1853 in Potchefstroom (Engelbrecht 1953: 81- 83).

Soos reeds genoem besluit die Eerste Algemene Kerkvergadering op 8 Augustus 1853 saam met lede van die Volksraad om nie onder die Kaapse sinode te ressorteer nie. Ds. Van der Hoff was met sy aankoms ten gunste van die inlywing van die Transvaalse gemeentes onder die Kaapse sinode. Hy het egter gou agtergekom dat die meeste Transvalers teen die inlywing gekant was. Daarom het hy gesloer om homself deur ds. A. Murray van Bloemfontein te laat bevestig, soos wat daar met hom gereël is toe hy nog in die Kaap was (Engelbrecht,

1953a:86). Die redes wat gegee word is die feit dat die Kaapse Kerk nie aan die Voortrekkers 'n predikant wou verskaf nie en dat die Transvalers nie onder die reëls en regulasies van die Kaapse owerheid en kerk wou val nie. Ds. Van der Hoff is toe deur Ouderling F.G. Wolmarans bevestig, wat as voorsitter van die Algemene Kerkvergadering opgetree het. Die kwessie van inlywing is weer in November bespreek, toe die Volksraad en die Algemene Kerkvergadering weer saam op Potchefstroom sitting geneem het. By hierdie vergadering was die Lydenburgers aanwesig. Hulle was ten gunste van inlywing, maar die vergadering het die vorige besluit bekragtig (Engelbrecht, 1953a:93-97).

Die redes waarom die besluit om nie onder die Kaapse sinode te ressorteer nie bekragtig is, is moeilik om te bepaal. Engelbrecht hou vol dat ds. Neethling aan die Transvalers 'n ultimatum gestel het en dat hulle afgepers is om die besluit te neem (Engelbrecht, 1953a: 75). Hulle hart was dus nooit in die saak nie. 'n Ander belangrike vrees wat daar was onder die Transvalers was dat daar geen gelykstelling kon wees tussen wit en swart soos in die Kaap nie; en ook die vrees onder sommige van die Transvalers dat dit sou beteken dat die Transvaalse kerk onder Engelse gesag sou staan. Hulle het gevrees dat die Engelse owerheid deur middel van die Kaapse sinode in die Transvaalse kerk en politiek sou inmeng (Moorrees, 1967:775-780). Baie hou ds. Van der Hoff veranderwoordelik vir die skeuring (Brown, 1987:53).

Waarom ds. Van der Hoff dit sou wou doen is moeilik om te verklaar, aangesien hy aanvanklik vir die inlywing gepleit het, volgens die amptelike notules (Engelbrecht, 1953a:93). Dit is belangrik om te noem dat dit die amptelike notule is wat Van der Hoff se standpunt vermeld, en nie die kladnotule wat Van der Hoff tydens die vergadering gehou het nie. G.D. Scholtz insinueer dat Van der Hoff die amptelike notule vervals het "met die oog op die toekoms", dat Van der Hoff nie wou bekend staan as een van die wat die stukrag gegee het om die inlywing nie te laat plaasvind nie (Scholtz, 1956:84-88). Daar is egter twee probleme met hierdie

siening: Eerstens, daar is verskeie ander dokumentêre bewyse wat aandui dat Van der Hoff nie op die stigting van 'n nuwe kerk aangedring het nie (sien Engelbrecht, 1957:21-23 wat breedvoerig Scholtz se aantyging weerspreek). Tweedens, is dit onwaarskynlik dat Van der Hoff spesiaal moeite sou doen om 'n notule te vervals net om homself uit te beeld as 'n ondersteuner van 'n onpopulêre standpunt. Dit ter syde gestel, is die vraag steeds waarom Van der Hoff nie onder die Kaapse sinode sou wou ressorteer nie. Die antwoord wat Scholtz hierop gee, is dat Van der Hoff vrysinnig was en dat hy nie die regsinnige Kaapse kerk in die Transvaal wou toelaat nie (Scholtz, 1956:78).

Gerdener (1934:256-260) en Scholtz maak die afleiding dat ds. Van der Hoff ten gunste van die stig van 'n nuwe kerk was na aanleiding van 'n brief wat ds. Van der Hoff aan prof. U.G. Lauts geskryf het. Hierdie brief stel oor die kweekskool in Stellenbosch:

Die Kweekskool vindt weinig of geen bijval...dit wil ik u voorlopig wel zeggen, dat ik, indien ik enige invloed krijgen mag geen Seminaristen in Transvaal zal trachten krijgen.

(aangehaal uit Gerdener, 1934:262)

'n Mens kan die afleiding maak dat Van der Hoff homself skaar by die vrysinniges wat die oprigting van die Kweekskool teengestaan het. Dit is egter nie so maklik om hierdie reglynige afleiding te maak aangesien daar verskeie konfessionele / regsinnige predikante was wat ook teen die oprigting van die Kweekskool was, onder ander Dr. S.P. Heyns, G.W.A. Van der Lingen en N.J. Hofmeyr (Moorrees, 1937:866-874). Dit is dus nie so maklik om ds. Van der Hoff op grond van sy houding teenoor die kweekskool as vrysinnig te skilder nie.

Die besluit om nie onder die Kaapse sinode te ressorteer nie het groot opskudding veroorsaak, veral onder die Lydenburgers. Hierdie verskille het grootliks gedraai rondom die politieke groeperinge in die Transvaal.

In die Transvaal was daar aanvanklik drie politieke groeperinge. Potchefstroom met Andries Pretorius, Rustenburg met Andries Hendrik Potgieter en die Lydenburgse groepering. Die Potchefstroomse en Rustenburgse groeperinge was eensgesind oor nie-inlywing. Die burgers van Lydenburg was, onder invloed van H.T. Bührmann (’n skoolmeester) en J.A. Smellenkamp (’n handelaar) was ten gunste van die inlywing (Gerdener, 1934:272).

Smellenkamp (wat op 27 Februarie 1854 in Lydenburg aankom) het allerlei gerugte oor Van der Hoff versprei, naamlik dat Van der Hoff om persoonlike redes nie wou hê dat die Transvaalse gemeentes deel word van die Kaapse sinode nie en dat hy nie gelegitimeer is nie, maar eintlik ’n akteur is. Hulle het selfs met sy salaris ’n probleem gehad. Die konflik tussen die twee het tot in die hof gedraai waar Smellenkamp ’n boete van 500rd opgelê en uit die Transvaal verban is (Engelbrecht, 1953a:104-105).

Die twis tussen Van der Hoff en Smellenkamp sou ’n bittere nasleep hê. Op 31 Augustus 1854 het Lydenburg besluit om hulself kerklik los te maak van die ander gemeente in die Transvaal. As rede is aangevoer hulle glo dat Van der Hoff daarvoor verantwoordelik is dat die band met die Kaapse sinode verbreek is. Hierdie saak het by die Volksraadvergadering van 1 Junie 1855 gedraai. Tydens die vergadering die beroep van ’n predikant vir Lydenburg goedgekeur, maar slegs as deel van die Hervormde Kerk. Dit is dus gedoen om die kerkeenheid te beskerm. Die saak moes ook verder ondersoek word en ’n spesiale hooggeregshof is saamgestel uit die vier landdroste en vier heemrade van die Transvaal. Die hof het ook bevind dat die Lydenburgers wederregtelik opgetree het, alhoewel hulle nie hulself daaraan gesteur het nie. Lydenburg het dan finaal in 1857 van die ZAR

afgeskei en het as onafhanklike republiek gefunksioneer tot 1860 (Engelbrecht, 1853:105-108; 113).

Intussen, op 30 Junie 1854, skryf ds. Van der Hoff aan dr. Faure om die erkenning van die onafhanklikheid van die Transvaalse gemeentes te bevestig. Die Kommissie van die Algemene Sinode van die NG Kerk antwoord die brief met 'n herderlike skrywe (hierdie skrywe is afgedruk in *Elpis II* wat in 1858 verskyn) wat veel opspraak maak in die Transvaal. Die Kommissie waarsku die Transvalers teen hul leraars se vrysinnigheid as hulle sê:

Maar wel hebben zij en velen onder ons gevreesd, dat gij bloot stondt voor zulken, die vroeger of later het Evangelie van Christus vervalscht zouden prediken, en, in plaats van licht en orde, duisternis en wanorde onder u verspreiden.

en;

Waakt, dat niet, binnen korteren of bangeren tijd, “ een ander Evangelie” u verkondigd wordt,...

(*Elpis II*, 1858:41-43)

Alhoewel hierdie geskrif nie by name na ds. Van der Hoff verwys nie, is dit ooglopend dat daar na hom verwys word. Dit is 'n baie direkte aanval wat baie duidelik Van der Hoff se regsinnigheid onder verdenking plaas. Die brief maak ook duidelik dat die sinode dit onwaarskynlik ag dat die ouderlinge die nodige toesig sou kon toepas op Van der Hoff (*Elpis II*, 1958:42). Dit is dan ook volgens Engelbrecht (1957:18) die bron vir latere bewerings van vrysinnigheid.

Die Algemene Kerkvergadering van die Hervormde Kerk het vir 'n vierde keer op 26 Desember 1855 byeengekom om die verhouding tussen die Kaapse sinode en die Transvaalse gemeentes te bespreek, asook die herderlike skrywe van die Kaapse sinode te beantwoord. Dit is gepubliseer onder die titel *Eene stem uit*

Mooirivier. In hierdie skrywe bespreek hulle verskeie sake maar veral die opsig en tug wat bespreek word, is belangrik:

Met des Heeren hulp zullen wij dus opzigt over u houden en biddende waken. En al roept men u dan toe (zie Herderlijke Brief van de Synodale Commissie, 1855): *Waakt, waakt, uwe Kerk is in gevaar*; al waarschuwt men u voor valsche leer, die vroeg of laat (hoe voorzigtig uitgedrukt!) onder u mogt insluipen; wij bidden u, weest toch voor de ijdele bedreigingen—als kinderen die zich voor een spook laten bang maken — niet vervaard!

(*Elpis II*, 1958:49)

Die brief gaan dan verder om 'n reeks retoriese vrae te vra oor waarom die ouderlinge nie die opsig taak sal kan toepas nie, aangesien die Voortrekkers die regsinnige leer ongeskonde bewaar het; dat die liturgiese formuliere die taak aan hulle opdra en hulle Bybels die belydenisskrifte afgedruk het (*Elpis II*, 1958:49-50). Dit is dus duidelik dat die vergadering nie getwyfel het in die vermoë van die ouderlinge om die regsinnige leer te beskerm nie.

Waarskynlik gaan daar nooit 'n voldoende antwoord gegee word aan die vraag of ds. Van der Hoff om vrysinnige redes die handhawing van 'n onafhanklike kerk in die Transvaal gesteun het nie. Dit help nie om na die polemiese periode na 1860 te verwys nie, aangesien 20 jaar reeds verloop het. Moderne kerkhistorici word verdeel tussen die wat glo Van der Hoff was vrysinnig en wou daarom vry wees van die Kaapse sinode (Spoelstra, 1915; Du Plessis 1925; Scholtz 1956; Van der Watt 1977) en die wat glo hy was regsinnig en dat hy op aandrang van die Transvaalse burgers die selfstandigheid van die Transvaalse kerk gesteun het (Engelbrecht, 1953; Pont, 1978; Storm, 1989). Dit is egter net 'n voortsetting van die polemieek van die 1860/70's.

Dit is egter onwaarskynlik dat Van der Hoff as vrysinnig kan tipeer (ten minste op hierdie stadium). Daar is onvoldoende eietydse bronne om dit aan te toon. Daar is egter twee wat aandui dat dit meer waarskynlik is dat hy konfessioneel was, een implisiet en een eksplisiet.

Die implisiete bewys is te vinde in die skolewet wat Van der Hoff kort na sy aankoms in 1853 moes skryf. Hierin word gestel (Oliver, 2005:137):

1. Niemand kon dien as skoolmeester tensy dit nie eers deur die plaaslike predikant goedgekeur is nie.
2. Elke dorp kon slegs een skoolmeester hê en die moes goedgekeur word deur die kerkraad.
3. Die kerkraad het beheer gehad oor alle skole en selfs onderwysers wat op plase werk moes 'n eksamen slaag wat deur die plaaslike predikant gestel is.

Vergelyk hierdie beleid met die van T.F. Burgers van 1874 waarin daar geen voorsiening gemaak is vir onderrig vanuit die belydenisskrifte nie (Oliver, 2005:140), dan is dit moeilik om ds. Van der Hoff as vrysinnige beskryf. Hy was immers bewus van die liberale grondwet in Nederland wat die skole organiseer het soos wat Burgers dit wou invoer (De Jong, 1978:337).

Die eksplisiete bron wat stel dat Van der Hof regsinnig was, is die verslag van C. Hiddingh wat hy aan die Amsterdamse Kommissie in 1856 gelewer het. Daarin stel hy:

Ik heb hun aangeraden, den kerkdienst van den Heer Van der Hoff bij te wonen, daar het niet bekend was, dat hij leeringen predikte in strijd met ons geloof in Christus; dat zijne leeringen geheel Evangelisch waren en dat zij daaruit veel nut kon trekken...

(aangehaal in Spoelstra, 1915:183)

Selfs ds. Cachet sê oor hierdie periode, wel veel later in 1882, dat die Transvaal in die vroeë periode nie oor kwessies van die leer verdeel was nie, maar oor kerkbestuur (Cachet, 1882:324).

3.4. Die naam van die Kerk

Die naam van die Hervormde Kerk was eers nie 'n belangrike geskilpunt nie, maar dit verander met die koms van ds. Frans Lion Cachet wat die naam *Hervormd* as vrysinnig wou skilder (Engelbrecht, 1953a:199-201). Die naam 'Hervormde Kerk' word vervolgens bespreek.

In die eerste twee eeue na die Kerkhervorming was die name *Hervormd* of *Gereformeerd* afwisselend gebruik vir die Kerk in Nederland. Die Nederlandse moederkerk het dus nie 'n eienaam gehad nie. Eers in 1795 is die kerk Nederlands Hervormde Kerk genoem. De Mist se kerkorde het ook in lyn met die Nederlandse gebruik die kerk in die Kaap Hervormd genoem (Engelbrecht, 1953: 139 -140).

In 1842 is die naam van die Kaapse kerk amptelik na Gereformeerd verander. Dit is egter opvallend dat kort voor 1842, toe die nuwe kerkorde (Ordinansie 7) nog in die beplanningsfase was, die beplanning was om die naam 'Hervormde Kerk' te gebruik. Die bedoeling was om lidmate van ander reformatoriese kerke aan te moedig om lidmaat van die Kaapse kerk te word. Die naam is egter verander na *Nederduitsch Gereformeerd* om eerstens die Nederlandse (Nederduitse) karakter van die kerk te beklemtoon (Moorrees, 1937: 655). Volgens Dreyer is die naam na aanleiding van die 1837 Afskeiding in Nederland verander en is *Gereformeerd* gekies om die regsinnigheid van die Kaapse Kerk te beklemtoon (Dreyer, 1999a: 62). Volgens 'n brief van ds. Moorrees (wat die verandering van Hervormd na Gereformeerd voorgestel het) wat in 1866 geskryf is (dus 20 jaar na die besluit), is die naam Gereformeerd gekies om die NG Kerk te onderskei van ander

reformatoriese kerke soos die Lutherse Kerk wat ook Hervormde kerke, d.w.s. kinders van die Hervorming, genoem kan word (sien brief in Dreyer 1953:30).

Die Voortrekkers het verskeie name gebesig vir hulle kerk. Prof. Gerrit Besselaar skryf in 1927 dat slegs in die gemeentelike argief van NG Gemeente Pietermaritzburg daar 12 verskillende name vir hul kerk gegee is onder ander 'Duitsch Gereformeed', 'Hollandsch Gereformeed'; 'Hervormd Christelike Kerk', en verskeie ander variasies (Steenekamp, 1953:244).

In die Transvaal is ook beide benaminge gebesig. Die oudste voorbeeld van Hervormd is 'n kollekte lys uit 1841 wat van die Hervormde Kerk praat. Ds. Van der Hoff het deur die bank van 'Gereformeed' gepraat (Scholtz, 1951:18). In 1855 word die konsep grondwet van die ZAR opgestel en in artikels 23 en 25 word van die 'Nederduitsch Hervormde Kerk' gepraat. Hierdie konsep is by verskeie byeenkomste bespreek en finaal goedgekeur in 1856. In 1858 is die grondwet gewysig, maar steeds is daar gepraat van die Nederduitsch Hervormde Kerk. Die rede waarom daar van die spesifieke naam gebruik word is tweeledig. Volgens ds. H.S. Bosman was daar tydens die konsultasie fase van die kerkorde gevra om na amptelike dokumente te kyk soos attestate en Psalm- en Gesangeboeke en daarin het die naam 'Hervormd' verskyn. Die tweede rede is volgens ds. Van Warmelo dat in die opstel van die grondwet daar swak Nederlands probeer vermy is en daarom is op die suiwer Nederlandse woord "Hervormd" besluit (Scholtz, 1956:163). Daar is dus nie 'n doelbewuste keuse van Hervormd teenoor Gereformeed gemaak nie, maar dit het "by toeval" gebeur soos wat ds. Van der Hoff dit gestel het (Van der Hoff, 1871a [1963]:168).

Na die Afskeiding van 1959 onder ds. Dirk Postma word die naam Nederduitsch Hervormd meer gereeld deur ds. Van der Hoff gebruik. Dit was hoofsaaklik om onderskeid te kan tref tussen die twee kerke aangesien ds. Postma se kerk as *Gereformeed* bekend gestaan het (Engelbrecht, 1953a:139-140).

Dit is dus duidelik dat op hierdie stadium van die geskiedenis daar nog geen twis was oor die naam van die kerk nie. Beide is gebruik en na 1859 is Hervormd al hoe meer gebruik en kry die Hervormde Kerk haar naam in die periode.

Die naam van die Hervormde Kerk sou later vir baie jare 'n twispunt bly, nie net by ds. Cachet en tydens die mislukte kerkvereniging nie, maar ook in die 20ste eeu waar daar 'n uitgebreide pennestryd oor die saak was.

3.5. Slot

Die Hervormde Kerk vestig in die Transvaal in 1842, toe die eerste Hervormde gemeente in Potchefstroom gestig is. Die Kerk kry eers werklik beslag na die koms van ds. Dirk Van der Hoff in 1852. As enigste predikant in die Hervormde Kerk was sy regsinnigheid / vrysinnigheid direk gekoppel aan die regsinnigheid / vrysinnigheid van die Hervormde Kerk self.

Die subtile vrae na ds. Van der Hoff se regsinnigheid in die herderlike brief *Waakt Waakt uw kerk is in gevaar* moet verstaan word in die konteks van die stryd teen die vrysinnigheid in die Kaap wat op daardie stadium op dreef gekom het en die hipersensitiwiteit daarvoor in die Kaap. Maar soos wat gesien is het die selfstandigheid van die Hervormde Kerk of die keuse van die naam *Hervormd* nie vanweë enige vrysinnige oorwegings nie. Daar is nie voldoende eietydse bewyse daarvoor nie.

Verder is dit ook nie moontlik om afleidings te maak van ds. Van der Hoff se vrysinnigheid vanuit die feit dat hy te Leiden studeer het nie. Ook nie uit sy afkeur van 'n kweekskool nie. Daar is wel bronne wat getuig van sy regsinnigheid. Die teologiese diskoers oor vrysinnigheid wat intern in die Kaapse kerk op dreef gekom het en op verskeie tugsake uitgeloop het, het na alle waarskynlikheid

bygedra tot die negatiewe beoordeling van Van der Hoff en die selfstandigheid van die Hervormde Kerk in Transvaal.

HOOFSTUK 4

4. DIE TEOLOGIESE DISKOERS TYDENS DIE GESANGEKWESSIE EN DIE AFSKEIDING VAN DIE GEREFORMEERDE KERK - 1859

4.1. Inleiding

Die Hervormde Kerk was die enigste Kerk in die Transvaal tot en met die koms van ds. Dirk Postma. Met die afskeiding van die Gereformeerde Kerk was daar twee reformatoriese kerke wat op dieselfde belydenisgrondslag staan.

In hierdie hoofstuk gaan daar gekyk word na die redes waarom die afskeiding van die Gereformeerde kerk plaasgevind het en dan veral die Gesangekwessie.

4.2. Die Gesange-kwessie voor die koms van ds. Dirk Postma

Die Gesange-kwessie het 'n lang aanloop gehad voor die koms van ds. Dirk Postma in 1858. Die sing van die Evangeliese Gesange is 1814 in die Kaap ingevoer nadat dit in 1807 in Nederland aanvaar is. Aanvanklik was daar nie teenkating teen die sing van die Gesange nie, behalwe in die gemeentes van Cradock en Colesberg. In 1833 vra die gemeente van Cradock aan die Ring van Graaff-Reinet wat om te maak met die wat weier om die Gesange te sing. Die Ring antwoord hulle dat die wat beswaar het teen die sing van die Gesange aangemoedig moet word om dit te sing aangesien dit 'ooreenkomstig Gods Woord' en 'gepas tot die vermeerdering van die kennis en die gevoel' (Jooste, 1959:34). Hierdie stelling 'ooreenkomstig Godswoord' sou ook later baie ontevredenheid veroorsaak.

Die kwessie verskerp in Colesberg toe ds. T. Reid in 1836 predikant daar word. Die kerkraad word gevra om die beswaarde lidmate oor te haal om die Gesange te sing. Een van die beswaardes was SJ Kruger teen wie daar 'n klag gebring is by die Kerkraad. Hierdie klag en al die ander moeilikheid in Colesberg sou ook onder

bespreking kom by die Ring van Graaff-Reinet. Die ring skryf toe 'n herderlike brief wat die beswaardes as skeurmakers beskryf. Dit het veroorsaak dat die wat teen die sing van Gesange was gedink het hulle is onder sensuur geplaas. Hierdie ontevredenheid het aangehou tot 1860 met die koms van ds. Postma en hy die gemeente lei in 'n afskeiding (Spoelstra, 1963:82-84).

Soos reeds genoem (§3.1) het van hierdie mense deel gemaak van die Voortrekker gemeenskap. Alhoewel daar nie 'n "Dopper" party in die Transvaal was nie (net soos wat daar nie 'n Dopper Trek was nie) was daar in die Transvaal mense wat gevoel het oor sake soos die Doppers wat vroeër hetbespreek is. Hulle vestig hulself hoofsaaklik in die Rustenburg en Soutpansberg distrikte. Hulle het reeds vroeg na die koms van ds. Van der Hoff die stryd oor die Gesange aangeknoop (Spoelstra, 1963:114-118).

Die Gesange kwessie kom alreeds in 1853 op die tafel toe S.J. Kruger, diaken van Rustenburg by die eerste Algemene Kerkvergadering, voorgestel het dat die Gesange uit die kerkdienste verwyder moet word. Dit het nie byval gevind by die vergadering nie. Kruger het 'n wysiging voorgestel waar dit aan die gewete oorgelaat word of die persoon die Gesange wil sing. Hierdie wysiging is aanvaar (Gerdener, 1930:210) Die volgende dag het 19 gemeentelede onder leiding van latere Staatspresident Paul Kruger 'n beswaarskrif ingedien oor die sing van die Gesange, maar die vergadering het die besluit van die vorige dag gehandhaaf (Engelbrecht, 1953a:96;142).

Alhoewel Van der Hoff nie streng was oor die sing van die Gesange nie (Cachet, 1909:22) het die Smellenkamp-saak groot skade aan sy reputasie onder sogenaamde "Psalmiste" Transvalers aangerig (Gerdener, 1930:589), 'n verwydering wat later al hoe groter sou word (Jooste, 1959:45).

Of die Psalmiste 'n probleem gehad met ds. Van der Hoff se leer is moeilik om vas te stel. Dar is al verwys na dat hulle 'n probleem gehad het met die manier hoe Van der Hoff die Smellenkamp-saak hanteer het. As Hiddingh se verslag uit 1856 waarna vroeër verwys is lees, dan staan daar dat een van sy grootste sondes was “dat hij geene beslissende taal gebruikte, toen eenigen eenen twistappel opwierpen in het verbannen der Evangelische Gezangen”; d.w.s. dat hy geen besluit een kant toe of die ander kant toe wou maak nie (aangehaal uit Cachet, 1909:24).

Die Vierde Algemene Kerkvergadering van 1855 kan moontlik iets vertel van hoe die anti-Gesange mense gevoel het oor Van der Hoff se leer. Ouderling Stephanus Snyman van Rustenburg het versoek dat die Gesange uit die kerk verwyder moet word en gesê dat as dit nie gebeur nie, 'n kerkskeuring sou dreig. Toe Snyman gevra is wat hy bedoel met skeuring het hy verduidelik dat hy praat van 'n onafhanklike kerk waar ds. Van der Hoff die prediking sal waarneem, maar net nie die Gesange sal sing nie. Volgens Engelbrecht kan hieruit afgelei word dat hulle geen probleem met sy prediking gehad het nie en ook nie met die leer wat Van der Hoff verkondig het nie (Engelbrecht, 1953a:145), alhoewel Spoelstra (1963:136) die interpretasie betwyfel. In ieder geval het die vergadering die besluit van die Eerste Algemene Kerkvergadering gehandhaaf (Engelbrecht, 1953a:145).

Die reeds vroeër aangehaalde *Stem uit Mooirivier* wat by die Vierde Algemene Kerkvergadering uitgereik is het ook die Gesange-kwessie aangeraak. Hierin word gestel dat die vergadering

“hierover niet spreken, want overtuigen kunnen wij die menschen toch niet...”.

Die vergadering gaan dan verder en sê

“Wij weten zeer goed dat de braven en welgezinden onder hen de pogingen verfoeijen, die men zegt dat door sommigen aangewend worden, om eene scheuring in onze kerk te maken, door een predikant te ontbieden die geen gezangen zingt.”

(Elpis II, 1858:54)

Uit al die bovermelde is dit duidelik dat daar reeds voor die koms van ds. Postma spanning bestaan het oor die sing van die Gesange, 'n spanning wat reeds voor die Groot Trek in die Kaapkolonie na vore gekom het. Die spanning so vêr gevorder dat daar gepoog is om buite die kerkraad van Rustenburg in 1856 'n eie predikant te beroep wat nie die Gesange sal sing nie. Ds. Lindley is in September 1856 beroep, maar hy het dit bedank (Gerdener, 1930:626). Hierdie spanning sou bly heers sonder enige uitsluitel tot met die koms van ds. Postma.

4.3. Die Afskeiding onder ds. Dirk Postma

Ds. Dirk Postma is gebore in 1818 te Dokkum, Friesland. Hy is georden as gevolg van sy uitsonderlike gawes en is tot die evangeliebediening toegelaat sonder enige formele studie, behalwe dit wat hy ontvang het onder ds. T.F. De Haan (du Toit, 1970:114). Hy was predikant van die Christelike Afsgekeide Gereformeerde gemeente in Kampen, maar het die gemeente bedank om na die Transvaal te kom. Sy doel was om ondersoek in te stel namens die Afsgekeide Kerk in Nederland na die moontlikheid om betrekkinge aan te knoop met eendersdenkendes in die Transvaal. Hy het vrugbare grond in die anti-Gesange mense van Rustenburg gekry wat die Algemene Kerkvergadering van 1858 aangeraai het om ds. Postma in hul midde te verwelkom (Engelbrecht, 1953a:150-152).

Die Transvalers was bekend met die Christelike Afsgekeie Gereformeerde (CAG) Kerk. Die Psalmiste het gewet dat hulle en die CAG Kerk dieselfde voel oor die Psalms, die Dordtse leer en kerkregering (Spoelstra, 1863:130). Daar is selfs sprake van 'n brief wat ds. Van der Hoff geskryf het aan die CAG Kerk om hulp, maar wat van die brief geword het is onbekend. Die Psalmiste het al hoe meer hul hoop op die CAG Kerk geplaas om aan hulle 'n predikant te voorsien. (Cachet, 1909:23-24).

Die koms van ds. Postma was dus vir die Psalmsingers 'n wonderlike gebeure. Voor sy koms op 30 November 1858 vergader die kerkraad van Rustenburg onder leiding van ds. Van der Hoff. Hier is besluit dat ds. Postma as predikant beroep kan word om die beswaardes tevrede te stel. Daar is dan ook besluit dat die Rustenburgers Postma sal moet besorg vanaf Port Natal (Jooste, 1959:47-48).

'n Baie merkwaardige voorwaarde wat vir die beroep gestel is, is dat die Algemene Kerkvergadering die reg voorbehou om Postma te ondersoek aangaande sy binding aan die belydenisskrifte. Hierdie is 'n baie interessante en belangrike voorwaarde, waaroor Postma bly was (sien Jooste, 1959:49), aangesien dit iets wys van die gevoel van die Hervormde Kerk teenoor die buitelandse kerke. Die ondervraging klink soortgelyk aan die *Colloquium Doctum* wat die NG Kerk in die Kaap in 1862 verag het van inkomende leraars juis om te keer dat vrysinniges nie die kerk kan binnekom nie. Moontlik dui hierdie ondervraging ook iets van hierdie vrees aan en is sprekend van die Hervormde Kerk se standpunt oor vrysinnigheid.

Die ondervraging het toe ook plaasgevind by 8ste Algemene Kerkvergadering gehou op 10 en 11 Januarie 1859. Daar vra ds. Van der Hoff of 'hij in gemoede geloof de leer der kerk, zoals die, overeenkomstig Gods woord, vervat is in de geloofsbelijdenis en Formulieren van eenigheid der kerk;' waarop Postma 'volkomen toestemmend' antwoord (Gerdener, 1930:223).

Postma arriveer op 10 November 1858 in Rustenburg. Op 27 Desember was daar 'n vergadering gehou te Potchefstroom waar Postma aanwesig was. Hier is die sing van die Gesange weereens opgehaal. Die vergadering wou nie afskeid neem van die Gesange nie en daar is besluit dat die predikante vry is om Gesange op te gee en lidmate vry is om dit nie te sing nie. Postma het toe ook homself berus by die besluit (Engelbrecht, 1953a:154-156).

Die Agtste Algemene Kerkvergadering is byeengeroep met die doel om ds. Postma te ontvang. Soos reeds gestel is Postma ondervra oor sy leer en daar is dan verder gehandel oor die Gesange. Ds. Postma het sy oortuiging soos volg uitgestippel:

1. Hy sal 'n kerk wat met innerlike vrede regsinnige Gesange sing, nie veroordeel nie.
2. 'n Kerk wat hul egter hou by Gesange (soos die psalms en die lofsange, Tien Gebooie, Onse Vader, ens.) waarvan die teks in die Bybel staan, is op die veiligste pad.
3. As sommige lidmate gewetensbeswaar het teen Gesange waarvan die teks nie in die Bybel is nie, behoort die ander dit ook nie in die openbare godsdiensoefening te sing nie.
4. As daar egter geen ander uitweg is nie, moet dit aan die predikant oorgelaat word om volgens sy gewete in die beste belang van die gemeente te handel. Oor hierdie saak moet daar geen verdeeldheid of skeuring plaasvind nie.

(Spoelstra, :1980: 80)

Ds. Van der Hoff het versoenend gestel dat enige predikant van CAG Kerk vry is om eredienste te lei en om nie die Gesange te sing nie. Dit het nie byval geniet by die res van die vergadering nie. Daar is toe besluit dat die gebruik van die Evangelies Gesange verpligtend sal wees in die eredienste (Jooste, 1959:53-54).

Postma kon homself nie hiermee vereenselwig nie en dit so aan die vergadering meegedeel. Op hierdie dag het die Afskeiding van die Gereformeerde Kerk gebeur toe 15 lidmate bedank as lidmate van die Hervormde Kerk en hulself as Vrye Gereformeerde Kerk georganiseer. Die Gereformeerde Afskeiding in die Transvaal het met groot vrede plaasgevind, in vergelyke met die Afskeiding in Nederland. Met die eerste openbare godsdiensoefening op 10 Februarie 1859 van die Afskeidenes was ds. Van der Hoff nog gewillig dat hulle die kerkgebou in Rustenburg gebruik en selfs dat ds. Postma in die pastorie oornag. Die kerkraad was egter nie so gewillig nie en toe is dit onder 'n seringboom gehou. Daarmee was die afskeiding 'n voldonge feit (Engelbrecht, 1953a:158-159).

Volgens Spoelstra is die Gesange nie die enigste kwessie wat gelei het tot die afskeiding van die Gereformeerde Kerk nie. Ander griewe het veral gelê op kerkregeringsvlak. Ds. Van der Hoff het met heerssug opgetree veral in verband met die konflik in Lydenburg (sien ook Moorrees, 1937:784-794). 'n Verdere probleem was die vestiging van die Hervormde Kerk as staatskerk en die onafhanklikheid van die plaaslike gemeente. Die sogenaamde oorheersing van die meerdere oor die mindere of die feit dat 'n Algemene Kerkvergadering 'n besluit kan neem wat nie ondersteun word deur die meerderheid lidmate van 'n spesifieke gemeente nie. Spoelstra was van mening dat Van der Hoff vir Postma 'n "slagyster" gestel het deur hom te laat praat oor die Gesange en nie oor die verhouding tussen kerk en staat nie en dat Postma nie vir Van der Hoff se slim diplomاسie geval het nie. Van der Hoff se motief (volgens Postma) was om te keer dat die Christelike Afskeide Kerk nie die Hervormde Kerk met leraars kon vul wat Van der Hoff, as enigste predikant afkomstig uit die Nederlandse Hervormde Kerk, kon opponeer nie (Spoelstra, 1963:124;131;139-140).

Die afskeiding het volgens Spoelstra minder gegaan oor die Gesange of leerstellige kwessie as oor die botsing tussen kerkregeringstelsels, naamlik die kollegiale stelsel en die kongregasionalistiese stelsel. Die Gesange is volgens

Spoelstra as verskoning gebruik om leraars van die Christelike Afsgekeide Gemeente uit die Transvaal te hou.

Hierdie interpretasie van die gebeure soos deur Spoelstra verwoord is egter nie sonder probleme nie. Dit is onwaarskynlik dat Postma gevoel het dat Van der Hoff hom probeer om die bos lei het aangesien hy in 1870, 11 jaar na die gebeure skryf in sy *Geprovoeerde Herinneringe*:

Aan Ds. Van der Hoff echter blijf ik altijd dankbaar voor zijne vriendelijkheid, waarmede hij mij persoonlijk heeft behandeld, alsmede aan zijne echtgenoot, en met genoegen vermeld ik dit publiek alsmede geef ik ZWEerw. heden nog gaarne getuigenis, dat hij mij in mijne betrekking als Afgevaardigde van onze kerk met alle respect heeft behandeld en zijne beginselen voor mij niet heeft verborgen.

(Postma, 1870 [1963]:137).

Dit is hoogs onwaarskynlik dat Postma na 11 jaar steeds so oor Van der Hoff sou geskryf het as hy gevoel het dat Van der Hoff geveinsd was.

Die interessante is dat in terme van leer die Hervormde Kerk blykbaar naby aan die Christelike Afsgekeide Gemeentes gestaan het. In 'n brief wat die Algemene Kerkvergadering aan ds. Postma na afloop van die Agtste Algemene Kerkvergadering gerig het, stel die vergadering 'n ope uitnodiging aan die leraars van die Christelike Afsgekeide Gemeentes om in die Transvaal te kom werk solank hulle Gesange sing. Die leerstellige standpunte van die Afsgekeide Gemeentes was aan die Hervormers bekend. Hulle kon dus nie 'n probleem gehad het met die gereformeerde leer van die Afsgekeide Gemeentes nie (Engelbrecht, 1953a:157).

Dit is moontlik dat daar tydens die stigting van die Gereformeerde Kerke in Transvaal tog spanning oor die leer van die kerk ontstaan het. Daar staan

byvoorbeeld in die verklaring van die 15 afgeskeie lidmate wat by die Agtste Algemene Kerkvergadering gedien het, dat 'Zij betuigen de Vergadering echter...dat wij nog eens allen één worden, zoowel in dienst als in *leer*'. Die vergadering antwoord toe vir hulle met die volgende brief waarin daar staan: 'Hoe bedroevend uwe stap ons ook voorkome...Wij vereenigen zelf van onze zijde ons met u in de bede dat de tijd nog eenmaal komen moge, wij nog eens allen één worden zoo in dienst als in *leer*' [eie kursivering -WAD] (Gerdener, 1930:226-227). Daar is dus sprake van leerverskille. Dit is egter baie moeilik om die verskille aan te toon. Dit is ook moontlik dat leerverskille eers op die tafel gekom het omdat daar sprake van kerkskeuring was iets wat slegs op grond van leerstellige beginsels regverdigbaar is.

Alhoewel kerkregering en die suiwer leer belangrike aspekte van die diskoers was, het almal oor die sing van Gesange gepraat. Ds. Postma stel (volgens ds. Hofmeyr) "dat der Evangelische Gezangen nimmer als voldoende reden tot afscheiding voor de leden onzer Kerk te zullen beschouwen" (Hofmeyr, 1870 [1963]:108). Die vraag is dan waarom die Gesange so ernstige saak was vir die wat teen hulle gekant was. Die beste antwoord op hierdie vraag is te vinde in die herderlike brief van die ring van Graaff-Reinet in 1841 geskryf is. Alhoewel hierdie brief heelwat vroeër geskryf is, is dit redelik om te aanvaar dat baie van hierdie besware wat hierin genoem word steeds van toepassing was in 1859. Die besware teen die Gesange is soos volg:

1. Hulle bevat 'n nuwe Evangelie wat lank na Openbaring geskryf is;
2. Hulle is nie kanoniek nie, omdat hulle nie in die Bybel voorkom nie;
3. Hulle is deur mense opgestel en dus kan hulle mense in die verderf in lei;
4. Daar is nie aanwysinge dat hulle uit die Heilige Skrif geneem is nie;
5. Hulle is onnodig, want die wet van die Here is volmaak.

(Jooste, 1959:38-39)

Dit is duidelik dat die sing van Gesange vir die mense 'n ernstige knelpunt was omdat dit ingedruis het teen die ortodokse gereformeerde lewensbeskouing wat die absolute verdorwenheid van die mens en die oppergesag van die Skrif beklemtoon. Die Gesange kwessie is ten diepste 'n botsing tussen lewensbeskouing, maar het ook leerstellige implikasies (Spoelstra, 1980:66;72).

4.4. Pogings tot hereniging

Op 26 April 1859 is die negende Algemene Kerkvergadering byeengeroep op aandrang van die regering om die Afskeiding ongedaan te maak en die twee kerke te herenig. Die vraag wat die regering aan die vergadering gestel het was of die nuwe afgeskeide kerk voldoen aan die vereistes van Artikel 20 van die ZAR Grondwet wat stel:

Het volk wil zijne Nederduitsch Hervormde Godsdienstleer, zooals deze in de jaren 1618 en 1619, door de Synode te Dordrecht is vastgesteld, in hare grondbeginselen blijven behouden, en de Nederduitsch Hervormde kerk, zal de kerk van den staat zijn.

(Gerdener, 1930:228)

Verder het die regering gevra dat as daar bevind word dat die nuwe kerk voldoen aan Artikel 20, of daar nie herenig kan word nie. Die vergadering het toe gevind dat die afgeskeide kerk ooreenstem met die Hervormde Kerk in terme van leer. Dit was dus nie noodsaaklik dat hierdie twee kerke skei nie. Die vergadering het toe gehandel oor die herenigingsvoorwaardes en weereens oor die sing van die Gesange. Tydens die vergadering het verskeie persone beklemtoon dat die afskeiding oor die Gesange en die manier hoe dit afgedwing word gegaan het en nie oor enige leerdwaling nie. Een van hierdie persone was Paul Kruger wat gesê het "dat hij tegen afscheiding was...hoe ziekelijk de Kerk ook zij" Later vra ds. Van der Hoff hom wat hy met "ziekelijk" bedoel en Kruger antwoord: "De heer Kruger

bedoelt het twisten en kijden onder de menschen in kerkelijke zaken. De een zegt de Gezangen, en de andere zegt neen. Sommigen zijn voor de Synode, andere weer tegen” (Gerdener, 1930:244).

Dit is dus duidelik dat die afskeiding nie oor leerstellige redes gegaan het. Die vorige voorstel van ds. Van der Hoff by die vergadering te Pretoria is toe weer gestel, naamlik dat elke leraar vry is om volgens hulle gewete die Evangeliese Gesange te sing of nie. As ds. Postma dit kon aanvaar sou hy bevestig word as die Predikant van die Hervormde gemeente van Rustenburg en al sy dopelinge en aangenome lidmate sal in die gemeente registers opgeskryf word (Engelbrecht, 1995: 161).

Van die herenigingspoging het daar niks gekom nie. In Augustus het die afgeskeide gemeente hul eie Algemene Kerkvergadering gehou en daar is weer gestel dat hereniging slegs kan plaasvind as die Gesange totaal afgeskaf word en die Dordtse Kerkorde ingevoer word. 'n Verdere voorwaarde wat gestel is was dat ds. Van der Hoff verskeie stellings wat hy in die pers gemaak het moet herroep. Hierdie stellings van Van der Hoff sê iets van die verskille tussen die Hervormers en die Gereformeerdes in die Transvaal.

In drie artikels in die *Staats Courant* skryf ds. Van der Hoff tussen 14 en 25 Februarie 1859 baie skerp oor die afskeiding. Hy haal Artikel 20 van die Grondwet aan en vra watter verskil daar bestaan tussen die twee kerke. Hy antwoord sy eie vraag as volg:

“Welke de punten van verschil zyn enz.”...dient in antwoord dat... Nemen zy echter, zooals zy schryven, de leer, tucht en dienst der geref. Kerk, volgens de Dordtsehe Synode aan, dan is er geen ander verschil, volgens ons oordeel dan dit, dat zy die zich afgescheiden hebben, *slaafs* volgen het *letterlijk* bevel der Dordtshe Vaderen, door

geen evangeliese gezangen in die kerk toe te laten—en wy in den geest en naar de *grondbeginselen* der Dordtse Vaderen handelen, door Evangeliese gezangen aan te nemen. Eenig ander verschil gelooven wy niet dat er bestaat...

(kursivering soos in Gerdener, 1930:650)

Van der Hoff herhaal die stelling oor die slaafse navolging Dordt in al die artikels. Hier is alreeds die bekende manier van praat oor die kerk en die belydenisskrifte in die Hervormde Kerk, naamlik dat die Hervormde Kerk 'n belydende kerk wil wees, nie 'n belydenis kerk nie (Koekemoer, 1999:138). Dit is te verstane dat Van der Hoff se kritiek oor die slaafse navolging van die Dordtse Kerkorde die Gereformeerde aanstoot sou gee.

Die Tiende Algemene Kerkvergadering het op 13 September 1859 vergader en weer oor die afskeiding gehandel. Op grond van die antwoord wat ontvang is van die Gereformeerde Kerk besluit die AKV om self geen verdere aksie te neem nie. Aan die owerheid is gesê dat hulle bereid is om aan enige stappe deel te neem wat die owerheid sou voorstel. Op versoek van die owerheid was daar toe ook verdere samesprekings, maar die het tot niks gelei nie. Die Elfde Algemene Kerkvergadering wat in September 1861 plaasgevind het, het ook met ds. Postma samesprekings gehou. Ook hiervan het niks gekom nie (Jooste, 1959:71-73).

4.4. Die verklaring van 1869

Op 22 Mei 1869 stel die Gereformeerde Kerk by hul Vierde Algemene Kerkvergadering 'n openbare verklaring op wat soos volg lui:

“In de Zuid-Afrikaanse Republiek zich afgescheiden te hebben van de Ned. Herv. Kerk, omdat die Kerk weigerde Gereformerd te zijn en alzo ons buiten de gelegenheid stelde, de aangeboden hulp uit de Chr. Afgescheidene Geref. Kerk in Nederland te genieten.... Wij zijn

dus uitgetreden uit die bedorven kerkgemeenskap, die ons bleek de valse Kerk te zijn, om de aangebodene Gereformeerde hulp op gereformeerde, dat is op Bijbelse grondslagen te kunnen genieten”.

Daar word dan later gestel dat hulle uit die NG Kerk getreë het omdat

“De N.G. Kerk vast besloten had om één te zijn en te blijven met de Herv. Kerk van Nederland, die wij houden voor de valse Kerk “Dus was er voor ons, na zoveel jaren worstelens, geen andere keuze dan eenvoudig te bedanken voor de kerkelike gemeenskap van de Ned. Ger. Kerk in Zuid- Afrika, en ons te voegen bij de Gereformeerde Kerk in de Z.A. Republiek.

(aangehaal uit du Plessis, 1925:114)

Dit alles moet gesien word teen die agtergrond van Artikels 27 – 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Hier staan dat almal verplig is om af te skei van die valse kerk en aan te sluit by die ware kerk. Die kenmerke van die valse kerk is dan as volg:

1. Dit skryf aan homself en sy besluite meer mag en gesag toe as aan die Woord van God; dit wil homself nie aan die juk van Christus onderwerp nie;
2. Dit bedien die sakramente nie soos Christus dit in sy Woord beveel het nie, maar neem weg en voeg by na eie goeddunke;
3. Dit vertrou meer op mense as op Christus;
4. Dit vervolg hulle wat volgens die Woord van God heilig lewe en wat die valse kerk oor sy euwels, gierigheid en afgodery bestraf.

Met hierdie verklaring het alle pogings tot hereniging met die Hervormde Kerk of die NG Kerk onmoontlik geword. Dit is egter moeilik om te verstaan waarom hierdie verklaring eers in 1869 uitgereik, 10 jaar na die afskeiding in 1859. As die

Hervormde Kerk in werklikheid so 'n bedorwe gemeenskap en die NG Kerk 'n valse kerk per assosiasie was, sou so verklaring heelwat vroeër die lig gesien het.

Die vraag is dus waarom die verklaring eers tien jaar later uitgereik is. Die antwoord is waarskynlik te vind in die spanning wat gelê tussen die Moederkerk in Nederland en dogterkerk in die Transvaal. Die verklaring was meer gerig is op die CAG Kerk in Nederland om hulle te oortuig van die wettigheid van die afskeiding (Du Toit, 1970:122). Dit word ook bevestig in die aanhef van die verklaring (vgl. du Plessis, 1929:114).

Die afskeiding het vanaf die Transvaal uitgebrei na die res van Suid-Afrika. Eerstens is 'n gemeente op Reddersburg gestig (6 Mei 1859), daarna op Burgersdorp in die Kaapkolonie (22 Januarie 1860) en daarna in Middelburg en Colesberg (Spoelstra, 1980:83).

Die Gereformeerde Kerk moes predikante bekom vanuit die CAG Kerk in Nederland vir hierdie nuwe gemeentes. Die CAG moederkerk was nie altyd opgewonde oor hul nuwe dogterkerk in Suid-Afrika en die optrede van ds. Postma nie (Jooste, 1959:91).

Toe die Kommissie van die CAG Kerk in Nederland te hore kom van die afskeiding in Suid-Afrika het hulle aan ds. Postma geskryf en hom gevra om te verduidelik of die kerk 'n valse kerk is en waarom hy steeds preek in 'n valse kerk. Interessant genoeg is hy ook in die huwelik bevestig deur 'n predikant van 'n valse kerk (Engelbrecht,1950:27). Postma antwoord die Kommissie in 'n brief waar hy stel:

... bij het nemen van dat besluit heb ik gezien, dat de door mij geachte zwakheid een hardnekkig en verkeerd was, nl. eigen goeddenken boven den Bijbel... Daarom zeide ik in die Vergadering "dat bij zulk

een besluit de Paus geboren wordt al is hij dan nog maar klein en zwak".

En dan verder:

“Om haar nu echter in statu quo voor eene valsche Kerk te verklaren, daartoe gevoelen wij ons nog nie geroepen”.

(aangehaal uit Engelbrecht, 1950:27-28)

Die kommissie van die CAG het vir ds. Postma geantwoord in 1860 met die volgende brief:

“Aangezien de Synode door het ongenoegzame der inlichtingen, niet in staat is gesteld om te beoordelen of de afscheiding in Z.-Afrika met Art. 28 en 29 onze geloofsbelijdenis ooreenkomt, daarom kan zij betreffende de scheidung geen beslissend oordeel uitspreken.

Die besluit word bevestig in 'n skrywe van die kommissie van die CAG Kerk gedateerd 14 Augustus 1863 waarin hulle skryf “De Synode kan de afscheiding in Zuid-Afrika niet veroordelen, doch acht zich evemin geroepen haar goed te keuren”

(aangehaal uit Engelbrecht, 1950: 33-34).

Die vraag is egter steeds op watter gronde die Hervormde Kerk as valse of vrysinnige kerk beskou is. Soos reeds aangetoon was daar in 1859 nie sprake van leerverskille nie. Die persepsie dat die Hervormde Kerk 'n vals kerk is wat vrysinnigheid duld het waarskynlik meer op die voorgrond gekom as gevolg van die tweede afskeiding wat onder leiding van ds. Frans Lion Cachet plaasgevind het (later meer hieroor §5.2). Cachet het baie meer op leervryheid gefokus. In 1859 is daar egter geen leerverskille opgegee as rede vir die afskeiding nie. Wat wel ter sprake was is die gesag van die Algemene Kerkvergadering, want dié “skryf aan homself en sy besluite meer mag en gesag toe as aan die Woord van God” soos

wat art 29 van die NGB sê (Du Toit, 1970:123). Dit word bevestig in die brief wat Gemeente Reddersburg aan ds. H de Cock in Nederland geskryf het, toe hy getwyfel het of die gereformeerdes in Transvaal voldoende rede gehad het om af te skei: 'Ons word verplig omdat die Sinode so besluit... Daar word minder of nooit gevra: is dit volgens Gods Woord' (aangehaal en vertaal deur Spoelstra, 1984: 5).

4.5. Slot

Die afskeiding van die Gereformeerde Kerk in 1859 het veroorsaak dat daar twee reformatoriese kerke in die Transvaal bestaan het. Die afskeiding het aanvanklik vredeliewend geskied en ds. Van der Hoff het selfs vir ds. Postma in die huwelik bevestig.

Die beskuldiging dat ds. Van der Hoff die CAG Kerk uit die Transvaal wou hou ter wille van magmisbruik en alleenheerskappy is nie houdbaar nie. Dit word weerspreek deur die uitnodiging wat die Hervormde Kerk aan CAG leraars gerig het om in die Transvaal te kom werk.

Selfs die openbare verklaring was meer gerig op die CAG Kerk in Nederland as op die plaaslike kerkvolk. Dit was so polemies verwoord omdat die Gereformeerde Kerk haarself moes verdedig in die oë van die moederkerk in Nederland.

Dit is egter duidelik dat die afskeiding nie oor leerstellige redes gegaan het nie, maar oor die Gesange. Die Gesange was ook nie insigself die probleem nie, maar die manier hoe dit hanteer is. Dit was in wese 'n botsing tussen kerkregeringstelsels en lewensbeskouing.

HOOFSTUK 5

5. DIE TEOLOGIESE DISKOERS TYDENS DIE VESTIGING VAN DIE NEDERDUITSCH GEREFORMEERDE KERK IN DIE TRANSVAAL - 1866

5.1. Inleiding

In die vorige hoofstuk is daar gesien dat die afskeiding van die Gereformeerde Kerk nie in die eerste plek op grond van leervryheid of vrysinnigheid plaasgevind het nie. Die bewerings het eers later en om ander redes deel van die diskoers geword.

Dieselfde kan egter nie gesê word van die afskeiding van die Nederduits Gereformeerde Kerk in die Transvaal nie. In hierdie hoofstuk gaan daar gepoog word om die leerverskille aan te dui en te plaas binne hul breër konteks.

5.2. Situasië in Transvaal

Die Afskeiding van die Gereformeerde Kerk in Transvaal het 'n wrang smaak in die Hervormers se monde gelaat en opnuut die vraag laat ontstaan of die Hervormde Kerk in Transvaal nie maar tog onder die Kaapse sinode moet ressorteer nie. Tydens die Tiende Algemene Kervergadering van 1859 het 'n voorstel gedien dat die Hervormde Kerk wel sal verenig met die Kaapse kerk (Engelbrecht, 1953a:168-169). Die besluit wat geneem is spreek van 'n sekere moedeloosheid aan die kant van die Transvalers. Hulle stel dat

De reden waarom de commissie dit verlangt, is de volgende omdat de Nederd. Hervormde Kerk in de Z.A. Republiek op zichzelf staande en geheel afgescheiden van de Kaapsche Synode, niet tot die hoogte is opgeklommen, dat zij zichzelf besturen kan.

(Gerdener, 1930:251)

Die voorstel is deurgestuur na die Ring van die Transgariëp wat dit aangeneem het solank die Algemene Kerkvergadering kan uitklaar of die “geen gelykstelling” wat in die grondwet voorkom beteken dat verskillende rasse aan dieselfde kerkgenootskap kan behoort, maar net in verskillende kerkgeboue moet kerk gaan soos wat dit die gebruik was in die Kaap. In Transvaal het dit egter beteken dat verskillende rasse aan verskillende kerkgenootskappe moes behoort. Voordat hulle die uitklaring kon gee is die voorstel is deur die Uitvoerende Raad van die Volksraad geveto, omdat hulle oortuig was dat dit in stryd is met Artikel 11 van die Grondwet, wat die onafhanklikheid van die Kerk vereis (Gerdener, 1930:677;682). 'n Verdere rede waarom die verenigingspogings skipbreuk gely het (sien Scholtz 1956:169) is die aankoms van ds. G.W. Smits en A.F. Begemann³ uit Nederland in die Transvaal. Dit het die werkklas van ds. Van der Hoff verminder en die afhanklikheid van die Kaapse sinode verminder.

Daar is toe 'n nuwe voorstel tydens die Elfde Algemene Kerkvergadering van 1861 geformuleer, wat vra dat die kerke mekaar as susterskerke erken. Dit het die Kaapse sinode ook in 1862 gedoen, alhoewel die susterlike gevoelens maar min was aangesien die Kaapse sinode in 1863 besluit het om die legitimasie van di. Van der Hoff, Begemann en Smits terug te trek (Engelbrecht, 1853:171).

Die strewe na eenheid het ook daarop uitgeloop dat Lydenburg in 1860 weer in die Republiek opgeneem is. Lydenburg het in 1859 hulle eie predikant, ds. P.A.C. Van Heyningen, gekry. Dit het nie deur die toedoen van die Kaapse sinode gebeur nie maar deur die Amsterdamse Geestelike Kommissie wat hulle beywer het vir die geestelike versorging van die Transvalers. Van Heyningen het saam met staatspresident M.W. Pretorius daarvoor gestry om die Republiek van Lydenburg weer by die ZAR in te lyf. Die ooreenkoms waarmee dit vermag is het egter gestel dat die gemeente op Lydenburg as afsonderlike gemeente kon voortbestaan en

³ Albei die twee predikante het hul studies in Utrecht voltooi (Pont, 1978:275)

nie deel hoef te word van die Hervormde Kerk nie. Daar was dus eenheid op staatkundige gebied, maar nie op kerklike gebied nie.

Daar na het ds. Van Heyningen homself beywer om op kerklike vlak eenheid te bewerkstellig. Die gemeente van Lydenburg het gevolglik nooit sitting op die Kaapse sinode geneem nie, wel by die Ring van die Transgariëp. Met die 1862 uitspraak van die Kaapse Hooggeregshof 1862 in die Loedolff-saak, is dit uitgespel dat die Kaapse kerk beperk is tot die grense van die Kaapkolonie. Dit het in praktyk beteken dat geen gemeente of kerk in die ZAR onder die Kaapse sinode kon ressorteer nie. Gevolglik het Gemeente Lydenburg toenadering gesoek tot die Hervormde Kerk en het gemeente van die Hervormde Kerk geword op die Veertiende Algemene Kerkvergadering van 1864 (Engelbrecht, 1953a:191-196).

Op 22 Oktober 1862 sit proponent J. Van Warmelo voet aan wal in die Kaap. Hy het aan Leiden studeer en voltooi sy studies in 1858. As gevolg van sy vrysinnige opleiding het sy prediking nie altyd by die meer ortodokse gemeentes bygeval gevind nie (Engelbrecht, 1953a:178).

Van Warmelo het sy stukke ingedien by die Aktuaris van die Kaapse sinode, Dr. A Faure, om gelegitimeer te word. Dr. Faure het egter gesloer met die legitimasie. Daar was kommer oor Van Warmelo se Leidense opleiding wat op daardie stadium sterk onder die invloed van die vrysinnige teologie gestaan het. Verder is daar as rede beskrywingspunt op die agenda van die Kaapse sinode dat alle inkomende proponente hulself sal onderwerp aan 'n *Colloquium Doctum* waar hulle getoets word in terme van teologiese kennis, hul gehegtheid aan die belydenisskrifte, asook die hulle gevoel rondom die wedergeboorte deur die Heilige Gees en die persoonlike ondervinding van God se genade. Van Warmelo het toe homself direk tot die Sinode gewend, maar hulle het gevoel hy sal eers die *Colloquium Doctum* moet deurgaen. Van Warmelo het geweier om homself daaraan te onderwerp. Die rede volgens Pont (1978:278) waarom hy geweier het

om homself te onderwerp aan die *Colloquium Doctum* is dat hy geglo het dat 'n wet nie terugwerkend van krag kan wees nie en het hy nie nodig gehad om homself aan die *Colloquium Doctum* te onderwerp nie.

Van Warmelo het in die tyd ds. Smit van Rustenburg ontmoet, wat hom die beroep na Gemeente Zoutpansberg aanbied. Hy besluit toe om die beroep te aanvaar. Op 28 Mei 1864 (Van Warmelo het eers teruggekeer na Nederland om te gaan trou) kom hy in Pretoria aan en word op 15 Junie deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering georden. Op 30 Junie is hy in Zoutpansberg bevestig. Hy was die eerste predikant wat deur die Hervormde Kerk in die ZAR gelegitimeer is (Pont, 1978:277).

Die moontlikheid van 'n tweede kerklike afskeiding het in 1862 begin kop uitsteek, toe ds. A. Murray van (nou van Worcester) van April tot Junie die Transvaal besoek het. Sy doel was om twee sendelinge, A. McKidd en H.T. Gonin, te stasioneer. Hy het dit wederregtelik gedoen aangesien die Volksraad toestemming gegee het dat sendelinge die land binnekom en waar hulle gestasioneer word. Ds. Murray het ook 'n klein groepie ontevrede lidmate op Hartebeestfontein opgesoek en 'n tipe afgeskeie gemeente gestig, aangesien hy kerkraadslede bevestig het. Hierdie gemeente word is deur predikante vanuit die Vrystaat bedien (Engelbrecht, 1953a:187-188).

Die sendeling McKidd is in die Soutpansberg gestasioneer, maar hy het gou gesterf. Hy is egter in 1865 opgevolg deur die sendeling Stephanus Hofmeyr. Hy en ds. Van Warmelo kon nooit oor die weg kom nie. Hofmeyr het herhaaldelik in die gemeente se besigheid ingemeng. Hy het dan ook die Soutpansbergers verwyrt dat hulle nie waarlik godsdienstig is nie omdat hulle nie bidure of konferensies hou nie, alhoewel hy self sê dat hulle soggens en saans huisgodsdienste hou waar hulle Bybel lees, die Psalms en Gesange sing en die Kort Begrip hanteer. Hy het bidure

gehou sodat die Hervormde lidmate tot ware geloof kon kom (Engelbrecht, 1953a:189-190).

5.3. Ds. Frans Lion Cachet

Dit is in hierdie konteks wat ds. Frans Lion Cachet op die toneel verskyn. Cachet is in 1835 gebore uit Joodse ouers wat tot die Christendom bekeer is. Toe hy 18 was het hy homself ingeskryf by die Skotse Seminarie in Amsterdam met die doel om 'n sendeling te word. By die Skotse Seminarie het Isaac da Costa klas gegee en so het die jong Cachet onder invloed van die Réveil gekom (Engelbrecht, 1953b 182). Die seminarie opleiding het hom nie toegang gegee tot die predikantsamp in Skotland of Nederland nie en Cachet het hom toe gewend tot Suid-Afrika. Hy het die normale weg gevolg en homself gewend na die aktuaris van die Kaapse sinode, Dr. A Faure, om hom in die Kaapse kerk te legitimeer. Hy het egter geweier. Hy raak toe bevriend met Tiyo Soga, 'n sendeling van die Free Church of Scotland. Hy het aanbeveel dat hy in die Skotse kerk gelegitimeer word. Dit het op 25 Oktober 1862 gebeur, met handoplegging deur Skotse en Engelse sendelinge (Engelbrecht, 1953a:206-208).

Cachet het nooit beplan om as sendeling op te tree nie. Hy is weer terug na Kaapstad en het met hierdie bewys van ordening aansoek gedoen om gelegitimeer te word, maar dr. Faure het hom weer geweier en die saak verwys na die Sinode wat in Oktober 1862 sitting sou neem. Dit is interessant dat dit dieselfde sinode was waarop ds. Van Warmelo homself beroep het om gelegitimeer te word. In teenstelling met Van Warmelo, wat die Sinode geweier het, Cachet wel gelegitimeer. Dit is ironies, aangesien die *Colloquium Doctum* juis daar gestel is om die regsinnigheid én wetenskaplike kennis van die kandidate te toets. Cachet wat geen wetenskaplike opleiding gehad het nie is toegelaat sonder die *colloquium doctum* terwyl Van Warmelo, wat aan die Universiteit van Leiden studeer het,

homself aan die *colloquium doctum* moes onderwerp. Waarom dit so gebeur het is moeilik verklaarbaar, maar Engelbrecht is van mening dat die Skotse element oorheersend was (Engelbrecht, 1953: 179,209). 'n Ander moontlikheid is dat daar geen twyfel was aan Cachet se binding aan die belydenisskrifte nie, terwyl dit nie so was van Van Warmelo nie.

In Februarie 1863 is Cachet as konsulent van Gemeente Utrecht benoem deur ds. P. Huet van Pietermaritzburg. Cachet skryf toe as konsulent aan die Uitvoerende Raad van die ZAR en vra dat Utrecht 'n predikant se salaris toegestaan word. Die Uitvoerende Raad het Cachet toe laat weet dat Utrecht nie deel is van die Hervormde Kerk nie. In 1858 is Utrecht in die Republiek Lydenburg opgeneem en het buite die grense van die ZAR gefunksioneer. Toe Lydenburg in 1860 met die ZAR verenig is Utrecht ook tot die ZAR bygevoeg, maar Lydenburg was tot 1864 kerklike onafhanklik, alhoewel die predikant uit die staatskas traktement ontvang het. Met die opname van Lydenburg in die Hervormde Kerk in 1864 is daar geen woord gerep oor Utrecht nie. President M.W. Pretorius het gevoel dit is 'n gulde geleentheid om Utrecht nader te trek en het die Algemene Kerkvergadering gevra om met ds. Cachet te korrespondeer (Gerdener, 1934:296).

'n Belangrike gebeure wat genoem moet word is die klag wat teen ds. Van der Hoff ingebring is ten opsigte van sy leer oor die wedergeboorte. Dit is die eerste klag wat teen hom ingebring is oor leersake (die vorige was oor 'n aantying van dronkenskap en huismoles).

Op 23 Oktober 1864 het ds. Van der Hoff 'n dankseggingsdiens gehou vanuit 1 Pet 1:3. Na die diens het 'n broeder Sassenburg en ouderling Vermaak ds. Van der Hoff daarvan beskuldig dat sy siening oor wedergeboorte ketters is. Die Maandag na die diens het die kerkraad vergader om die saak te bespreek. Die klagtes is skriftelik ingedien, maar die klaers het geweier dat die saak bespreek word. Die saak is toe verwys na die Algemene Kommissie om te hanteer en

Sassenberg en Vermaak het ingestem om dit by te woon, mits die vergadering plaasvind op Wakkerstroom en ds. Huet van Pietermaritzburg en ds. Van der Walt van Bloemfontein as “twee bekeerdes’ die verrigtinge bywoon (Engelbrecht, 1941:8).

Die Algemene Kommissie het ’n spesiale kommissie aangewys om die saak te ondersoek en dié het op 15 April 1865 te Wakkerstroom vergader. Sassenberg en Vermaak het egter geweier om getuienis te lewer aangesien di. Huet en Van der Walt nie teenwoordig was nie en die kommissie nie geloofsbriewe kon toon dat hulle werklik afgevaardig is nie. Die kommissie het toe ’n verslag saamgestel wat gedien het op die Algemene Kommissie vergadering wat sitting geneem het op 26 Junie 1865 te Rustenburg. Vermaak en Sassenberg het geweier om te verskyn omdat die vergadering nie op Wakkerstroom gehou is nie. Die Algemene Kommissie het toe die klag teen ds. Van der Hoff laat vaar (Gerdener, 1930:263; Visser, 1945:95-97).

Dit was die eerste skermutseling rondom die leer van Van der Hoff en die Hervormde Kerk, wat verder verskerp het gedurende 1865. Ongelukkig kan daar afleidings gemaak word oor Van der Hoff se standpunt oor wedergeboorte nie, as gevolg van die klaers se weiering om te getuig.

Intussen is Cachet na Gemeente Ladysmith beroep en hy is op 3 Mei 1863 daar bevestig. Cachet is uitgenooi om as konsulent van Utrecht die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering se vergadering van 26 Junie 1865 by te woon in Rustenburg en dit is by hierdie vergadering waar hy die eerste maal allerlei besware geopper het, o.a. dat die Hervormde Kerk die belydenisskrifte verwaarloos, dat die Hervormde Kerk die staatskerk was, oor die sing van die Gesange en laastens dat die naam Hervormd onwettig is (Engelbrecht, 1953a:199;210).

Sy hoofbeswaar was teen die naam van die Kerk. Cachet en die kerkraadslede van Utrecht het volgehou dat die naam van die kerk onwettiglik verander is van Gereformeerd na Hervormd sonder behoorlike insette vanuit die gemeentes (Gerdener, 1930:272). As mens sou aanvaar dat die naam van die kerk in Transvaal eers Gereformeerd was (wat nie noodwendig so is nie soos reeds aangetoon het in §3.4) dan is dit moeilik om te sien hoe dit 'onwettig' verander is. Dit is deur die 12de Algemene Kerkvergadering van 1863, wat as wettig byeengeroepe vergadering sitting geneem het, aanvaar as die naam van die kerk toe die konsep kerkwet aanvaar is. Dit is dieselfde manier hoe die NG Kerk haar naam verander het van Hervormd na Gereformeerd.

Of die Hervormde Kerk se naam sinoniem is met vrysinnige denke kan ook nie so maklik aangedui word nie aangesien, soos wat daar reeds aangetoon is (§2.2), ook regsinnige predikante in die Nederlandse Hervormde Kerk gedien het.

Die beswaar oor die belydenisskrifte was in wese 'n beswaar oor die tekort aan 'n ondertekeningformule in die Kerkwet. Die Kerkwet het nie 'n proponentsformule bevat nie aangesien al die leraars die proponentsformule in Nederland (en in die geval van di. Van der Hoff, Begemann en Smits in die Kaap) onderteken het. Van Warmelo het wel onderneem om die belydenisskrifte te laat insluit in die Kerkwet (Gerdener, 1930:265;269).

Daar moet ook genoem word dat die Kerkwet van 1862 opgestel is in lyn met die 1842 Kaapse Kerkwet wat weer op hul beurt opgestel is volgens die 1816 Algemene Reglement van die Nederlands Hervormde Kerk. Nie een van dié kerkordes het die belydenisskrifte genoem nie. Verder moet dit onthou word dat die 1862 Kerkwet saam met die artikels van die 1858 Grondwet gelees moet word, waarin die belydenisskrifte pertinent vermeld word. Artikel 20 van die grondwet stipuleer duidelik dat die kerk hulself bind aan die belydenisskrifte (Pont, 1963b 39-40).

By die Vyftiende Algemene Kerkvergadering gehou op 20 November 1865 in Pretoria het ds. Cachet as aanklaer teen die Hervormde Kerk opgetree. Weereens is die naam Hervormd as vrysinnig beskryf en die belydenisse is ook uitvoerig behandel, o.a. dat ds. Van der Hoff die uitverkiesing verwerp (sien Moorrees, 1937:808). Cachet het ook 'n probleem gehad daarmee dat die Hervormde Kerk geen proponentformule as deel van die Kerkwet gehad het nie. Dit is volgens hom 'n teken van leervryheid. Intussen was die proponentformule reeds ingesluit as deel van die agenda, hoewel daar besluit is na die betoog van ds. Cachet om dit nie te bespreek nie (Engelbrecht, 1953a:213).

Insake die belydenis herhaal ds. Cachet sy vrae aan die vergadering wat hy vyf maande te vore ook gevra het. Die voorsitter (ds. Smits) antwoord hom dan dat die kerk se leer dalk nie uitgedruk is in die Kerkwet nie, maar dat dit duidelik gemaak word in artikel 7 van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Dit word deur die AKV aanvaar as die antwoord op ds. Cachet se vraag.

Dit is belangrik om te hoor wat stel Artikel 7 van die NGB in die konteks van daardie tyd en die diskoers wat oor leervryheid aan die gang was. Artikel 7 handel oor die volkomenheid van die Heilige Skrif en stel:

Ons glo dat hierdie Heilige Skrif die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word.... En aangesien dit verbode is om iets by die Woord van God by te voeg of daarvan weg te laat (Deut. 12:32), blyk dit duidelik dat die leer daarvan heeltemal volmaak en in alle opsigte volkome is. Ons mag ook geen geskrifte van mense, hoe heilig die mense ook al was, met die Goddelike Skrif gelykstel nie...

Word dit gelees teen die agtergrond van die stryd teen vrysinnigheid is dit moeilik om te glo dat 'n vrysinnige kerk hierdie spesifieke artikel sou aanvaar as 'n uitdrukking van hul belydenis. Word die NGB oor die volkomenheid van die Skrif

met byvoorbeeld J.H. Scholten se siening vergelyk, staan dit in skrilte kontras. Scholten het immers geglo dat die rede die enigste bron van kennis oor God is. Die Bybel is slegs die historiese kenbron van die Christelike geloof. Die Bybel bevat geen gesag opsigself nie (Loader, 1984:167).

Maar na die baie verdienstelike verklaring van die vergadering is dit moeilik om ds. Van der Hoff se optrede te verstaan. Ds. Cachet het aangedring daarop dat die vergadering 'n besliste standpunt inneem oor die belydenisskrifte en stel toe voor dat die vergadering die proponentsformule van die NG Kerk in die Oranje-Vrystaat aanneem. Die stel:

Met betrekking tot de Belijdenis dezer Kerk verklaart de vergadering dat zij daardoor verstaat al de artikelen en leerstukken in de Formulieren van Enigheid der Geref. kerk (Geloofsbelijdenis, Heidelbergsche Catechismus en Dordtsche Leerregelen) welke zij erkent in alles met Gods Woord overeen te komen, terwijl zij verklaart alle predikanten gehouden te zijn niets te leeren het welk in eenig opzicht strijdt tegen Voornoemde Formulieren van Enigheid, noch wil dat in het openbaar noch privaat iets door hen geleerd wordt het welk in het allerminst van de Leer in de voorzegde Formulieren afwijkt; waarom zij eischt dat door de predikanten het volgende formulier onderteekend worde, en besluit dit op het allerstrengst te handhaven.

(Gerdener, 1930: 173)

Ds. Van der Hoff verklaar in reaksie op die voorstel van Cachet dat hy bly by die 'woord in zooverre die Belydenisskriften ooreenkom met Woord van God'. Hy gaan dan voort om aan die ouderlinge te vra of hulle bekend is met die kerngedagtes van die Dordtse Leerreëls. Hulle antwoord hom dat hulle nie

daarmee bekend is nie. Van der Hoff stel dan dat die leer van die uitverkiessing 'n 'swarigheid' is (Gerdener, 1930:273).

Ds. Van der Hoff se stelling dat hy bly by die “zooverre” is duidelik 'n verwysing na die proponentsbelofte en die *quia / quatenus* kwessie soos vroeër bespreek (§2.2). Wat duidelik is, is dat ds. Van der Hoff die *quatenus* interpretasie verkies het. Dit is die vrysinnige verstaan van die proponentsformulier wat gelei het tot die 1834 Afskeiding in Nederland. Dit is dus 'n baie gewigtige en belangrike stelling wat ds. Van der Hoff maak. Die moontlikheid bestaan dus tog dat hy meer vrysinnig kon wees as wat vermoed word, veral as sy relaas oor die uitverkiesing in gedagte gehou word.

Daar word op hierdie relaas uitgebrei deur Spoelstra (1915:287 - 288) wat van mening is dat Van der Hoff vir elkeen van die ouderlinge en diakens persoonlik gevra het of hulle kon glo “dat der liefderijke God sommige menschen geschape had om salig te maken en anderen om te verdoemen” waarop die kerkraadslede stel hulle dit nie kan glo nie. Volgens Spoelstra het ds. Cachet dan ook aan ds. Van der Hoff gevra asof hy glo dat die Bybel deur God geïnspireer is, dat Jesus ook God is en dat die hele Bybel die Woord van God is. Volgens Spoelstra (1915:288) het Van der Hoff geweier om die vraag te beantwoord .

Dit is belangrik om hierdie voorstelling te noem aangesien outeurs soos L.S. Kruger in sy 1957 boek *Waarom is u lid van die Gereformeerde Kerk* dit as die waarheid aanneem (Kruger, 1956:86). So ook Moorrees (1937:808). Dit is egter ook belangrik om te noem dat hierdie uitgebreide weergawe van Spoelstra nie voorkom in die notule soos wat dit opgeneem is in Gerdener nie (1930: 269-274) of in Cachet se eie weergawe van die vergadering soos opgeneem deur Gerdener (1930:322 – 329) nie. Tog, as daar gewerk word met die gegewens wat deur Gerdener verskaf word, dan is daar wel rede om ds. Van der Hoff se onvoorwaardelike binding aan die belydenisskrifte te betwyfel.

'n Volgende belangrike saak wat op hierdie punt bespreek kan word is die proponentsformule. Soos reeds gesien was dit 'n belangrike punt vir ds. Cachet en hy was veral aanvallend teenoor ds. Van Warmelo, want hy het nog nie 'n proponentsformule in die Transvaal onderteken nie (Pont, 1974:284).

Daar word toe besluit dat daar by die Sestiende Algemene Kerkvergadering in 1866 'n proponentsformule opgestel sou word om bewerings van vrysinnigheid te weerlê. Die formulier wat hulle voorstel is dieselfde formulier wat in gebruik was in die Kaap. Hierdie proponentsondertekeningsformulier lui soos volg:

Wij ondergeteekenden, predikanten van de Ned. Herv. kerk in de Z.A. Rep. verklaren in goeden gemoede de leer welke overeenkomstig Gods Heilig woord vervat is in de Formulieren van Eenigheid der Nederlandsche Hervormde kerk, namelijk de Nederlandsche Geloofsbelijdenis, de Heidelbergsche Catechismus, en de Dordtsche Leerregels hartelijk te omhelzen en getrouw te zullen leeren, belovende ons in alles overeenkomstig onze kerkelijke reglementen stiptelijk te zullen gedragen, ons onderwerpende aan het oordeel der bevoegde kerkelijke besturen alhier, indien daartegen door ons mogt gehandeld worden. De onderteekenaar van dit reglement verkaart door zijne handtekening, dat hij de leer, die in bovengenoemde formulieren vervat is, gelooft overeenkomstig Gods heilig Woord te zijn. ...

(Gerdener, 1930:277)

As die formulier wat in die Kaap en nou ook in die Transvaal vergelyk word met die proponentsformule wat op hierdie stadium in Nederland gegeld het, dan is dit duidelik dat in dit meer in die *quia* rigting neig, alhoewel daar steeds vrae is hoe

die 'ooreenkomstig' verstaan moet word. Hierdie proponentformulier is gebruik tot en met 1979 (Botha, 2000:888;895).

5.4. Die verloop van die tweede afskeiding in Transvaal

Ds. Cachet het by die Vyftiende Algemene Kerkvergadering homself daartoe verbind om deur die lengte en breedte van die ZAR suiwer gereformeerde gemeentes te stig. In 1866 is Cachet se beskuldigings teen Van der Hoff regverdig toe Van der Hoff en Cachet uitgenooi is om 'n beperking te lei oor die belydenisskrifte in Wakkerstroom gemeente. Cachet het homself dadelik bereidwillig verklaar, maar Van der Hoff was nie gewillig om die gesprek by te woon nie. Hy het 'n brief aan die kerkraad geskryf waarin hy sy sieninge oor die belydenisskrifte uiteensit. In die brief stel hy dat daar in die Nederlandse Geloofsbelydenis verkeerde stellings is. Dit het soveel verontwaardiging in die gemeente veroorsaak dat 4 van die 6 kerkraadslede bedank het. Hulle het hulself by ds. Cachet aangesluit. Hierdie berig het deur die Transvaal versprei en verdere ammunisie vir ds. Cachet teen die Hervormde Kerk gegee. Dit het ook daartoe gelei dat daar 'n klag teen ds. Van der Hoff by die Algemene Kerkvergadering gelê is (Van der Walt, 1977:91-92).

In die brief, soos wat dit deur Cachet weergegee word (Gerdener, 1930:330) stel ds. Van der Hoff waarom hy nie die proponentformule wat ds. Cachet aan die Algemene Kerkvergadering voorgelê het onondersteun het nie en hy hom hou aan sy *zooverre* standpunt, naamlik dat daar in die Nederlandse Geloofsbelydenis 'eenige verkeerde stelling' is. Die brief van Van der Hoff stel onder andere:

Onder anderen aan het slot van Art. '23, der Nederl. Geloofsbelydenis worden aan David woorden in den mond gelegd, die hij nooit gesproken heeft. David zegt in den 143sten Psalm, vers '2, dat

niemand die leeft voor Gods aangezicht regtvaardig zal zijn; dat is in den mond van David een gevoel van ootmoed en onvolkomenheid, verklarende hij daarmede dat niemand de wet Gods volkomen houdt, dat niemand volmaakt is in gehoorzaamheid op aarde.

In de Geloofsbelijdenis wordt daarentegen geleerd dat niemand zal rechtvaardig worden, dat gelijk staat met niemand zal zalig worden. Die woorden dus van de Geloofsbelijdenis zijn in regtstreekse tegenspraak met de leer van Paulus, Rom. 3: 24, en komen niet overeen met Gods Woord, en David zou er zeker een streep doorhalen als hij ze in de Geloofsbelijdenis las, en Paulus zou ze met verontwaardiging van zich af stooten.

Er is nog iets. In Art. 15 Nederl. Geloofsbelijdenis wordt geleerd dat de erfzonde niet ganschelijk, dus bijna geheel door den Doop wordt uitgeroeid. Dat is eene geheel Roomsche stelling, en de leeraren der Geref. kerk, die gaarne een pauselijk gezag over de gemeente willen uitvoeren, houden zich aan die Roomsche stelling in de Belijdenis vast, zeker in de hoop om vroeg of laat, de gemeente onder hun dwangjuk te kunnen brengen. Ik ben niet van die soort en roep met Paulus liever de gemeente toe: Staat in de vrijheid waarmede u Christus heeft vrij gemaakt, en laat u niet wederom het juk der dienstbaarheid bevangen. Breedvoeriger zal ik zoo de Heer mij tijd en krachten schenkt dit alles nader in druk aan de gemeente bekend maken.

(Gerdener, 1930:331)

Van der Hoff se besware blyk taalkundig van aard te wees. Van der Hoff verstaan die 'rechtvaardig' in Artikel 23 se aanhaling van Ps. 143 as gehoorsaam

aan die wet van God (hy verstaan dit waarskynlik na aanleiding van die kantaantekening van die *Statenvertaling* wat stel: Te weten, door de wercken der wet, ende zijnde in sich selven als een sone Adams aengemerck). Volgens Van der Hoff verstaan die NGB regvaardig as salig wat Rom 3:24 weerspreek.

Ds. Van der Hoff se probleem met Artikel 15 is dat die artikel stel 'Zij [die erfsonde] is ook zelfs door den Doop niet ganselijk tenietgedaan...'. Hy verstaan dan 'niet ganselijk' as byna heeltemal. Volgens die Roomse leër wis die doop die skandvlek van die erfsonde uit terwyl volgens die Reformatoriese leer die dopeling is *simul iustus et peccator* en daarom is die dopeling altyd beplek met die erfsonde (*Joint declaration on the doctrine of justification*, 1999:4.4 – 30).

Dit is egter moeilik om in beide van die gevalle te verstaan hoe ds. Van der Hoff die afleidings kon maak aangesien beide artikels hul bedoelings baie duidelik maak. Artikel 23 stel verskeie kere dat mense regverdig kan word en artikel 15 stel duidelik dat die 'de zonde daaruit altijd als opwellend water uitspringt'.

In ieder geval is beide hierdie besware wat Van der Hoff gemaak nie ernstig nie. In die eerste kwessie wil hy net bevestig dat mense nog gered word en in die tweede kwessie wil hy die Reformatoriese leer voorstaan. Albei verdienstelik standpunte.

Dit verander egter nie die feit dat Van der Hoff se brief 'n sterk reaksie by die lidmate van Wakkerstroom veroorsaak het nie. Soos reeds gestel, het 4 van die 6 kerkraadslede bedank en verklaar hulself los van die Hervormde Kerk en organiseer hulself as die Ned. Geref. Gemeente van Wakkerstroom (Gerdener, 1930:33). Die saak het ook gedien op die Sestiende Algemene Kerkvergadering van 1866 wat 'n spesiale kommissie benoem om die saak te hanteer.

Die brief van ds. Van der Hoff aan Wakkerstroom is deur die kommissie behandel en bevind dat hulle geen geregtelike gronde het om hom skuldig te

bevind nie. Die kommissie stel egter dat hulle nie kan toelaat dat die belydenisskrifte so verdag gemaak word nie en eis dat ds. Van der Hoff binne 24 uur sy stellings moet terug trek en as hy dit nie doen nie hy vir 6 maande geskors sal word. As hy na ses maande nog steeds nie die stellings wil terug trek nie sal hy uit sy amp onthef word. Daar vind toe 'n lewendige gesprek plaas en ds. Van der Hoff stel 'n teenvoorstel in wat slegs vra dat hy 'n verklaring uitreik wat stel dat hy wens hy het nooit die brief geskryf nie. Hierdie beskrywingspunt word aanvaar en ds. Van der Hoff word toegelaat om die nuut aanvaarde proponentformule te teken. Die enigste rede wat Van der Hoff ooit verskaf het waarom hy die stellings gemaak het, is dat hy in lyn met Artikel 7 van die NGB sy interpretasie van die NGB (oor die volkomenheid van die Skrif) onder die lidmate wou versprei (Gerdener, 1930:281-282;285).

Hierdie aangeleentheid sou egter lank spanning veroorsaak. Die ander predikante het hulle teenstem teen Van der Hoff se stellings laat aanteken en 'n protes uitgebring wat stel dat die saak nie reg hanteer is nie. Daar is ook verskeie memories ontvang van die publiek wat vra dat die saak weereens in oorweging gebring moet word. Selfs die staatspresident het gevoel dat die saak sy 'geweten beswaard' maak (Gerdener, 1930:282).

Die brief en handelswyse van ds. Van der Hoff het vinnig deur die Transvaal versprei en was ammunisie vir ds. Cachet, veral in Lydenburg. Cachet het alreeds by die Algemene Kerkvergadering van 1865 met die Lydenburgers kennis gemaak. Die gemeente van Lydenburg is in 1865 deur die toedoen van ds. Van Heyningen deel van die Hervormde Kerk gemaak, maar Cachet het die twee Lydenburgse afgevaardigdes so opgesweep teen die naam Hervormd dat hulle die hereniging tot niet wou maak. Verder het ds. Van Heyningen nie die Lydenburgse kerkraad volgens die afgevaardigdes geken in die verenigingsproses nie (Gerdener, 1930:269-270). Ds. Van Heyningen kon ongelukkig nie die vergadering bywoon

nie. Hy het 'n beroep na die Vrystaat aanvaar en moes sy sake in orde kry. Op 2 en op 5 Desember hou die gemeente van Lydenburg kerkraadsvergadering onder leiding van Van Heyningen. Die twee afgevaardigdes het nog nie teruggekeer na die Algemene Kerkvergadering nie en die kerkraad het nog nie geweet van hul optrede nie. Op die vergadering is daar besluit dat ds. Van Warmelo beroep sal word as die gemeente vakant word. As ds. Van Warmelo nie aanvaar nie moes daar 'n beroep uitgebring word op ds. Smits van Rustenburg. Interessant genoeg het ds. Van Heyningen voorgestel dat daar 'n blanko beroepsbrief aan die professore van die kweekskool in Stellenbosch gestuur word sodat daar 'n predikant uit die Kaap beroep kan word. Die vergadering was egter nie hiervoor te vinde nie (Engelbrecht, 1953a:199-201).

Intussen het die twee afgevaardigdes van die Algemene Kerkvergadering teruggekeer huis toe en vertel wat ds. Cachet hulle meegedeel het. Ds. Van Heyningen het toe 'n kerkraadsvergadering belê vir 8 Januarie 1866 te Hoedspruit. Hier het die kerkraad met hulle handtekeninge onvoorwaardelik die samesmelting met die Hervormde Kerk goedgekeur en enige aanspraak op die konsulentenskap deur ds. Cachet van die hand gewys. Die twee afgevaardigdes na die Algemene Kerkvergadering was ook op die kerkraadsvergadering aanwesig (Engelbrecht, 1953a:202-203).

Ds. Cachet het na ds. van Heyningen se vertrek met die kerkraad in verbinding getree. Hy het 'n kerkraadsvergadering aangevra wat toe op 17 Maart 1866 sitting geneem het. Ds. Cachet het as skriba opgetree en ouderling Louis Fourie as voorsitter, dieselfde ouderling wat Cachet by die Algemene Kerkvergadering ontmoet het. Cachet het by hierdie vergadering die Lydenburgers omgepraat en die verklaring wat hulle twee maande te vore gemaak het, is teruggetrek. Hulle het die beroep wat hulle op Van Warmelo en Smits uitgebring het tot niet verklaar en aan Smits geskryf dat alle korrespondensie aan die gemeente aan die Nederduitsch Gereformeerde Gemeente Lydenburg moet rig en dat enige

korrespondensie gerig aan die Hervormde Kerk nie geantwoord sal word nie (Engelbrecht, 1953a:206). Daarmee het Gemeente Lydenburg die tweede keer haarself van die Hervormde Kerk afgeskei.

Die afskeiding het nog verder uitgebrei en Cachet het dit tot op regeringsvlak gedryf. Op 22 Junie skryf Cachet 'n brief aan die Uitvoerende Raad. Hierin gee hy die redes waarom Gemeente Lydenburg nie kon verenig met die Hervormde Kerk nie. Hy stel dan dat die rede waarom dit nie kon plaasvind nie is dat die predikante van die Hervormde Kerk geweier het om hulself te bind aan die belydenisskrifte en die uitverkiesingsleer verwerp (Gerdener, 1930:696). Hy stel verder dat die Hervormde Kerk 'rust, welvaart en vrede van die republiek in gevaar bring' omdat

1. Die kerkwet van die Hervormde Kerk nie in lyn is met die kerkorde van die Sinode van Dordrecht nie;
2. Die Hervormde Kerk in praktyk, leer en naam verskil van die Gereformeerde Kerk in die res van Suid-Afrika;
3. Die Hervormde Kerk haar nie bind aan die belydenisskrifte nie;
4. Die Hervormde Kerk die leer en praktyk volg van die volkome liberale Hervormde Kerk in Nederland;
5. Die vereniging 'n verloëning sal wees van als wat dierbaar is vir die Nederduits Gereformeerde Kerk.

(Gerdener, 1930:397)

Cachet vra dan dat die Uitvoerende Raad sal optree in die verband, maar hulle weier. In September 1866 vind Cachet hom in Pretoria en wend hom toe tot die Volksraad in persoon. Steeds wou hy vir homself 'n salaris bewerkstellig as predikant van Utrecht. Die Uitvoerende Raad het toe 'n kommissie aangestel om die saak te ondersoek en die het gevind dat Utrecht nie 'n salaris uit die staatskas verskuldig is nie. Cachet het op die punt 'n veldtog geloods wat die Hervormde Kerk se verdorwenheid gepredik het (Scholtz, 1956:212-213).

Die Afskeiding is formeel voltrek met die hou van die Nederduitsch Gereformeerde Kerk in die Zuid-Afrikaansche Republiek se Eerste Algemene Kerkvergadering op 3 Desember 1866. Die kerkstigting gebeur met die uitreik van 'n verklaring wat stel :

Verklaren bij dezen, namens de gemeenten door ons vertegenwoordigd, dat wij ons vereenigen onder een kerkbestuur als de Nederduitsch Gereformeerde kerk in de Z.A. Republiek, terwijl wij de Nederduitsch Gereformeerde kerk in de Kaapkolonie beschouwen als onze moederkerk in Afrika,—dat wij in de leer zullen vasthouden aan den Bijbel, het Woord Gods, en dienvolgens gestreng zullen handhaven de Formulieren van Eenigheid der Geref. Kerk als vastgesteld in de Synode van Dordecht 1618-19, en in de Lithurgie en openbare Godsdienstoefening ons blijven regelen naar de gebruiken der Ned. Geref. kerk in de Kaapkolonie

(Gerdener, 1930:333)

Die verklaring word dus baie direk gemik op die sogenaamde vrysinnigheid van die Hervormd Kerk. Die afskeiding onder leiding van Cachet is verder aangevuur deur die koms van proponente A. Hofmeyr en J.P. Jooste. Hulle is uit die Kaap gestuur om die stand van sake te ondersoek. Hulle het egter nie onpartydig die toestande in die Transvaal ondersoek nie, maar na hulle aankoms in Potchefstroom direk na Utrecht vertrek en onder die invloed van Cachet gekom (Engelbrecht, 1953a:230).

Die twee proponente het in 1868 saam met Cachet deur die land gereis en aan sy byeenkomste deelgeneem. Jooste is na Potchefstroom en Hartebeesfontein in kombinasie beroep en Hofmeyr na Lydenburg. Hofmeyr het die beroep bedank, maar Jooste het die beroep aanvaar en hy is deur Cachet bevestig. In Potchefstroom het Jooste op allerlei maniere hom teen Van der Hoff opgestel.

Nadat hy 18 maande in die gemeente was en geen rede tot agterdog kon kry nie het hy homself tot 'n skaamtelose metode gewend. Hy het een Vrydagmiddag met 'n voorbereidingsdiens hom agter die preekstoel versteek en Van der Hoff afgeluister om te hoor of hy kettery verkondig (Engelbrecht, 1953a:232-233).

Na aanleiding wat hy daar afgeluister het, het Jooste Van der Hoff aangeval onder die skuilnaam Veritas. Hierdie eerste brief is ongelukkig verlore en net die daaropvolgende briefwisseling het behoue gebly (Pont, 1963a: 131-132).

Ons kan aflei uit Van der Hoff se reaksie (1871a[1963]:167-169) op Jooste se eerste brief dat Jooste hom daarvan beskuldig het dat hy van die Kaapse sinode afgeskei het om vrysinnigheid te kan invoer. Hy word ook beskuldig dat hy 'n nuwe kerk gestig het, maar Van der Hoff beskou die twee kerke as een. Van der Hoff daag Jooste dan uit om sy vrysinnigheid te bewys aan die hand van sy prediking.

Jooste antwoord (1871[1963]:170-180) Van der Hoff en neem sy uitdaging aan. Hy erken dat hy weggekrui het en ds. Van der Hoff afgeluister het in 'n preek oor Handeling 16 met die tema: 'Wat moet ik doen opdat ik zalig worde'. Jooste beskuldig dan vir Van der Hoff dat hy die 'heerlike Bybelwoord verslapt en verwater' en van 'n tipe vrysinnigheid wat nie 'n direkte onwaarheid verkondig nie, maar die waarheid verswyg. Jooste stel dat ds. Van der Hoff sy preek as volg afgesluit het: "En nu, myne geliefden, wilt gy weten wat het groote antwoord is, op de vraag, wat moet ik doen opdat ik zalig worde? "Volgt Jezus voorbeeld, drukt Zyne voetstappen, en gy zult zalig worden, gy en uw huis, Amen"". Jooste stel dan dat dit 'n vrysinnige siening oor Jesus is, dat hy slegs 'n navolgingswaardige voorbeeld is. Eksegeties is Jooste waarskynlik reg. Paulus se antwoord aan die tronkbewaarder is: Geloof in den Heer Iesum Christum, ende ghy sult saligh worden, ghy ende uw' huys (Hand 16:31 *Statenvertaling*). Tereg sê Jooste dat hierdie stelling dat Jesus as voorbeeld dien die siening van vrysinnige teologie is. J.H. Scholten (1870:210) stel 'Jezus Christus was de bestemming aangewezen om

door zijn goddelijken geest den geest der menschheid te vormen tot gelijkvormigheid aan zich en hierdoor ook aan God', bedoelende dat die mens op sy sedelike ontwikkelingsgag sy einddoel sal bereik deur Christus te volg.

Van der Hoff antwoord die beskuldiging in sy tweede brief (1870b [1963]:180-188) en sê dat sy enigste sonde was om nie die Bybel woord vir woord te herhaal nie. Dit moet ook genoem word dat Jesus self van Hom praat as 'n navolgingswaardige voorbeeld in Johannes 13:15.

Wat egter meer belangrik is wat Van der Hoff gesê het in altwee sy geskrifte oor die Nederlandse Geloofsbelydenis en Jooste se beskuldigings hieroor. In Van der Hoff se eerste brief stel hy:

Verder wordt my ten laste gelegd, zeker om de goê gemeente met schrik en huivering tegen my te vervullen, dat ik nog nooit den geheelen bybel erkend heb als Gods eenig en waarachtig woord.

Over deze zaak kan men het best oordeelen door hier de Nederlandsche geloofsbelydenis eens op na te slaan. In dat opstel wordt de bybel slechts beschouwd als een aarden vat waarin Gods wil, dat is, Zyn woord vervat is. Zie Artt. 1 — 7 , waaruit blykt, dat er, behalve in den bybel, nog meer woorden Gods kunnen gehoord worden. De belydenis wyst op de gansche schepping en wy bovendien nog op de stem van het geweten, die als een woord Gods in elken mensch spreekt, op de lotgevallen van iederen mensch in 't byzonder en op de ontwikkeling der menschheid in 't algemeen.

(Van der Hoff, 1871a[1963]:169)

Hier is twee sake opmerklik: Eerstens dat Van der Hoff die Bybel 'een aarden vat' noem oftewel 'n erde pot waarin God se woord vervat is. Tweedens dat Van

der Hoff naas die Bybel as Woord van God die natuur en die mens se gewete as ander openbarings van God sien.

Van der Hoff se verstaan van die eerste punt berus op sy verstaan van die woord 'vervat' soos wat dit artikel 7 van die ouer vertalings van die NGB voorkom. Hy verstaan 'vervat' as iets wat bymekaar gebring is op een plek. Moderne Nederlandse vertalings van die NGB vertaal hier *contient* nie as 'vervat' nie, maar 'bevat'. Jooste stel dan dat hy onder die erdepot van Van der Hoff verstaan iets wat breekbaar en van weinige waarde is (Jooste, 1871[1963]:176). Jooste beskuldig vir Van der Hoff dat hy die Woord van God as vernietigbaar en onbelangrik sien. Wat hier ter sprake kom is 'n onderskeid tussen die Bybel en die Woord van God wat saamgebring is in die Bybel. Volgens Van der Hoff is hierdie stelling gereformeerd (Van der Hoff, 1871b[1963]:187) terwyl Jooste dit weer as eg vrysinnig sien en dat die Bybel slegs uit die Woord van God bestaan (Jooste, 1871[1963]:176. Van der Hoff beroep homself op die geskrif van Lucas Egeling *De Weg der Zaligheid naar het beloop des Bijbels*. Hier staan:

Wij moeten hier niet vergeten op te merken het onderscheid tusschen den Bijbel en de goddelijke openbaring of het Woord van God. Tw. de Bijbel bevat in zich de goddelijke openbaring; hij is het beschreven Woord van God. Niet alles echter, wat in den Bijbel staat is goddelijke openbaring...

(aangehaal uit Scholten, 1870:113)

Hierdie geskrif is versprei in die Kaap as stigtelike literatuur. Egeling was bevriend met baie van die teenstanders van die verligting in Nederland en was Isaac da Costa se katekisasiemeester (Kagchelland & Kagchelland, 2009:265). In terme van dit wat van ds. Van der Hoff se kennis bekend is kan geoordeel word dat hy werklik geglo het dat die stelling regsinnig is.

Die tweede saak wat Van der Hoff aanroer is die ander vorme van Gods Woord. Sy stelling oor ganse skepping as Gods woord is verstaanbaar in terme van Artikel 2 van die NGB wat die algemene openbaring beskryf as een van die openbaringsvorme. Van der Hoff se stelling oor die gewete as Gods Woord is egter problematies. Nêrens in die NGB staan 'n beskrywing van die mens se gewete as God se woord, nog minder in artikels 1 tot 7 waarna Van der Hoff verwys. Hier is dit belangrik om te vra of Van der Hoff se gebruik van 'gewete' verwys na die rede of na een of ander gevoelsmatigheid. As dit verwys na die rede is dit 'n teken van die invloed van die vrysinnige teologie. As dit verwys na een of ander gevoelsmatigheid is dit teken van die invloed van die metodisme. In ieder geval is dit nie streng ortodoks nie.

Na Van der Hoff se antwoord op Jooste se tweede brief was daar nie verdere briefwisseling nie. Na aanleiding van dit wat die laaste jare in die Transvaal gebeur het, het Jooste net die slegste van ds. Van der Hoff verwag en reageer hy op allerlei onskadelike uitsprake van Van der Hoff.

Die skeuring is verder bewerkstellig deur predikante soos N.J. Neethling van Stellenbosch. Hy was alreeds vyandig teenoor die Hervormde Kerk en het in 1871 die sendeling Stefanus Hofmeyr, wat soveel moeilikheid vir ds. Van Warmelo veroorsaak het, in Zoutpansberg besoek. Gevolglik is daar ook 'n Nederduitsch Gereformeerde gemeente in die Zoutpansberg gestig (Engelbrecht, 1953a:238).

Die Kaapse Kerk het op die sinode van 1870 besluit om 'n deputasie na die Hervormde Kerk en die NG Kerk in die Transvaal te stuur om agter die kap van die byl te kom. Die deputasie het bestaan uit di. J.H. du Plessis van Cradock en A. Steytler van Uitenhage. Die deputasie het op 22 April 1872 in Potchefstroom aangekom. Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering is spesiaal byeengeroep om met hulle gesprek te voer. Hulle was weereens erg aanvallend teenoor ds. Van der Hoff en hom beskuldig dat hy die verwydering tussen die twee

kerke veroorsaak het. Hulle het ook erge kritiek gelewer teen die feit dat ds. T.F. Burgers van Hanover kantselaryheid geniet het in die Transvaal aangesien hy volgens hulle 'n ketter was (Scholtz, 1957:238).

Soos alreeds genoem (§2.3) was Burgers bekend as een van die vrysinnige driemanskap in die Kaap. In 1871 besoek hy die Transvaal. Hy is nie kantselaryheid gegun in die NG Kerk in die Transvaal nie, maar wel in die Hervormde Kerk. Burgers het dan ook met groot lof en eerbied oor die Hervormde Kerk geskryf in sy *Schetsen uit de Transvaal*:

Vrij van het Schotsche Calvinismeen tevens getrouw aan der leer van der vaderen, bezit deze kerk alle vereischten om aan de behoeftes des tijds te kunnen voldoenen. Zonder de deur open te zetten voor ongeloof en losbandigheid, heeft zij tevens de vrijheid de gewetens, het duurgekochte pand der Hervorming, weten te bewaren....Van hare leeraren en leden vordert ij meer getrouwheid aan het Evangelie en geweten dan aan kerkelijke leervormen. Het is om waahreid, niet dogmata; om beginselen, niet om den vorm te doen.

(Burgers, 1872[1934]:28-29)

Dit is dus duidelik dat Burgers by die Hervormers 'n eiesoortige verstaan van die kerklike leer bespeur. Dit is geen wonder dat sy besoek en ontvangs deur die Hervormde Kerk so groot weersin by die meer konfessioneel gesindes gewek het nie. Dat hy egter indruk op die Transvalers gemaak het, is ongetwyfeld. In 1872 word hy met 'n oorweldigende meerderheid van 2964 teenoor 388 stemme verkies as president van die Republiek (Van der Merwe, 2014:s.p.). Of sy verkiesing iets sê oor die Transvalers se verdraagsaamheid / vrysinnigheid is egter onmoontlik om te bepaal.

By die vergadering met di. Du Plessis en Steytler is daar gevra waarom ds. Burgers kanselvryheid geniet het en daar is geantwoord dat enige iemand wat kanselvryheid geniet in die Kaapse Kerk dit ook in die Transvaal geniet (Gerdener, 1930:719). Oor die vraag of die Hervormde Kerk leervryheid duld kom die twee Kaapse predikante tot die gevolgtrekking dat die 'Leervrijheid, indien niet in de wetsbepalingen der kerk toegelaten, in de praktijk echter geduld word (aangehaal uit Scholtz, 1957:241).

Die verslag van die twee predikante van die Kaap doen ook verdere skade aan die verhouding tussen die Hervormde Kerk en die NG Kerk in die Transvaal. So het die twee kerk in gespanne verhouding gestaan teen die einde van ds. Cachet se bediening in die Transvaal.

In 1871 het Cachet in 'n brief aan 'n persoon in Engeland die meegedeel dat dit goed sal wees as daar meer Engelse na die Transvaal kom om die Boere se magsgreep te verbreek. Dit het bekend geword in die Transvaal en het hom baie skade aangedoen. Hy het toe besluit om die Transvaal te verlaat en op 30 Maart 1873 sy afskeid van die gemeente Utrecht geneem. Hy het hom toe gaan vestig in Holland waar hy as voormalige predikant van die Nederduitsch Gereformeerde Kerk beroepbaar was in die Nederlandse Hervormde Kerk, die kerk wat hy in 1866 beskryf het as in alle opsigte afwykend en verderflik. So het Cachet se skeurmakende gedrag in die Transvaal tot 'n einde gekom, maar die skade was toe reeds onherstelbaar (Engelbrecht, 1953a: 219;227)⁴.

⁴ Ds. Cachet na sy vertrek na Nederland weer terug gekeer na Suid-Afrika in 1875. Hy is daarna weer Holland toe in 1880. Daar het hy in 1887 saam met die Doleansie gegaan, maar was so lastig dat hy na Ceylon gestuur is as sendinginspekteur. Hy is sterf in 1899 in Ceylon (Engelbrecht, 1953a:229).

5.5. Slot

Die periode en gebeure wat in hierdie hoofstuk behandel is waarskynlik die belangrikste in terme van die studie aangesien dit in hierdie periode is waar die diskoers oor die leer en vrysinnigheid op 'n spits gedryf is. Dit is ook in hierdie tyd waar daar duidelike bewyse na vore kom dat daar vrysinnigheid by sommige Hervormde predikante te bemark is.

Al die beskuldigings wat teen Van der Hoff gemaak word by Wakkerstroom en deur Jooste in Potchefstroom kan verklaar word. Sy openlike bevraagtekening van die uitverkiesingsleer en sy *quatenus* standpunt is egter nie te betwyfel nie. Dit is 'n duidelike inname van 'n meer vrysinnige standpunt. Sy verstaan van die openbaringsleer en dat die gewete ook 'n vorm van God se Woord is, is ook nie streng ortodoks nie.

Daar moet egter onthou word dat die tydperk val in die middel van die groot stryd teen die vrysinnigheid in die NG Kerk in die Kaap. Hierdie ketterjag is oorgedra deur Cachet na die Transvaal toe. Daar moet verder onthou word dat Cachet grootgeword het en opgelei is in die Réveil kringe wat stoere kampvegters teen vrysinnigheid was. Hy sou waarskynlik met meeste gematigde teoloë fout gevind het. In Van der Hoff se geval was sy beskuldigings waarskynlik geregverdig.

Die Hervormde Kerk as sulks kan egter nie beskuldig word van leervryheid nie, veral as daar gekyk word na die reaksie van Begemann, Smits en Van Warmelo op Van der Hoff se standpunte op die Algemene Kerkvergadering.

Die Hervormde Kerk kan ook nie as vrysinnig afgemaak word as die strenger proponentformule wat aangeneem is in ag geneem word nie, veral in die lig daarvan dat Artikel 7 van die NGB die kerk se standpunt verwoord nie.

Daar moet egter saamgestem word met Du Plessis en Steytler dat daar 'n groter mate van leervryheid in die Hervormde Kerk bestaan het as in die Kaap. Dit kan gesien word in die groot agting wat iemand soos T.F. Burgers in die Hervormde Kerk geniet het.

HOOFSTUK 6

6. DIE TEOLOGIESE DISKOERS TYDENS DIE MISLUKTE KERKVERENIGING VAN 1885

6.1. Inleiding

Die teologiese verskille moes aan die agterspeen suig met die aanbreek van die Eerste Vryheidsoorlog. Dit het egter weer opgevlam toe die kerke in die verenigingsproses ingegaan het.

Pretorius (1986:603-611) stel dat daar agt redes was waarom die kerkvereniging misluk het naamlik:

1. Die nasionaal-politieke dryfveer in plaas van 'n kerklik-teologiese motivering;
2. Die feit dat al die onderhandelinge slegs op sinodale vlak gevoer is en die gemeentes nooit geraadpleeg is nie;
3. Die argelose wyse van optrede van die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk tydens die onderhandelinge;
4. Die houding en optrede van die Algemene Kerkvergadering en die verenigingskommissie van die Nederduitsch Gereformeerde Kerk;
5. Die teologiese verskille tussen die twee kerke waaraan tydens die onderhandelinge hoegenaamd geen aandag gegee is nie;
6. Die uiteindelige vas stelling van die naam van die verenigde kerk;
7. Die onkerkregtelike optrede van die eerste Algemene Kerkvergadering van die verenigde kerk teenoor die Konsulentsgemeente van Pretoria, en laastens;
8. Die verskil in opvatting of die vereniging van die begin af 'n 'nuwe' kerk daargestel het en of dit voorlopig was.

In hierdie hoofstuk gaan daar egter hoofsaaklik gefokus word op die leerverskille wat aanleiding gegee het tot die mislukking.

6.2. Aanloop tot die kerkvereniging

Die mislukte kerkvereniging moet gesien word in die lig van die opkomende nasionale gevoel onder die Afrikaners na afloop van die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881 (Scholtz, 1957:256).

TF Burgers wat in 1872 president geword het, is deur baie in die Kaap as ketter beskou (Moorrees, 1937:917). Die gerugte van vrysinnigheid het hom tot in die Transvaal gevolg waar veral die predikante van die NG Kerk in die Transvaal hom sterk teengestaan het, asook die myners wat die goudvelde van die Oos-Transvaal bewerk het. Cachet het hom openlik teen Burgers uitgespreek toe hy nog in die Transvaal gebly het en het Engelse oorheersing verkies. So ook ds. J.P, Jooste wat die Britse Anneksasie van die ZAR (12 April 1877) en die val van die Republiek en Burgers as die val van vrysinnigheid gesien het (Engelbrecht, 1953a: 182; 270 – 274).

Die Anneksasies was ook 'n netelige kwessie vir die Hervormde Kerk as staatskerk. Die predikante is steeds besoldig deur die regering en die kerkwet was gelyktydig 'n landswet wat deur die owerheid bekragtig en toegepas is. Sir T. Shepstone, wat die Anneksasie gelei het, het gevra dat die Hervormde Kerk die Engelse regering erken, wat die Kerk onder protes gedoen het (Dreyer, 1999a:157). In die geleedere van Hervormde Kerk was slegs ds. H.S. Bosman van Pretoria ten gunste van die Anneksasie. Hy het selfs sover gegaan om die kerkgebou van gemeente Pretoria beskikbaar te stel vir die inswering van Shepstone as Administrateur van die Transvaal. Alhoewel Bosman 'n gebore Transvaler was, het hy sy teologiese studies aan die kweekskool in Stellenbosch voltooi waar hy onder die Kaapse invloed gekom het.

Toe die Eerste Vryheid Oorlog uitbreek het die Transvalers in Desember 1880 bymekaar gekom in Paardekraal. Hulle het drie maande voor die vergadering briewe gestuur na al die predikante in die Transvaal, maar slegs ds. Van Warmelo

het hierop reageer. By Paardekraal is 'n gelofte afgelê waarmee die burgers trou gesweer het aan die Republiek en besluit het om te veg vir hulle vryheid. Nadat die deputasies onder leiding van SJP Kruger na Engeland nie daarin kon slaag om die ZAR se selfbeskikking te herstel nie, het die Eerste Vryheidsoorlog uitgebreek. Dit het ten einde geloop na die Slag van Majuba (27 Maart 1881). Dit was die laaste van vier groot militêre aksies en die Boeremagte het die oorwinning behaal. Na afloop van die Slag van Majuba het die Britse magte aan die ZAR onttrek en is verkiesing uitgeroep wat daartoe gelei het dat Kruger as president verkies is. Die nawerking van hierdie gebeure was 'n sterk eenheidsgevoel onder Afrikaners en Afrikaner-nasionalisme wat ook in die Kaap sterk gegroei het.

Ook Van der Hoff het op gevorderde ouderdom heldhaftig opgetree. Hy het met die inname van Potchefstroom deur die kruisvuur gehardloop om die kerkgebou oop te sluit sodat die boeremagte daarin kon skuil. Mev. Van der Hoff het brandende lappe gemaak om op die strooidak van die landroskantoor te gooi waar die Engelse soldate geskuil het (Engelbrecht, 1953a:265; 274-276).

In die nawerking van die Eerste Vryheidsoorlog is opnuut gesprek gevoer oor moontlike kerkvereniging. Die kerkvereniging het formeel in 1885 plaasgevind, maar daar was alreeds sprake daarvan so vroeg as 1875 by die Sewende Algemene Kerkvergadering van die Transvaalse NG Kerk. Daar kom 'n voorstel, nogal van ds. Jooste, om die verhouding met die Hervormde Kerk te herstel, want, stel hy:

Zij heeft, gedwongen door onze kerk, de Belydenisschriften aangenomen..... Zij heeft rechtzinnige predikanten uit de Ned. Geref. Kerk beroepen; zij heeft de Kaapsche kerk verzocht, haar als susters kerk te erkennen.

(Gerdener, 193:358)

Behalwe vir die bloeiende gevoel van nasionalisme is een van die redes vir kerkvereniging die normalisering van die verhouding tussen die Hervormde Kerk en die NG Kerk in die Transvaal. Hierdie normalisering is te wyte daaraan dat na ds. Van Warmelo se koms in 1864 daar nie meer predikante vanuit Nederland gekom het en die Hervormers predikante vanuit die NG Kerk beroep het. Hierdie regsinnige leraars sou (volgens Scholtz) 'n verandering in die Hervormde Kerk meebring wat dit moontlik gemaak het om aan vereniging te dink (Scholtz, 1957:260). Die predikante wat die na Transvaal beroep is was D.P. Ackermann (1874), Ds. L.G.F. Biccard (1874), J.C. de Vries (1876) en H.S. Bosman (1876) (Du Toit, 2015:3).

Hierdie voorstel is egter verwerp, maar in 1877 dien die beskrywingspunt weer op die Algemene Kerkvergadering van die Hervormde Kerk, ingedien deur ds. Bosman. Die vergadering het hom ten gunste van die voorstel uitgespreek solank die naam Hervormd behoue kan bly. Weens die oorlogsomstandighede het die Algemene Kerkvergadering eers weer in 1881 sitting geneem. In dieselfde jaar het die Tiende Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Gereformeerde Kerk in die Transvaal gesit. Op altwee hierdie vergaderings is komitees verkies van 2 predikante en 5 ouderlinge om die kerkvereniging te bespreek. Die Hervormde Kerk het di. D.P. Ackerman en N.J. Van Warmelo aangewys terwyl die NG Kerk di. H.L. Neethling en H.J. Neethling aangewys het (Engelbrecht, 1953a:281-284).

6.3. Die verloop van die kerkvereniging

Die eerste vergadering van die twee komitees het plaasgevind op 31 Oktober 1882 in Pretoria. Ds. HL Neethling van Utrecht is as voorsitter gekies en Ds. NJ Van Warmelo as skriba. Die Hervormde kerk het as voorwaardes van kerkvereniging gestel (Pont, 1978:295):

1. Dat die naam van die kerk nie sal verander;

2. Dat die verenigde kerk nie sal ondergeskik aan Kaapse sinode wees nie;
3. Dat daar geen gelykstelling tussen wit en swart in die nuwe kerk sal plaasvind nie.

Die drie punte van die Hervormde Kerk is egter eenkant geskuif as van ondergeskikte belang en daar is eers oor die leer gehandel. Ds. HL Neethling het die voorstel gemaak dat Art. 1 van die NG Kerk se Kerkwet voetstoots aanvaar word, maar dit is verwerp. Di. Ackerman en H.L. Neethling is versoek om 'n belydenisgrondslag op te stel wat soos volg lui:

De Commissie, benoemd om een Belijdenis-formule voor de vereenigde Kerk voor te stellen, heeft de eer het volgende aan de vergadering voor te leggen: De Nederduitsch...Kerk van de Z.A. Republiek grondt zich op de Heilige Schrift, het Woord van God; de Leer, hetwelk zij in overeenstemming met dat Woord belijdt, drukt zij uit in de Belijdenis-schriften, gewoonlijk genoemd de Formulieren van Eenigheid, als vastgesteld op de Synode van Dordrecht, 1618 en 1619, bij name de 37 artikelen der Geloofsbelijdenis, de 5 Dordtsche Leerregels en de Heidelbergsche Catechismus. In de uitoefening der Openbare Eeredienst houdt zij zich aan de Liturgische Schriften of formulieren dier kerk...

(Gerdener, 1930:376)

Ds. HJ Neethling van Lydenburg spreek hom egter teen die voorstel uit en dit word verwerp. Die volgende stelling word voorgestel en aanvaar:

De ... kerk in de Zuid Afrikaansche Republiek grondt zich op den Bijbel als Gods heilig, onfeilbaar woord. De Leer, welke zij in overeenstemming met Gods woord belijdt, staat uitgedrukt in de Formulieren van Eenigheid, zooals die zijn vastgesteld op de Synode

van Dordrecht in 1618-19, bij name de Heidelbergsche Catechismus, de 37 artikelen der Nederlandsche Geloofsbelijdenis en de 5 Dordtsche Leerregels.

(Gerdener, 1930:376)

Die verskil in uitgangpunt is aanvoelbaar in die twee stelling. Waar die eerste stelling heel ewewigtig was is die aanvaarde stelling baie streng. Daar is geen sprake van die dubbelsinnigheid wat in byvoorbeeld die bestaande proponentformules van die Hervormde Kerk en die Kaapse kerk bestaan het nie.

Toe die proponentformule onder bespreking gekom het, het ds. Van Warmelo voorgestel dat 'n kommissie die saak gaan bespreek; maar ds. Ackerman het gevra dat die proponentformule van die NG Kerk in die Transvaal punt vir punt hanteer moet word. Die dan ook so gedoen. Kortliks aangehaal lui dit as volg:

Art. 1. Ik ondergeteekende, bedienaar des Goddelijken Woords... verclare...met deze onderteekening, dat ik van harte geloof, dat al de artikelen en leerstukken vervat in de Formulieren van Eenigheid onzer kerk... in alles met Gods Woord overeenkomen...

Art. 2. Ik beloof derhalve, dat ik de leer daarin vervat naarstig zal leeren en getrouwelijk voorstaan, zonder iets daartegen, hetzij heimelijk of in het openbaar, direct of indirect te leeren of te schrijven, alsmede dat ik niet alleen alle dwalingen tegen deze leer strijdende en welke door de Nationale Synode van Dordrecht, 1618 en 1619, veroordeeld zijn, verwerp, maar dat ik ook genegen ben dezelve te wederleggen, tegen te spreken en allen arbeid aan te wenden om dezelve uit de Kerk te weeren.

Art. 3. En indien het mogt gebeuren, dat ik later nog eenig bezwaar of ander inzicht in deze leer krijg, beloof ik dat ik het openlijk noch

heimelijk zal voorstaan, leeren of verdedigen, met spreken, preken of schrijven, voordat ik het schriftelijk aan de Algemeene Kerkvergadering zal openbaren...

(Gerdener, 1930:379)

Hierdie proponentformule is met 'acclamatie', d.w.s. sonder om formeel te stem, aanvaar. Weereens is daar geen dubbelsinnigheid nie en word die tugstappe uitgestippel as iemand hul ondertekening sou verbreek.

Verder in terme van die leer is daar ook gehandel oor die legitimasie van predikante. Die vergadering het toe besluit dat geen predikant van die nuwe kerk bevestig sou word as die persoon nie eers in die Kaap gelegitimeer is nie en nie die Kaapse *Colloquium Doctum* geslaag het nie. Hierdie besluit is geneem ten spyte van ds. Van Warmelo se sterk opponering van die besluit. Hy het gevra om kans gegun te word om skriftelik sy standpunt voor te berei, maar die is nie hom gegun nie en die vergadering het 13 teen een die besluit goedgekeur (Gerdener, 1930:378).

Die volgende saak wat behandel is, is die naam van die nuwe kerk. Hier het ds. H.L. Neethling die ou beskuldigings weer geopper: Dat die naam onwettig is, dat dit 'n teken van vrysinnigheid is, dat die Hervormde Kerk afgestig het van die Kaapse kerk om leervryheid te bevorder. Hy het self so vêr gegaan om te sê dat die Hervormde Kerk geen aanspraak het op haar kerklike eiendom nie. Van Warmelo het hom teengestaan en die gesprek het so warm geword dat daar gewonder is of die onderhandelings sal kan voortgaan. Die volgende dag het Neethling sy stellings verduidelik na protes die Hervormde afvaardiging se protes. Hulle was tevrede en die vergadering kon aangaan. Daar is toe besluit dat die voorlopige naam van die Hervormd of Gereformeerd sal wees totdat daar op 'n volgende Algemene Kerkraadsvergadering die stemme van die verenigde gemeentes oor die saak aangehoor kon word. Die ander sake soos die

gelykstelling tussen wit en swart was die vergadering eensgesind en het verdaag in goeie gees (Pont, 1978:296-267).

Van die drie oorspronklike kerkverenigingsvoorwaardes van die Hervormde Kerk het slegs een bly staan, naamlik geen gelykstelling tussen wit en swart. Deur te besluit dat die naam van die nuwe kerk Hervormde of Gereformeerde is die eerste verenigingsvoorwaarde tot niet gemaak. Deur toe te laat dat die nuwe kerk se leraars in die Kaap legitimeer word is die tweede verenigingsvoorwaarde laat vaar. Tog het die 22ste Algemene Kerkvergadering van die Hervormde Kerk gehou op 27 November 1882 die verenigingskommissie se verslag na slegs een lesing met akklamasie, d.w.s. sonder stemming, eenparig goedgekeur. Slegs die afgevaardigdes van die Konsulentsgemeente van Pretoria te Witfontein het hul teenstemme laat aanteken.

Die Elfde Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Gereformeerde Kerk in die Transvaal is in Maart 1883 gehou. Hierdie vergadering het in kontras met die Hervormde Kerk vir vier dae die verenigingskommissie se verslag bestudeer. Hulle het die verslag ook goedgekeur, maar eers vasgestel wat sommige van die punte beteken veral rondom die legitimasie in die Kaap. Die verenigingskommissies het bedoel dat slegs inkomende predikante in die Kaap moet gelegitimeer word. Die NG Kerk het egter dit so interpreteer dat alle predikante van die nuwe kerk daar gelegitimeer moet word en die *Colloquium Doctum* ondergaan. Dit sou beteken dat Van Warmelo en Smits albei dit sou moes gaan doen, of op straat sit. Die Algemene Kerkvergadering van Mei 1884 het kennis geneem van die NG Kerk in die Transvaal se interpretasie. Die het groot ontsteltenis in die vergadering veroorsaak. Van Warmelo en Bosman het sterk teenoor mekaar gestaan in die verband. Die standpunt wat die vergadering ingeneem het is dat die diensdoende predikante nie aan die legitimasie klousule onderwerp is nie. Hulle het wel dus in beginsel aanvaar dat 'n ander kerk hul predikante kan legitimeer en eksamineer (Engelbrecht, 1953a:290 -295).

Op 26 Januarie 1885 het die verdaagde 23e Algemene Kerkvergadering van die Hervormde Kerk in 'n buitengewone sitting byeengekom. Gelyktydig het die Dertiende Algemene Kerkvergadering van die NG Kerk in die Transvaal sitting geneem. Op die Hervormde Kerk se vergadering het daar verskeie beswaarskrifte gedien teen die vereniging. Dit het gewys dat daar nog groot verskil in standpunt was oor die vereniging in die kerk. Die Hervormde Kerk het ook 'n vraag aan die vergadering van die NG Kerk gestuur of diensdoende predikante weer gelegitimeer moet word. Die NG AKV het geantwoord dat dit nie nodig is nie, maar dat alle diensdoende predikante die nuwe proponentsformule moet onderteken. Hiertoë het die Hervormde AKV ingestem, alhoewel party afgevaardigde geglo het dat daarmee die Ned. Hervormde en Ned. Gereformeerde kerke ophou bestaan het en 'n nuwe kerk tot stand gekom het, in plaas daarvan dat die verenigde kerk 'n voortsetting van die vorige kerke sou wees.

Die twee algemene kerkvergaderings het besluit dat waar 'n gemeente 'n predikant het 'n ander gemeente wat nie 'n predikant het nie, sou absorbeer. Die kerke se ineensmelting het plaasgevind deur die loop van 1885. Die nuwe saamgestelde kerkrade het afgevaardigdes na die eerste sitting van die Algemene Kerkvergadering van die Verenigde Kerk gestuur, wat op 7 Desember 1885 sitting geneem het. Die konsulentsgemeente van Pretoria te Witfontein het egter nooit 'n afgevaardigde gestuur nie en is later as die 'ark' van die Hervormde Kerk beskou (Pont, 1978:297-300).

6.4. Die mislukking van die kerkvereniging

Die Konsulentsgemeente Pretoria (hierna slegs Witfontein) is gestig weens ontevredenheid oor ds. Begemann. Dit het presies dieselfde grense gehad as Gemeente Pretoria, maar was gesetel in die omgewing van vandag se Bronkhorstspuit en is bedien deur ds. Smits as konsulent. Organisasories was

Witfontein dus 'n merkwaardige verskynsel. Dit was egter 'n selfstandige gemeente met hul eie kerkraad. Daar was egter onsekerheid oor hoe die kerkvereniging moet plaasvind binne in die gemeente. In meeste plekke sou die twee kerkrade van die Hervormde Kerk en NG Kerk in die distrik saamsmelt tot een groot kerkraad van die Verenigde Kerk. Maar in die geval was daar twee Hervormde gemeentes in dieselfde distrik. Witfontein is toe gevra om met gemeente Pretoria saam te smelt. Hulle het geweier om dit te doen en ook geweier om 'n afgevaardigde na die Eerste Algemene Kerkvergadering van die Verenigde Kerk te stuur. Op die vergadering wou ds. H.L. Neethling as voorsitter hulle forseer om met Pretoria saam te smelt deur Artikel 11 van die verenigingsooreenkoms op hulle toe te pas. Dit was egter slegs van toepassing op die samesmelting tussen Ned. Gereformeerde en Ned. Hervormde gemeentes en nie twee Hervormde gemeentes nie. Witfontein het in elk geval die opdrag geïgnoreer en op 23 Desember besluit dat hulle sal bly voortbestaan as die Nederduitsch Hervormde Gemeente van Suid Afrika (Pont, AD; Botha SJ; Storm, JMG 1986, 1977:45).

Die erns en hartstog waarmee Witfontein die saak benader het kon duidelik na vore in hulle verklaring wat die vergadering van 13 Februarie uitgereik het.

De vergadering dezer gemeente tot bespreking harer geestelijke belangen, verkaart zich onder geene omstandigheden aan een dwangbesluit te onderwerpen...Gevoelt ons integendeel tevreden te blijven wij was en nu nog ben, namelijk: Ned Herv. ... Van deze kerk onzer vaderen willen wij geen afstand doen en verzoek onze Eerw Kerkeraad iedere geoorloofde middel in het werk te sellen en hunne uiterste best te doen, opdat dit kostbaar keinoed voor ons en onze kinderen bewaard moge blijven

(aangehaal uit Pont et al, 1986:47)

Opmerklik in die gedeelte is die brief van die gemeente oor die dwang wat hulle ervaar het. Dit eggo die gevoel van die Psalmiste oor die invoering van die Psalms.

Witfontein het woord by daad gevoeg en reeds so vroeg as Desember 1885 besluit om 'n predikant van hul eie te beroep. Hulle het aan verskeie persone in Nederland geskryf om 'n predikant te beroep, onder andere Dr. W.J. Leyds, aan wie ouderling Christiaan Joubert, vise-president van die Republiek, geskryf het. Leyds het weer op sy beurt aan Prof. J.P. Moltzer geskryf:

“Chr, Joubert will iemand hebben van gematigd liberale rigting zoals hij zich uitdrukken” Leyds voeg dan by dat “Vooreerst moet ik u erop wijzen dat wat in Holland gematigd modern in het teenwoordigen tijd wordt genoem, niet hetzelfde is wat Chr. Joubert er onder verstaat. Zulk een persoon hij bedoelt, zou bij ons (in Nederland meen ik) nog voor tamelijk orthodox doorgaan. In geen geval mag hij geen drijver zijn”.

Die persoon moes ook

“een vast onwrikbaar Hervormde leraar (moest) zijn die bekwaam is en ook gewillig om te alle tijden zich tegen on tegenpartij te kunnen verdedigen en de eer van de Hervormde Kerk te handhaven”.

(aangehaal uit Pont et al, 1986:48; Scholtz, 1957:8)

Dit is belangrik om te let op prof. Moltzer se woorde dat iemand wat gematigd vrysinnig sou wees in Suid-Afrika, in Nederland steeds tot die konfessionele rigting gereken sou word. Maar bo alles moes die predikant iemand wees wat die reg van die Hervormde kerk sou verdedig en 'n volksman sou wees (sien Botha, 1987:645 – 646).

Die wens is vervul toe ds. M.J. Goddefroy op 30 September 1887 in die Hervormde Gemeente Witfontein / Pretoria deur ouderling C.J. Joubert bevestig is. Van sy werk ywer kan daar veel gespreek word. Behalwe dat hy verantwoordelik was vir die bediening in die gekombineerde gemeentes van Pretoria, Witfontein, Standerton en Middelburg was hy konsulent vir al die Hervormde gemeentes in die Republiek. Tot en met 1891 (toe ds. J. van Belkum beroep is na Rustenburg) was hy verantwoordelik vir 13 gemeentes en 17 erediensplekke (Engelbrecht, 1953a:305;318-320).

In Mei 1889 het die Algemene Kerkvergadering van die verenigde kerk besluit op die naam Nederduitsch Hervormd of Geformeerde Kerk as die amptelike naam van die Kerk. Ds. C.W. du Toit, predikant van Potchefstroom, het protes aangeteken alhoewel hy in Stellenbosch studeer het. Hierdie besluit is geneem nadat 'n stemmery in al die gemeentes gehou is. Van die 7606 stemme wat ontvang is het 2882 vir die naam Nederduitsch Hervormd of Gereformde Kerk gestem terwyl 1906 vir die naam Ned. Hervormde Kerk gestem het. In totaal het die naam Nederduitsch Gereformeerde Kerk slegs 142 stemme gekry (Scholtz, 1957:32).

Die besluit oor die naam van die verenigde kerk het aanleiding daartoe gegee dat baie Hervormers besluit het om finaal met die vereniging te breek. Die keuse van naam is aangegee as 'n verbreking van die ooreenkoms wat geteken is in 1882 toe die vereniging begin is en daar gestel is dat daar tussen die twee name gekies sou word. Hierdie keuse van naam sou dan ook die kerklike eiendomme in gevaar bring want die eiendom moes op die naam van die verenigde kerk getransporeer word. Om dit te voorkom en om die regte van die Hervormers te beskerm wat nie meer met die vereniging wou saamgaan nie, is daar in 1890 'n prokurasiekommissie gevorm (Engelbrecht, 1953a:333-336).

Dit is 'n legitieme vraag om vra, asof dit Christelik verantwoordbaar is om iets soos kerkvereniging te ontwig oor 'n naam. Pont druk dit egter goed uit as hy sê:

...die enkele woord Hervormd, die uitdrukking vir vele gemeentelede geword van alles wat hulle gevoel en gedink het oor hulle Kerk in die republiek en sodoende het die naam ook 'n simbool geword wat sowel intellektuele as emosionele reaksies kon uitlok.

(Pont, 1955:136)

Die naam 'Hervormd' het dus die onafhanklikheidstrewende van die Transvalers versinnebeeld. Dit word baie duidelik in die briewe van onderwyser W. Louis wat in opdrag van die Witfonteiners aan dr. G. Beelaerts van Blokland skryf om te help met die beroep van 'n predikant. Louis beskryf die Hervormers as volg:

“De oude hervormde partij is heeltemaal voortrekkers element en Krugergezind (Anti-Kaapsch, Anti-Engelsch), redenen waarom president Kruger ook zoo gaame de Hervormde Kerk weer op de been zag”.

Op 21 Januarie 1887 het hy laat volg:

“Mocht toch de a.s. predikant van die Hervormde Kerk maar een man zijn die bij een vroom gemoed, alle lust heeft om te staan tegenover de Kaapsche partij, wier ernstig streven is om ons zoo spoedig mogelijk Engelsch te maken”.

(aangehaal uit Botha, 1987:645-646)

Dit is dus duidelik dat die naam van die Hervormde Kerk oor veel meer gegaan het as net 'n naam. Ironies genoeg sou die kerkvereniging wat om politieke redes aangeknoop is ook om politieke redes skipbreuk lei.

Daar het verder die eienaardige situasie ontstaan dat twee Hervormde kerke daarop aanspraak maak het dat hulle die historiese voortsetting van die Hervormde Kerk voor die kerkvereniging was, te wete die Hervormers wat onder die prokurasiekommissie geval het met ds. Du Toit as predikant en die Witfonteinse Hervormers met ds. Goddefroy as predikant. Aanvanklik was daar ook spanning tussen die twee groepe. Die Witfonteiners het die lojaliteit van die Prokurasiegroep gewantrou en die Prokurasiegroep het die regsinnigheid van ds. Goddefroy betwyfel na aanleiding ds. Bosman se sewe artikels in die *Volkstem* waarmee hy Goddefroy aangeval het en later uitgegee is as *De leerkwesie* (Botha, 1995:1158). A.D.W. Wolmarans, sekretaris van die Prokurasiekommissie druk dit as volg uit:

“De aanval van Ds. Bosman op Ds Goddefroy, omtrent diens leer, de gemeenteleden huiverig had gemaakt en gewone leken moeilijk over de al of niet rechtzinnigheid van een predikant konden beslissen.

(Wolmarans, sa:64)

6.5. Goddefroy kontra Bosman

Die beskuldigings teen ds. Goddefroy sou dan ook die groot slagveld wees van die mislukte kerkverenging in terme van leer. Dit is interessant dat die ‘leerverskille’ eers na die mislukking van die kerkvereniging indringend bespreek is. Dit wys dat die kerkvereniging eerder deur politiek-ideologiese oorwegings gedryf is as deur kerklike-teologiese oorwegings.

Bosman reageer op ’n brief van ’n ene Janus wat drie getuienisse lewer (een van die getuienisse is Van der Hoff se brief aan Wakkerstroom, sien §5.4). Hy skryf sewe briewe in die *Volkstem* tussen 7 Januarie en 7 Februarie 1889. In hierdie briewe maak hy 25 beskuldigings. Ds. Goddefroy besluit om die Hervormde Kerk te verdedig, maar doen dit in boekvorm wat gepubliseer word in Mei 1890. Hier word net enkele van die beskuldigings bespreek.

'n Bekende beskuldiging wat Bosman maak is dat die naam Hervormd gelyk aan vrysinnig is (Goddefroy, 1890[1991]:83). Die saak is egter al breedvoerig bespreek.

'n Volgende saak wat ds. Bosman aanroer is die *Kortbegrip* wat Goddefroy vir die kategese opgestel het. Eerstens het Bosman vir Goddefroy daarvan beskuldig dat hy die naam Jesus van Saligmaker na 'Behouder' verander het. Dit is egter 'n tegniese vraag na Bybelvertaling (Goddefroy, 1890[1991]:113).

Bosman se tweede probleem met die kortbegrip is dat Goddefroy in vraag 60 stel dat die doop nie onmisbaar is vir saligheid nie, maar dat geen opregte gelowige ongedoop sal wil bly nie. Hierop beskuldig ds. Bosman vir Goddefroy dat hy die kinderdoop verwerp. Goddefroy wys dat verskeie mense volwasse gedoop is in die Bybel, maar dat hy nie die kinderdoop verwerp nie, maar spreek na 'n verlange by mense om gedoop te word (Goddefroy, 1890[1991]:116).

Die belangrikste beskuldiging wat Bosman gemaak het, het te doen met die nuwe proponentsformule wat die Hervormde Kerk in 1888 tydens die eerste Algemene Kerkvergadering na die kerkvereniging aanvaar het. Volgens Bosman het die Hervormde Kerk die *quia* standpunt laat vaar en 'n *quatenus* standpunt aanvaar (Goddefroy, 1890[1991]:39-42).

Die wesentliche verskil tussen die bestaande formule en die nuwe formule was daarin geleë dat voortaan nie van die kandidaat verwag sou word om 'n formule te onderteken waarin '... hij belooft getrouw en oprecht de leer van die Ned Herv Kerk te prediken ...', maar dat die kandidaat verklaar

... oprechtelijk het Evangelie der Genade overeenkomstig Gods Woord en in overeenstemming met de formulieren der Ned Herv Kerk, zooals die zijn vastgesteld door de Nationale Sijnode van Dordrecht in 1619 en 1619 te zullen prediken en leeren...

(aangehaal uit Botha, 2000:891)

Daar is 'n klemverskuiwing te sien. Waar die vorige formule die klem op die korrekte leer en die belydenisskrifte geplaas het wat ook die inhoud van die prediking vorm, plaas die nuwe formule die klem op die prediking van die evangeliese boodskap en die Woord, wat in elk geval met die belydenisskrifte moes ooreenstem. Volgens Botha was Goddefroy se standpunt dat dit onmoontlik is om 'volgens de oude formule te belooven de leer ener Kerk te verkondigen'... predikanten hebben een hogere roeping...prediken van het Evangelie der behoudenis overeenkomstig Gods Woord aan Zondaren (aangehaal uit Botha, 2000:892). Goddefroy wou dit duidelik maak dat die kerklike leer nie op dieselfde vlak gestel kon word as die Bybel nie. Hy beroep homself op Artikel 7 van die NGB. Hy verwerp ook die aantyging dat om aan te dring op hierdie onderskeid die Hervormde Kerk nou 'n *quatenus* kerk maak want 'te denken aan een *quatenus*, waardoor de gehele ondertekening willekeurig word, gelijk staat met niet ondertekening' (Goddefroy, 1890[1991]:39-40).

Vir volledigheid is dit nodig om te noem dat alhoewel hierdie nuwe proponentsformule in 1888 eenparig aanvaar is het dit nooit van krag geword nie aangesien die ou formule in die kerkwet opgeneem is en die kerkwet steeds fungeer het as die grondwet van die Hervormde Kerk (Botha, 2000:892).

Ds. Goddefroy het streng gehou by sy standpunt in sy geskrif. Hierdie standpunt kan dan as die opsomming van sy teologie en die teologie van die Hervormde Kerk gesien word (sien Oberholzer, 1993:870 – 887):

Geen Christendom zonder Christus; geen Kerk zonder belijdenis, maar ook geen belijdenisschrift of formulier boven of nevens het onbedrieglijke Woord des Heeren.

(aangehaal uit Botha, 1979:88)

Die geskrif van ds. Goddefroy was dan ook genoeg om die Hervormers wat as deel van die Prokurasiegroep sy regsinnigheid betwyfel het, tevrede te stel. Die twee groepe het finaal verenig in 1894 toe daar 'n gesamentlike Algemene Kerkraadsvergadering gehou is (Botha, 1995:1161).

6.6. Slot

In terme van die studie is die res van die gebeure in sake die mislukte kerkvereniging onbelangrik. Dit word egter ter volledigheid vermeld.

Die prokurasiekommissie het die verenigde kerk die stryd aangesê en dit het 'n hoogtepunt bereik in 1892 toe die kerkraad van die Hervormde gemeente die kerkraad van die Verenigde gemeente gedagvaar het vir eiendomme van Trichardtsfontein (Standerton). Die Hooggeregshof het op 5 Junie 1893 besluit dat die kerk 'n *universitas* is wat slegs deur die toestemming van al sy lede opgehef kan word teenoor 'n *societas* wat deur 'n meerderheidstem opgehef kan word. Die kerkvereniging is as *ultra vires* verklaar en dat enige lidmaat van die gemeente wat nie met die vereniging saam gegaan het nie die voortsetting van die oorspronklike gemeente was. Met hierdie besluit is die Hervormde Kerk as regspersoon weer herstel. (Engelbrecht, 1953:349-353;361; Scholtz, 1957:90).

Die Hervormde Kerk het met die Kerkvereniging ongeveer 'n derde van sy lidmate verloor. Die verhouding van die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk en die Hervormde Kerk het vir lank troebel gebly. So kry die drie Hollands-Afrikaanse susterskerke in 1894 hul finale beslag.

In terme van die studie kan daar gestel word dat leerverskille nie 'n groot rol gespeel in die aanvanklike onderhandelinge gespeel het nie, hoewel Artikel 1 van die Ned. Gereformeerde Kerkwet eerste behandel is. Daar is maklik oor die leer eenstemmigheid bereik aangesien beide kerke dieselfde belydenisskrifte onderskryf het. Daar was egter nuanse verskille te bespeur in die manier hoe die

Ned. Hervormde Kerk en die Ned. Gereformeerde Kerk in die Transvaal die belydenisskrifte hanteer.

Hierdie verskille kom skerp na vore na die mislukking van die kerkvereniging, veral tussen Goddefroy en Bosman. Bosman dring aan op 'n streng handhawing van die belydenisskrifte terwyl Goddefroy pleit vir 'n gematigde verstaan van de belydenisskrifte omdat die Skrif altyd die meeste gesag dra.

Uiteindelik was dit nie leerverskille wat die mislukking van die kerkvereniging veroorsaak het nie, maar politieke-ideologiese verskille omdat die oud-Hervormers gevrees het vir politieke oorheersing deur die Engelse en gelykstelling tussen die verskillende rasse.

HOOFSTUK 7

7. GEVOLGTREKKINGS

7.1. Samevatting van navorsingsresultate

In Hoofstuk 2 is daar gesien dat die 19de eeu gekenmerk is deur stryd tussen die vrysinniges wat in die gees van die Verligting die teologie en kerk wou hervorm en die konfessioneel gesindes wat die ortodokse leer wou beskerm. Hierdie stryd het op verskeie vlakke uitgespeel en ook die kerklike gebeure in Suid-Afrika beïnvloed.

In Hoofstuk 3 is daar aangetoon dat die Hervormde Kerk, wat sedert 1842 in die Transvaal gevestig het op onafhanklikheid van die Kaapse kerk aangedring het, veral na die koms van ds. Dirk Van der Hoff. Dit was egter nie omdat ds. Van der Hoff sy eie vrysinnige koninkryk wou bou soos dikwels beweerd is nie, maar eerder 'n uitvloeisel van die Voortrekkers se politieke onafhanklikheidsstrewes.

Ons het verder beredeneer dat daar nie voldoende bronne uit die 1850's bestaan om Van der Hoff of die Hervormde Kerk van vrysinnigheid te beskuldig nie. Dit is ook nie noodwendig dat Van der Hoff vrysinnig was weens sy opleiding in Leiden nie.

In Hoofstuk 4 is daar vasgestel dat die stigting van die Gereformeerde Kerk in 1859 nie as gevolg van leerverskille was nie, maar as gevolg van die gedwongen sing van Gesange, die kerkregering in die Hervormde Kerk (die gesag van die Algemene Kerkvergadering) en 'n verskil in lewensbeskouing. Die sing van die Gesange was vir die Hervormers nie 'n teken van vrysinnigheid nie, maar 'n oorgeërfde gebruik vanuit die Kaap wat vir baie na aan die hart gelê het.

In Hoofstuk 5 is daar met verskeie leersake bespreek. Ds. Van der Hoff is eerstens aangekla dat hy 'n afwykende siening oor wedergeboorte het, maar van die klag het daar niks gekom nie. Volgende het hy die uitverkiesingleer en die

Leerreëls van Dordt bevestigte en het hy ook 'n *quatenus* standpunt ingeneem of te wel dat die belydenisskrifte slegs waar is in soverre dit ooreenstem met die Skrif. Hy het ook op twee verskillende geleenthede die Nederlandse Geloofsbelydenisse bevestigte. Albei hierdie gevalle is egter verdedigbaar.

In Hoofstuk 6 is daar gewys dat die politiek-ideologiese oorwegings die teologiese verskille tussen die Ned. Hervormde Kerk en die Ned. Gereformeerde Kerk in die Transvaal op die agtergrond gedryf het. Hierdie verskille het egter nie verdwyn nie en mens kon dit sien in die nuanse verskille tussen byvoorbeeld die proponentformule wat die Ned. Hervormde Kerk en die Ned. Gereformeerde Kerk aangeneem het.

Die kerkvereniging was in werklikheid doodgebore omdat dit nie die teologiese nuanses verdiskonteer het nie en omdat die Hervormde Kerk steeds op haar onafhanklikheid aangedring het. Die leerverskille het eers later opgevlam tussen Bosman en Goddefroy toe die kerkvereniging se mislukking al 'n uitgemaakte saak was. Selfs hier was die leerverskille gering en meer die gevolg van klemverskille in die leer as enige iets ander.

7.2. Gevolgtrekkings

Uit die bogenoemde is dit duidelik dat die beskuldigings van vrysinnigheid hoofsaaklik herlei kan word na ds. Dirk Van der Hoff, veral die woorde wat hy gebesig het op 20 November 1865 tydens die Vyftiende Algemene Kerkvergadering. Dit wat hy oor die uitverkiesingsleer gesê het en dat hy net aan die belydenisskrifte gebind is in soverre dit ooreenstem met die Skrif, was 'n bron van groot ontsteltenis. Wat dit betref is die beskuldiging van vrysinnigheid teen Van der Hoff waarskynlik korrek.

Dit is verstaanbaar dat dit binne die diep konserwatiewe gemeenskap van die Transvaal oproering veroorsaak het. As gevolg van die feit dat Van der Hoff vir

lank die enigste predikant in die Transvaal was, was sy naam met die Hervormde Kerk sinoniem. Die Hervormde Kerk kan egter nie as vrysinnig afgemaak word as gevolg van die aksies van een van haar leraars nie. Die optrede van die Algemene Kerkvergadering teen Van der Hoff en die amptelike stukke van die Kerk getuig dat die Hervormde Kerk nie vrysinnigheid sondermeer geduld het nie. Die Hervormde Kerk het wel met groter verdraagsaamheid met leerkwessies omgegaan. Die Hervormde Kerk kan agterlosigheid beskuldig word in terme van opsighandelinge in die hantering van Van der Hoff se saak. Dit moet egter in gedagte gehou word dat daar groot waardering vir Van der Hoff bestaan het, dat hy uiters moeilike pioniersomstandighede bereid was om sy lewe en kragte aan die Hervormde Kerk en ZAR te wy.

Die vraag is steeds waarom die beskuldiging van Hervormde vrysinnigheid kort-kort na vore gekom het. Die beskuldiging van vrysinnigheid teen die Hervormde Kerk kom tydens die vestiging van die Hervormde Kerk, die afskeiding van die Gereformeerde Kerk, die afskeiding van die Ned. Geformeerde Kerk en na die mislukte kerkvereniging soos 'n refrein na vore. Dit is in die twintigste eeu met akklamasie deur verskeie kerkhistorici herhaal en nuut opgedis.

Die antwoord lê waarskynlik daarin dat hier 'n vorm van historiese projeksie teenwoordig is. Die een aanduibare voorval van vrysinnigheid (Van der Hoff se 1865 uitspraak, soos bespreek) word in die geskiedenis teruggeprojekteer en het kerkhistorici se interpretasie van die kerkgeskiedenis en beoordeling van Hervormde teologie grondig beïnvloed. 'n Goeie voorbeeld hiervan is Prof. J.L. Cachet in sy *Gedenkboek*. In sy bespreking van die totstandkoming van die Hervormde Kerk (Cachet, 1909: 22) skryf hy:

Onze menschen hadden zoo ver nu hun wensch verkregen [om 'n predikant te bekom – WAD], maar dit help niet veel. Ds. vd Hoff was

niet rechtzinnig en bepaald gekant teen het leerstuk der Uitverkiezing.
Ja, in een Algem. Vergadering 20 Nov. 1865 seide hij....”

’n Verdere voorbeeld is H.S. Bosman (1923:20) wat oor die afskeiding van die Gereformeerde Kerk die skryf dat die afskeiding plaasgevind het omdat hulle

“een man zooals Ds. Van der Hoff aantrof, die liberaal gezind was en openlijk met bet leerstuk der uitverkiezing de spot dreef, en na grondige kennisname van kerklijke en godsdienstige toestanden in de Transvaal, er toe overging zijn eigen Kerk alhier te stichten. Omtrent deze stap besloot zijn Synode als volgt: ‘Wij hebben ons afgescheiden van de Nederduitsch Hervormde Kerk in de Z.A.R. omdat die Kerk weigerde gereformeerd te zijn. Wij zijn dus uit die bedorvene Kerkgemeenschap uitgetreden omdat zij ons bleek de valsche Kerk te zijn.’”

Daar kan nog voorbeelde genoem word waar Van der Hoff se uitspraak van oor die uitverkiesing toegepas is op al Van der Hoff en die Hervormde Kerk se optrede en besluitneming. Die woorde van ds. Van der Hoff het vir baie jare die ganse geskiedskrywing oor die Hervormde Kerk gekleur. Dit toon ’n baie vereenvoudigde verstaan van die geskiedenis wat eerder op polemiese en ideologiese motiewe berus.

Aan die ander kant is dit ook opvallend dat die kerkgeskiedskrywing van die Hervormde Kerk self die uitsprake van ds. Van der Hoff op die 20ste November 1865 totaal verswyg word. Engelbrecht vermeld niks daarvan nie en bespreek slegs die naamkwessie en die proponentsformulier (Engelbrecht, 1953a:201-216). So ook Pont (1978:283 -284) en so ook Dreyer (1999a:152).

Die vraag is dus: Is die beskuldiging van vrysinnigheid teen die Hervormde Kerk deur veral 20ste eeuse kerkhistorici geregverdig? Die antwoord is negatief, omdat

een persoon se uitsprake nie die geaardheid van 'n hele Kerk tipeer nie. Van der Hoff was ten opsigte van sy verstaan van die uitverkiesing nie ortodoks gereformeerd nie. Dat Van der Hoff bekend daarvoor was dat hy in die hitte van die stryd opvlieënd kon raak en kras uitsprake gemaak het, is ook nie te betwyfel nie.

7.3. Moontlikhede van verdere studie

Die moontlikhede vir verdere navorsing is baie. Eerstens kan daar 'n studie gedoen word van die resepsie van die Dordtse Leerreëls en die verstaan van die uitverkiesingsleer in Suid-Afrika. Immers was dit die bron van konflik, nie net met Van der Hoff nie, maar ook in die Kaapse kerk in die debat tussen Kotze en Murray waarna vroeër verwys is.

Tweedens kan daar verder uitgebrei word of die verdraagsaamheid teenoor leervryheid deur die koms van Nederlandse predikante na Transvaal versterk is. Dit is onwaarskynlik, aangesien die Ruysch van Dugteren saak in 1911 plaasvind en leervryheid daar afgewys word. Dit sal egter interessant wees om te sien hoe dit die teologiese geaardheid van die Hervormde Kerk bepaal het, en verder wat Hervormde teologie sou wees?

Derdens kan daar 'n studie gemaak word oor die ideologiese vertrekpunte wat kerkgeskiedskrywing in die verlede beïnvloed het. Tot watter mate het kerkhistorici foute of tekortkominge verswyg, of die kerkgeskiedenis op 'n bepaalde wyse beskryf ter wille van 'n eie politieke of kerklike agenda?

'n Vierde moontlikheid lê nie op die terrein van teologiegeskiedenis, maar kerkreg. Opvallend was die aanhoudende klem wat daar gelê is dat daar geen gelykstelling mag wees tussen wit en swart nie. Hierdie is 'n belangrike aspek wat in ag geneem moet word by die bestudering van byvoorbeeld die Hervormde Kerk

se aanvaarding van Artikel 3/Ordinansie 3 wat stel dat die Hervormde Kerk 'n kerk
slegs vir witmense is.

BRONNELYS

- Abels, PHAM & De Groot, A. 2006. De achttiende eeuw, in HJ Selderhuis (red.), *Handboek Nederlandsche Kerkgeschiedenis*, 497-596. Kampen: J. H. Kok.
- Bernstein, R 1983. *Beyond Objectivism and Relativism: Science, Hermeneutics, and Praxis*. Oxford: Basil Blackwell.
- Bristow, W 2001. Enlightenment, in EN Zalta (red.) *The Stanford Encyclopedia of Philosophy*, Somer 2011. Verkrygbaar by <https://plato.stanford.edu/cgi-bin/encyclopedia/archinfo.cgi?entry=enlightenment> laas ontsluit 3/8/2017 15:53.
- Bromiley, GW 1978. *Historical Theology: An Introduction*. Edinburgh: T & T Clark
- Brown, W 1987. Ongepubliseerde Phd proefskrif: Dominee Johannes Henoch Neethling Hzn 1851-1904: Yweraar vir Godsvrug. Universiteit van Stellenbosch.
- Bos, D 1999. *In dienst van het koninkrk: Beroepsontwikkeling van Hervormde predikanten in negentiendeeeuws Nederland*. Amsterdam: Bert Bakker.
- Bosman, HS 1923. *Een terugblik op kerklijke en godsdienstige toestanden in de Transvaal*. Kaapstad: van de Sandt de Villiers.
- Botha, SJ 1979. *Ds. Marie Joseph Goddefroy, 1848 – 1920: Sy lewe en betekenis*. Pretoria: HAUM.
- Botha, SJ 1987. Ds. Marie Joseph Goddefroy as volksman, in *HTS* 43/4, 642 – 660.
- Botha, SJ 1994. Ortodoks as slagspreuk en liberaal as etiket, *HTS* 50/1&2, 257-271.

- Botha, SJ 2000. Die proponentsondertekeningsformule van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, in *HTS* 56/4, 885 – 904.
- Brummer, V. Uitverkiesing en evangeliese spiritualiteit, in *Litnet Akademies* 13/1. verkrygbaar by <http://www.litnet.co.za/uitverkiesing-en-evangeliese-spiritualiteit/> > laas ontsluit 25/7/2016 12:24.
- Burgers, TF 1934 [1872]. *Schetsen uit de Transvaal* heruitgegee en van aantekening voorsien deur SP Engelbrecht. Pretoria: JH de Bussy.
- Cachet, FL 1882. *De worstelstrijd der Transvalers*. S.P. Hoverker en Wormser
- Cachet, JL 1909. *Gedenkboek van het 50-jarige bestaan van der Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika*. Potchefstroom: AH Koomans
- Cloete, H 1856. . *Five lectures on the emigration of the Dutch Farmers*. S.l. s.n.
- Conradie, E 1934. *Hollandse Skrywers uit Suid-Afrika, Deel I en 2 (1652-1875) 'n Kultuur-Historiese studie*. Kaapstad: HAUM
- De Groot, A 2001. 1815-1876: Een hervormde opleiding, in A de Groot en OJ de Jong (red), 36-47. *Vier eeuwen theologie in Utrecht*. Zoetermeer: Meinema.
- De Jong, J 1978. *Nederlandse Kerkgeskiedenis*. Nijkerk: Callenbach.
- Davenport, TRH & Saunders, C 2000. *South Africa: A Modern History*. London: Macmillan.
- Dreyer, A 1924. *Eeufees – Album van de Nederduitsch Gereformeerde - Kerk in Zuid-Afrika, 1824- 1924*.Kaapstad: ZA Bybelvereniging.
- Dreyer, JGM 1953. Hervormd as kerknaam gehandhaaf. Pretoria: s.n.
- Dreyer, PS 1974. *Inleiding tot die filosofie van Geskiedenis*. Pretoria. HAUM.

- Dreyer, WA (snr) 1999a. *Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika: Die eerste 250 jaar 1652 -1902*. Pretoria: Kital.
- Dreyer, WA (snr.) 1999b. Tussen ortodoksie en vrysinnigheid. In DJC van Wyk (red.), *20ste eeu Hervormde Teologie*, 226-238. Pretoria: Sentik.
- Dreyer, WA (snr) 2014. Wanneer een twee word: 'n Perspektief op resente gebeure in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, in HTS 70/1, Art. #2054, 16 blaaie. [http:// dx.doi.org/10.4102/hts. v70i1.2054](http://dx.doi.org/10.4102/hts.v70i1.2054).
- Dreyer, WA (snr.) 2015. Kerkgeskiedenis: 'n Herbesinning in aansluiting by Gerhard Ebeling, *Tydskrif vir Hervormde Teologie (THT)*, 3/3. 59-75.
- Du Plesiis, J, 1925. *De Gereformeerde Kerk In wording en werking*. Paarl: Paarl's Drukkers.
- Du Toit, F., 2015, 'Die oor-en weer beroep van predikante tussen die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika: 1862–1917', HTS Teologiese Studies/ Theological Studies 71(3), Art. #3060, 8 pages. <http://dx.doi.org/10.4102/hts.v71i3.3060>
- Du Toit, S 1970. *Handleiding vir die studie van die Kerkgeskiedenis*. Potchefstroom: Pro Rege pers.
- Edwards, OC 1992. The ecumenical church historiography project, in *Ecumenical Trends* 21. 28-32.
- Elpis II, *Algemeen Tijdschrift voor Zuid-Afrika*, 1858
- Engelbrecht, SP 1941. *Die Ned. Herv Gemeente Volksrust (Wakkerstroom), 1861 – 1941*. Pretoria: s.n.
- Engelbrecht, SP 1948. *Die oudste Gemeente in Transvaal*. Pretoria: s.n.

Engelbrecht, SP 1949. Staatkundige strominge in Transvaal in die jare 1836-1857, *HTS* 5/1-2, 118-127

Engelbrecht, SP 1950. Ware kerk en 'n Valse kerk, *HTS* 7/1, 19-37.

Engelbrecht, S P 1953a. Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Derde hersiene en vermeerderde uitgawe. Kaapstad-Pretoria: HAUM- J H de Bussy

Engelbrecht, SP 1953b. Ds. Frans Lion Cachet, in *HTS* 93/4, 181-230.

Engelbrecht, SP 1957. GD Scholtz se Gekiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk, in *HTS* 12/4, 5-42.

Evans, GR 1996. *Method in Ecumenical Theology: The lessons so far*. Cambridge: Cambridge University Press.

Fourie, CG, 1997. Ongepubliseerde Phd proefskrif: Aspekte van Gereformeerde spiritualiteit in die Nederduitse Gereformeerde Kerk (1850 – 1950): 'n Kerkhistoriese studie. Univertsiteit van Pretoria.

Gedenkboek van die Teologiese Seminarie, 1934. Stellenbosch: Pro Ecclesia

Gerdener, GBA, 1930: *Boustowwe vir die Geskiedenis van die Nederduits-Gereformeerde Ker in die Transgariëp*. Kaapstad: Nasionale Pers.

Gerdener, GBA 1934: *Geskiedenis van die NED. Geref. Kerke in Natal, Vrystaat en Transvaal*. Kaapstad: Nasionale Pers

Goddefroy, MJ 1991[1890]. *De Kerkwessie: Nie 'n leer-, maar 'n lewenskweessie*, heruitgegee en vertaal deur SJ Botha. Pretoria: Kital.

- Haitjema, TL 1954. *De richtingen in de Nederlandse Hervormde Kerk*. Wagening: H Veenman & seuns.
- Haitjema, TL 1964. *Die nuiewere geskiedenis van die Kerk der Hervorming*. Appeldoorn: Boekencentrum.
- Halle, F. 2007, 'The origins of the Free Protestant Church in South Africa : David Faure contra Dutch Reformed Calvinism', *Studia Historiae Ecclesiasticae*, vol. XXXIII, no. 1, pp. 327-350.
- Harinck, G & Winkeler, L 2006. De negentiende eeuw, in Selderhuis, HJ (red.), *Handboek Nederlandsche Kerkgeschiedenis*, 598-722. Kampen: J. H. Kok.
- Hofmeyer, S [1870] 1963. Hoe de Afscheiding ontstaan is, herdruk in *HTS* 16/2, 105-133.
- Jooste, JP [1870] 1963. Ope brief aan ds. D. Van der Hoff, in *HTS* 18/4, 170 – 180.
- Jooste, J.P. 1959. *Die geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1859-1959*. Potchefstroom : Herald.
- Joint declaration on the doctrine of justification*, 1991. Verkrygbaar by http://www.vatican.va/roman_curia/pontifical_councils/chrstuni/documents/rc_pc_chrstuni_doc_31101999_cath-luth-joint-declaration_en.html ontsluit laas 31/7/2017 20:46.
- Kagchelland A & Kagchelland M 2009. *Van Domper en Verlichting: Een onderzoek naar de confrontatie tussen het vroege protestantse Reveil en die Verlichting in Nederland (1815 – 1826)*. Delft: Eburon.
- Klooster, R 2001. *Groninger Godgeleerdheid in Friesland 1830 – 1872*. Ljouwert: Fryske Akademy.

- Knappert, L 1912. *Geschiedenis der Nederlandsche Hervormde Kerk gedurende de 18e en 19e eeuw*. Amsterdam: s.n.
- Koekemoer, JH 1999. Die Kerk en Belydenisskrifte. In D.J.C. van Wyk (Red.), *20ste eeu Kerkgesiedenis*, 135-141. Pretoria: Sentik.
- Kruger, LS 1957. *Waarom is U lid van die Gereformeerde Kerk*. Verkrygbaar by http://www.enigstetroos.org/pdf/KrugerLS_WaaromIsULidVanDieGereformeerdeKerk.pdf ontsluit laas 31/7/2017 02:10.
- Labuschagne, JP. (2008). Die hermeneutiek van kerkgesiedenis en 'teologiegeskiedenis': 'n 'Nuwe paradigma' vir Kerkgesiedenis. *HTS* , 64 (2), 861-883.
- Little, D 2012. Philosophy of History, *The Stanford Encyclopedia of Philosophy* (Winter 2012 uitgawe), Edward N. Zalta (red.), URL = <http://plato.stanford.edu/archives/win2012/entries/history/>. Laas ontsluit op 03/08/2017: 15:37.
- Loader, J. A. 1984. Ongepubliseerde Phd proefskrif: Die Etiese Ou-Testamentici in Nederland tussen 1870 en 1914. Pretoria: UNISA.
- Loader, JA 1996. 'n Hervormde tradisie as heelmiddel. *HTS* 52/4 566-589.
- Malan, C 1986. Doleansie, Vrije Universiteit en die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, in *Skriflig* 20/80, 42-49.
- Maddox, RL 2011. Methodist Theology, in IA McFarland et al *The Cambridge Dictionary of Christian Theology*, 311-313. Cambridge: Cambridge University Press.

- Maskell, CJD 2010. Revival, Revivalism, in D Patte *The Cambridge Dictionary of Christianity*, 1076-1077. Cambridge: Cambridge University Press.
- McKim, DK 1996. *Westminster dictionary of theological terms*. Westminster: John Knox Press.
- Moorrees, A 1937. *Die Nederduits Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika: 1652 – 1873*. Kaapstad: SA Bybelvereniging.
- Mouton, FA & van Jaarveld, A 2004. "Angry young men": F.A. van Jaarsveld, T.S. van Rooyen and the Afrikaner historiographical polemic of 1953-1954, in *Historia* 49/2, 167-185.
- Murray, A 1868. *Het moderne ongeloof*. Lesing gehou by die YMCA op die 28ste April 1868 te Kaapstad.
- Oberholzer, JP 1988. 1835 – 1838. 'n Kort oorsig oor die aanloop tot die gelofte en die Slag van Bloedrivier, in AD Pont (red.), *Die gelofte van 1838*, 1-26. Pretoria: Kital.
- Oberholzer, JP 1993. Die teologiese eie – aardigheid van die Nederduitsch Hervormde Kerk: vrae en nuanses, in *HTS* 49/4, 870 – 886.
- Oliver, E 2005. Ongepubliseerde Dth-proefskrif: The impact of Christian education on the Zuid-Afrikaansche Republiek., University of South Africa, Pretoria.
- Pont, AD 1955. *Nicholaas Jacobs Van Warmelo*. Utrecht: kemink en zoon.
- Pont, AD 1959. Enkele Aantekeninge by die debat oor die uitleg van die Dordtse Leerreëls wat in 1871 deur Ds. J.J. Kotze van Darling en Ds. Andrew Murray Jnr gevoer is, *HTS* 15/1, 29-38.
- Pont, AD 1963a. Ter begeleiding, in *HTS* 18/4, 131- 132.

Pont, AD 1963b. Oor die kerkwet van 1862, in *HTS* 19/1&2, 36-47.

Pont, AD 1978. *Kerkgeskiedenis*. Pretoria: Kital

Pont, AD 1989. Die Groot Trek en die Kerk, in *HTS* 45/3, 655 – 670.

Pont, AD 1994. Algemene kerkgeskiedenis: 'n Inleiding tot die Nederlandse Kerkgeskiedenis van die beginjare tot 1775, in *HTS Supplementum* 6.

Postma, D [1870] 1963. Geprovoeerde Herinnering, herdruk inn *HTS* 16/2, 133-149.

Pont, AD; Botha SJ; Storm, JMG 1986. *Gedenkalbum: 1866-1986*. Pretoria: NHW-Pers.

Rasker, AJ 1974. *De Nederlandse Hervormde Kerk vanaf 1795*. Kampen: JH Kok.

Rautenbach, CH 1961. Prof. Dr SP Engelbrecht en die Geestelike kultuur van die Afrikaner, in *HTS* 14/2-4, 39.

Reventlow, H. 2010. *History of Biblical Interpretation - Vol. 2: From the Enlightenment to the Twentieth Century*. (L. G. Perdue, Verts.) Atlanta: SBL.

Roessingh, KH 1914. *De modern theologie in Nederland, hare voorbereiding en eerste periode*. Groningen: B van der Kemp.

Pretorius, S P 1986. Ongepubliseerde DD proefskrif: Die Kerkvereniging van 1885: Sy aanloop en mislukking. Universiteit van Pretoria.

Scholten, JH 1870. *De leer der Hervormde Kerk*, Deel 1. Leiden:Academische boekhandel van P Engels.

Scholtz, GD 1951. *Ons Kerknaam*. s.l. s.n.

- Scholtz, GD 1956. *Die Geskiedenis Van Die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk Van Suid Afrika, 1842 - 1885*. Kaapstad: NG Kerkuitgewers
- Scholtz, GD 1957. *Die Geskiedenis Van Die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk Van Suid Afrika, 1885-1910*. Kaapstad: NG Kerkuitgewers
- Sinode van die Nederlands Hervormde Kerk 1806. *Evangelische Gezangen, om nevens het Boek der Psalmen bij den openbaren godsdienst in de Nederlandsche Hervormde Gemeenten gebruikt te worden*. Amsterdam: Johannes Allart
- Spoelstra, B 1963. *Die doppers in Suid-Afrika*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel BPK
- Spoelstra, B 1980: *Beknopte Kergeskiedenis vir Karkisasie*. Potchefstroom: Pro Rege Pers
- Spoelstra, B 1984. 125 jaar na Rustenburg 11 Februarie 1859. *Skriflig* 18/69, 2- 8.
- Spoelstra, C 1915. *Het kerkelijk en godsdienstig leven der boeren na den grooten trek*. Kampen: JH Kok.
- Steenekamo, C 1953. Die Geskiedenis van die naamkwessie “Hervormde” en “Gereformeerd”, in *HTS* 9/3-4, 231 – 248.
- Stoop, JA 1978. Kerkgeskiedenis, in IH Eybers, A Köng & JA Stoop (reds.), *Inleiding in die teologie*, 104-137. Pretoria: NG Kerkboekhandel
- Storm, JGM 1989. *Die Voortrekkerkerk, 1836-1853*. Pretoria: Kital.

- Strauss, PJ 1994. The boer emigrants and their church, in Hofmeyr, JW & Pillay, GJ (reds) *A History of Christianity in South Africa: Volume 1*,93-122. Pretoria: HAUM.
- Van den Berg, J 1995. 'Blijve hun werk': de oude ethischen in historiese konteks. In J. Vasblom, & J. van der Windt (reds.), *Heel de kerk: Enkele visies op die kerk binne die Ethische Richting* (ble. 13-28). Zoetermeer: Boekencentrum.
- Van den Hout, J 2005. Groninger gedachten over verlichting en voortgaande hervorming: P. Hofstede de Groot 'over de beschuldiging teen die leraars der Nederlandsche Hervormde Kerk in deze dagen openlijk ingebracht' (1833), in Broeyer, FGM en Kuiper, DT (reds.), *Is't waar of niet: Ophefmakende publicaties uit die 'lange' negentiende eeuw*. Zoetermeer: Meinema.
- Van der Hoff, D [1871] 1963a. Antwoord aan Veritas, herdruk in HTS 18/4, 167 – 169.
- Van der Hoff, D [1871] 1963a. Antwoord aan ds. Jooste, herdruk in HTS 18/4, 180-188.
- Van der Merwe, JP 2014. Thomas Francois Burgers, in *Litnet*. Verkrygbaar by <http://www.litnet.co.za/thomas-francois-burgers/> Laas ontsluit 04/08/2017 04:13.
- Van der Watt, PB 1977. *Die Nederduitsch Gereformeerde Kerk 1834 – 1866*. Pretoria: NG Kerkhandel
- Van der Watt, PB 1980. *Die Nederduitsch Gereformeerde Kerk, 1924 – 1905*. Pretoria: NG Kerkhandel
- Van der Watt, PB 1987. Herlewing in die Ned. Geref. Kerk – 'n Historiese blik, in *VET* 8/1, 85-96.

Van Jaarsveld, F A 1953. Van apolegetiek en objektiwiteit in ons kerkgeskiedskrywing. Elsiesrivier:s.n.

Van Rinsum, HJ 2006. *Sol Iustitiae en de Kaap: Een gesiedenis van de Utrechtse Universiteit met Zuid-Afrika*. Hilversum: Verloren.

Van Warmelo, N J [1881] 1952. Een herinnering aan ds Dirk Van der Hoff. Herdruk in HTS 9(1), 170-188.

Vischer, L (red) 1963. *A Documentary History of the Faith and Order Movement (1927-1963)*. St. Louis: Bethany Press

Visser, JA 1945. Die kerkgeskil Wakkerstroom-Utrecht, in *HTS* 2/2, 90-99.

Wolmarans, ADW s.a. *Kerkhistoriese Feiten: Bijdrage to de kennis van de gesiedenis van der Ned. Herv. Kerk in Zuid-Afrika* Pretoria: JH de Bussy.

SUMMARY

In this study the accusations of theological liberalism made against the Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika is tested to see if they are historically and theologically justified.

Four incidents, namely the establishment of the Hervormde Kerk in 1842, the schism of the Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika in 1859, the schism of the Dutch Reformed Church in the Transvaal in 1865, and the failed church unification of 1885 are trawled for a sign of theological liberalism.

The only justifiable occurrence of theological liberalism found in this period is in 1865 when the Rev. Dirk Van der Hoff repudiated the Canons of Dordt and the teaching on the election.

It is found that the Hervormde kerk is not a liberal church, but a church that harbours a certain theological diversity. Furthermore it is concluded that a single occurrence (in terms of Rev. Van der Hoff) fundamentally influenced South African ecclesial historiography regarding the Hervormde Kerk and its supposed theological liberalism.

SLEUTELWOORDE

- Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika
- Vrysinnigheid
- Liberaal
- Konfessioneel
- Orthodox
- Nederduits Gereformeerde Kerk
- Gereformeerde Kerk
- Dirk Van der Hoff
- Frans Lion Cachet
- Dirk Postma